# DIE OPVOEDKUNDIG-SIELKUNDIGE EFFEK VAN EGSKEIDING OP DIE WIL- EN MOTIVERINGSLEWE VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

**deur**

**JOëYLENE VAN JAARSVELD**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**

**met spesialisering in Voorligting**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR. I. STRYDOM**

**NOVEMBER 2007**

# VERKLARING

**Studentenommer: 3439-354-4**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat

**"Die opvoedkundig-sielkundige effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare"**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings erken het.

**……………………………. ……………………..**

**Joëylene van Jaarsveld DATUM**

# DANKBETUIGING


***O God, rus my vandag toe met eienskappe wat iets in my sal laat deurskemer van u lewe in my: Die nederigheid wat my sal weerhou van verwaandheid en misplaaste trots; die grasie en sagtheid wat dit vir mense maklik sal maak om met my saam te leef; die toewyding en betroubaarheid wat van my 'n goeie kollega en werknemer sal maak; die deernis en hulpvaardigheid wat vinnig sal raaksien waar en hoe ek ander kan help; die voortdurende bewussyn van u teenwoordigheid, sodat ek regtig alles sal doen soos vir U.***

***WILLIAM BARCLAY***

Ek wil graag die volgende persone bedank en my waardering uitspreek teenoor elkeen wat my ondersteun het en bygdra het om hierdie studie moontlik te maak:

- My studieleier, Dr I Strydom, vir haar bekwame leiding, ervaring, kundigheid geduld en volgehoue motivering
- My eggenoot, Marnus se liefde en aanmoediging
- My ouers, Ernst en Rika se onvoorwaardelike liefde, nie net in my studies nie, maar ook in elke aspek van my lewe, belangstelling, aanmoediging en finansiële ondersteuning
- My skoonouers, Fred en Ina se liefde, aanmoediging en ondersteuning
- Karlien de Beer wat relevante kennisbronne met betrekking tot my navorsing ontsluit het
- Anneke Brits en Renée Kruger vir die taal-en tegniesie versorging
- Die deelnemers wat bereid was om aan my studie deel te neem
- Soveel dierbare vriende en familie se bemoediging

# OPSOMMING

Die doel van hierdie ondersoek is om die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare te bepaal. Daar word ook bepaal watter instrumente aangepas en gebruik kan word om die effek van egskeiding te bepaal. Voorts word daar ondersoek ingestel na die wyses waarop die opvoedkundige sielkundige beter toegerus kan word om die kind se aanpassing tydens en na die egskeidingsproses te fasiliteer.

'n Literatuurstudie is onderneem om die teoretiese konteks van die effek van egskeiding te bepaal. 'n Ondersoek is ook gedoen na die kind in die middelkinderjare se kognitiewe ontwikkeling, wat lig kan werp op hierdie kind se reaksies tydens die egskeidingsproses.

Die resultate van die empiriese ondersoek het getoon dat die kind tydens die egskeidingsproses intrinsieke motivering kan toon. Dit is egter die eksterne faktore wat met die egskeidingsproses gepaardgaan, wat kan veroorsaak dat die kind se wil en motivering afneem.

**Sleutelterme:** Egskeidingsproses, middelkinderjare, kognitiewe ontwikkeling, wil- en motiveringslewe, eksterne faktore, instrumente, opvoedkundige sielkundige, fasiliteer, aanpassing.

# SUMMARY

The purpose of this research is to determine the effect of divorce on the will and motivation of the child in the middle childhood phase. Instruments are identified for adaptation and use in determining the effect of divorce. In addition, ways of equipping the educational psychologist to facilitate the child's adjustment during and after the divorce process are examined.

A literature study was undertaken to determine the theoretical context of the effect of divorce. A study was also undertaken of the cognitive development of the child in the middle childhood phase, which could shed some light on the reactions of the child during the divorce of his or her parents.

The results of the empirical investigation showed that the child in the middle childhood phase can exhibit intrinsic motivation during the divorce process. It is, however, the external factors accompanying divorce that could cause the child to display a reduced will or motivation.

**Key words:** divorce process, middle childhood phase, cognitive development, will, motivation, external factors, instruments, educational psychologist, facilitate, child's adjustment.

**INHOUDSOPGAWE** **BLADSY**


**1 HOOFSTUK 1: INLEIDENDE ORIËNTERING ........ 1**

**1.1 AGTERGROND ........ 1**

**1.2 ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM ........ 2**
1.2.1 Bewuswording van die probleem ........ 2
1.2.2 Verkenning van die probleem ........ 3

**1.3 PROBLEEMSTELLING ........ 5**

**1.4 DOELSTELLING ........ 5**
1.4.1 Algemene doelstellings ........ 5
1.4.2 Spesifieke doelstelling ........ 6

**1.5 NAVORSINGSMETODE ........ 6**
1.5.1 Projeksietegnieke ........ 7
1.5.2 Vraelyste ........ 8

**1.6 DIE AFBAKENING VAN DIE TERREIN ........ 8**
1.6.1 Literatuurstudie ........ 8
1.6.2 Empiriese ondersoek ........ 9

**1.7 BEGRIPSOMSKRYWING ........ 9**

**1.8 NAVORSINGSPROGRAM ........ 12**

**1.9 SAMEVATTING ........ 13**

**2 HOOFSTUK 2: EGSKEIDING EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE ........ 14**

**2.1 INLEIDING ........ 14**

**2.2 DIE EFFEK VAN DIE EGSKEIDINGSPROSES ........ 15**

**2.3 FAKTORE WAT DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE SE AANPASSING BY SY OUERS SE EGSKEIDING BEÏNVLOED ........ 18**
2.3.1 Interne faktore ........ 18
*2.3.1.1 Die ontwikkeling en ouderdom van die kind ........ 18*
*2.3.1.2 Die geslag van die kind ........ 19*
*2.3.1.3 Die kind se temperament ........ 20*
*2.3.1.4 Die kind se intrinsieke motivering ........ 20*

2.3.2 Eksterne faktore ... 21
*2.3.2.1 Omgewingsverandering ... 21*
*2.3.2.2 Sosiale ondersteuningstelsel ... 22*
*a Konflik tussen ouers tydens en na die egskeidingsproses ... 22*
*b Ouers se aanpassing in verband met die egskeidingsproses ... 23*
*c Volgehoue kontak met beide ouers na die egskeidingsproses ... 23*
*d Effektiewe kommunikasie tussen ouer en kind tydens die egskeidingsproses ... 24*

**2.4 SELFDETERMINASIETEORIE ... 25**

**2.5 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE ... 28**

**2.6 DIE KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE ... 30**

**2.7 DIE DELE VAN DIE BREIN ... 31**
2.7.1 Die voorbrein ... 31
*2.7.1.1 Die serebrale korteks ... 31*
*2.7.1.2 Die limbiese sisteem ... 31*
2.7.2 Die middelbrein ... 32
2.7.3 Die agterbrein ... 33
*2.7.3.1 Die serebellum ... 33*
*2.7.3.2 Die pons ... 33*
*2.7.3.3 Die medulla oblongata ... 33*

**2.8 DIE ONTWIKKELING VAN DIE BREIN ... 35**

**2.9 TEN SLOTTE ... 39**

**3 HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP ... 41**

**3.1 INLEIDING ... 41**

**3.2 NAVORSINGSPROBLEEM ... 42**

**3.3 NAVORSINGSDOEL ... 42**

**3.4 NAVORSINGSMETODE ... 43**
3.4.1 Inleiding ... 43
3.4.2 Die gebruik van kwalitatiewe navorsing ... 43
3.4.3 Die ondersoekmetode ... 44
*3.4.3.1 Deelnemers ... 44*

*3.4.3.2 Projeksietegnieke ... 46*
*a Menstekening (draw a person – DAP) ... 46*
*b Kinestetiese gesinstekening (kinetic family drawing - KFD) ... 47*
*c Tematiese apersepsietoets (TAT) ... 48*
*d Sinsvoltooiing ... 53*
*e Drie wense ... 54*
*f Observasie ... 54*
*g Data-analise ... 54*
*h Vraelyste ... 57*
- *Die Intrinsiekemotiveringsvraelys (Intrinsic Motivation Inventory - IMI – sien bylaag A)*
- Selfregulasievraelys (Self Regulation Questionnaire – SRQ - sien bylaag A)

*i Die onderhoud ... 60*

**3.5 KREDIETWAARDIGHEID EN BETROUBAARHEID ... 61**
3.5.1 Inleiding ... 61
3.5.2 Kredietwaardigheid ... 61
3.5.3 Betroubaarheid ... 61

**3.6 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK ... 62**
3.6.1 Inleiding ... 62
3.6.2 Profiel van die deelnemers ... 63
3.6.3 Projeksiemedia ... 64
3.6.4. Vraelyste ... 90
3.6.5 Samevatting ... 92

**3.7 OPSOMMING VAN VRAELYSTE ... 97**

**3.8 TEN SLOTTE ... 98**

**4 HOOFSTUK 4: SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS WAT DAARUIT VOORTSPRUIT ... 99**

**4.1 INLEIDING ... 99**

**4.2 SAMEVATTING VAN EN BEVINDINGE OP GROND VAN DIE LITERATUURSTUDIE, EN AANBEVELINGS WAT DAARUIT VOORTSPRUIT ... 100**
4.2.1 Samevatting van die literatuur ... 100
4.2.2 Bevindinge op grond van die literatuur ... 102
4.2.3 Aanbevelings ten opsigte van die literatuurstudie wat onderneem is ... 106

**4.3 SAMEVATTING VAN EN BEVINDINGE OP GROND VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK, EN AANBEVELINGS WAT DAARUIT VOORTSPRUIT ........ 107**
4.3.1 Samevatting van die empiriese ondersoek ........ 107
4.3.2 Bevindinge op grond van die empiriese ondersoek ........ 108
4.3.3 Aanbevelings op grond van die empiriese ondersoek ........ 109

**4.4 PROBLEME WAT TYDENS DIE ONDERSOEK ONDERVIND IS ........ 111**

**4.5 ASPEKTE WAT VERDERE NAVORSING REGVERDIG ........ 112**

**4.6 TEN SLOTTE ........ 112**

**BIBLIOGRAFIE ........ 114**

**BYLAAG A: VOORBEELDE VAN VRAELYSTE ........ 120**

**Indeks van figure**

Figuur 2.1 – 'n Skematiese voorstelling van die RAS (Sternberg 2004:81) ........ 32
Figuur 2.2 – Voorstelling van die voorbrein, middelbrein en agterbrein en die bestaande strukture waaruit dit bestaan (Sternberg 2004:78) ........ 34
Figuur 2.3 – Skematiese voorstelling van vermeerdering en afsterwe van nuwe verbindings in die brein wat deur neurone gevorm word (Wallis 2004:51) ........ 36
Figuur 2.4 – Voorstelling van die rigting waarin die ontwikkeling van die brein plaasvind. (Wallis 2004:50) ........ 37

**Indeks van tabelle**

Tabel 3.1 Voorbeeld van die koderingsproses van response op projeksiekaarte ........ 56
Tabel 3.2 Biografiese inligting oor deelnemers ........ 63
Tabel 3.3 Deelnemer A – Temas uit verskillende media afgelei ........ 65
Tabel 3.4 Deelnemer B – Temas uit verskillende media afgelei ........ 72
Tabel 3.5 Deelnemer C – Temas uit verskillende media afgelei ........ 80
Tabel 3.6 Opsomming van temas wat herhaaldelik voorgekom het by deeelnemers A, B en C ........ 90
Tabel 3.7 Intrinsiekemotiveringsvraelys – deel 1: Taakgerigte evalueringsvraelys ........ 93
Tabel 3.8 Intrinsiekemotiveringsvraelys – deel 2: Aktiwiteitpersepsievraelys ........ 94
Tabel 3.9 Selfregulasievraelys – deel 1: Akademiese selfregulasievraelys ........ 96
Tabel 3.10 Selfregulasievraelys – deel 2: Prososiale selfregulasievraelys ........ 97

# HOOFSTUK 1

## INLEIDENDE ORIËNTERING

### 1.1 AGTERGROND

**"There comes a point in marriage, when it's too much work and not enough love" (Harvey & Fine 2004:33)**

Miljoene mense word daagliks in die samelewing geraak deur egskeiding. Ongeag 'n individu se ras, herkoms, voorkoms, geslag, kultuur of ouderdom, is niemand immuun teen egskeiding nie. Vandag kan die samelewing as 'n "egskeidingskultuur" beskryf word. Die omgewing, wat die gemeenskap waarin die individu hom/haar bevind, insluit, vorm deel van die "egskeidingskultuur". In die "egskeidingskultuur" word mense elke dag geraak deur die intense gevoelens wat met die verbrokkeling van 'n gesinsisteem gepaardgaan.

Vir die individue binne 'n gesinsisteem is egskeiding 'n tydperk van verlies, hartseer, ontkenning en alleenheid. Al die lede van die gesinsisteem word geraak deur die egskeidingsproses, wat gepaardgaan met verskeie veranderinge. Hierdie veranderinge beïnvloed al die gesinslede in die gesinsisteem.

Weens die intense gevoelens van hartseer, verlies, alleenheid, verwerping en verwarring wat tydens 'n egskeiding beleef word, kan lede van 'n gesinsisteem wat deel van die egskeidingsproses uitmaak, potensiële kandidate wees om in sielkundiges se spreek-kamers te beland. 'n Aanduiding daarvan is dat kinders wat egskeiding beleef het, meer probleme in die skool ondervind, gedragsprobleme openbaar en probleme ondervind om 'n positiewe verhouding te hê met albei ouers (Harvey & Fine 2004:15). "Children of divorced parents also experience higher rates of a number of different problems, such as internalizing behavior (anxiety; depression), externalizing problems (behavior problems) and poor school performance" (Harvey & Fine 2004:3).

Kinders belewe die egskeidingsproses net so intens soos die volwassenes wat by die egskeidingsproses betrokke is en, "…it is intended to imply that children get divorced as well as adults" (Butler, Scanlan, Robinson, Douglas & Murch 2003:16).

Die kinders belewe elke aspek van die veranderinge wat met die egskeidingsproses gepaardgaan. Elke faset van die kind (kognitief, affektief, sosiaal en konatief) word hierdeur geaffekteer en maak deel uit van die kind se betrokkenheid by, belewinge van en betekenisgewing aan die egskeidingsproses.

Die egskeidingsproses word beleef as 'n "…period of emotional turmoil and stress which temporarily disturbs normal psychological equilibrium" (Butler et al 2003:185) en "… initial feeling of shock, disbelief or bewilderment, a degree of anxiety about the future" (Butler et al 2003:186).

In die volgende afdeling word die probleem rondom die effek van egskeiding op die kind in die gesin ontleed.

## 1.2 ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM

### 1.2.1 Bewuswording van die probleem

'n Voorlopige literatuurstudie het bevestig dat egskeiding wel 'n effek op die kind se lewe het. Smith (1999:17) skryf: "Most children remember how and when they were told many years afterwards because for many of them it was the biggest trauma they had ever experienced". Meyer (1999:200) sluit hierby aan wanneer sy sê dat kinders nie die oorsaak van die egskeiding is nie, maar wel die slagoffers van die egskeidingsproses. Die kind het nie die mag om aan egskeiding te ontsnap, of om sy/haar omstandighede te verander nie. Die kind is vasgevang in hierdie gebeurtenis en al die veranderinge wat daarmee gepaardgaan. Die egskeidingsproses word dus deel van die kind, en dit kan 'n effek hê op al die aspekte van sy/haar lewe.

Die bestudering van gevallestudies deur professionele persone wat met kinders uit gebroke gesinsisteme gewerk het, het vrae by hierdie navorser laat ontstaan, byvoorbeeld: "Wat is die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare?" "Hoe kan die opvoedkundige sielkundige die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare bepaal?"

### 1.2.2 Verkenning van die probleem

Die literatuur toon dat daar 'n hoë insidensie van egskeiding voorkom in Suid-Afrika. Volgens Salzwedel (2004:17) bestaan amptelike egskeidingstatistiek nog nie in Suid-Afrika nie, maar volgens die klerk van die Pretoriase hooggeregshof voltrek die hof tussen 280 en 300 egskeidings elke Vrydag. In Alberton skat die balju dat hy gemiddeld vyf dagvaardings vir egskeiding per dag beteken. Volgens 'n skoolhoof in Centurion is sowat 300 van die 1 300 kinders in die skool uit gebroke huise. Dit wil dus voorkom asof 'n groot aantal gesinsisteme vernietig word deur egskeiding. Die gesinsisteem bestaan uit verskeie unieke individue. Elke unieke individu in die gesinsisteem word deur hierdie traumatiese gebeurtenis geaffekteer – ook die kind.

Die huidige hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika kan 'n effek op die land se toekoms hê aangesien die kind midde-in die egskeiding staan en sy/haar ontwikkeling tot 'n jong volwassene wat moontlik 'n positiewe bydrae tot die samelewing sou kon lewer, geaffekteer mag word. Egskeiding het volgens Rogers (2004:139) 'n invloed op die kind se kognisie en sosiale interaksies. Egskeiding word ook geassosieer met swak akademiese prestasie en 'n swak selfbeeld (Dreman 2000:41). Wanneer egskeiding plaasvind, kan kinders vertroue in hulleself verloor en hulle aan daaglikse aktiwiteite onttrek. Dit kan ook moontlik aggressie, depressie en konsentrasieprobleme veroorsaak (Smit 1999:33). Min selfvertroue en 'n swak selfbeeld kan die motivering, selfdeterminasie en volisie van die kind beïnvloed. Die kind se motivering om keuses te doen en spesifieke doelwitte te bereik, word nadelig beïnvloed.

Dit blyk dus dat egskeiding 'n effek het op al die ontwikkelingsfasette van kindwees, naamlik die kognitiewe, affektiewe, normatiewe en konatiewe faset – waar die volle ontwikkeling van hierdie aspekte van die kind 'n bydrae sou kon lewer tot die selfaktualisering van die kind as 'n potensieel gebalanseerde jong volwassene.

Volgens die literatuur strek die middelkinderjare van die ouderdom 7 tot 12 jaar. Volgens Piaget (Louw, Van Ede & Louw 1998:331) se formeel operasionele fase van die kognitiewe ontwikkeling word daar beweer dat abstrakte denke vanaf elfjarige ouderdom begin ontwikkel. Die middelkinderjare is die eerste tree op die pad na selfaktualisering.

In die middelkinderjare ontwikkel fasette wat deel van die persoonlikheidsontwikkeling uitmaak, soos die selfkonsep, emosionele ontwikkeling en die ontwikkeling van sensitiwiteit (Louw et al 1998:348). Hierdie studie fokus op die kind in die middelkinderjare vanaf elf- tot twaalfjarige ouderdom, omdat hy/sy volgens ontwikkelingsvereistes nou al die vermoë het om abstrak en logies te dink en so afleidings te maak.

Volgens Louw et al (1998:354) is die gesin steeds die plek wat vir die kind in die middelkinderjare die meeste sekuriteit bied. Egskeiding bedreig hierdie sekuriteit, want een van die ouers val weg uit hierdie eenheid. Die kind verloor dus een van hierdie steunpilare waaraan hy/sy gewoond was. McCabe (1995:170) beskryf egskeiding as “an injury to the security of an intact family”. Volgens Maslow (Meyer, Moore & Viljoen 1997:462) se hiëragie van behoeftes is sekuriteit en ‘n gevoel van veiligheid een van die behoeftes waarin daar voorsien moet word voordat die mens hom of haar kan optimaliseer. Egskeiding bedreig die kind in die middelkinderjare se gevoelens van sekuriteit en veiligheid en vertraag die proses van selfoptimalisering. Wanneer die kind onveilig voel, het hy/sy dalk nie die nodige waagmoed om keuses te doen ten opsigte van doelwitbereiking nie.

Die Selfdeterminasieteorie (SDT) (Ryan & Deci 2000b:68) fokus op die graad waarin menslike gedrag volisie en selfdeterminasie toon (www.psych.rochester.edu). Die begrip ‘volisie’ word later toegelig. Die Selfdeterminasieteorie is nie net besorg oor die spesifieke ontwikkeling van positiewe geneigdheid in die mens nie, maar verwys ook na sosiale omgewings wat ongunstig is vir hierdie positiewe neiging van die mens (Ryan & Deci 2000b:69). Wanneer egskeiding plaasvind, laat die gepaardgaande veranderinge gevoelens van onveiligheid, minderwaardigheid en ‘n gebrek aan selfvertroue ontstaan. Dit kan dan moontlik menslike volisie en selfdeterminasie beïnvloed. “Human beings can be proactive and engaged or, alternatively, passive and alienated, largely as a function of the social conditions in which they develop and function” (Ryan & Deci 2000b:68). Wanneer die kind oor min volisie beskik, kan dit wees dat daar min keuses uitgeoefen word om doelwitte te bereik en die motiveringsdrang om by aktiwiteite betrokke te raak, deel te neem en daaraan betekenis te gee, ontbreek. Volisie is dus die vermoë om willekeurige gedrag sonder eksterne dwang te openbaar. Hierdie begrip word later in die hoofstuk omvattender beskryf.

Uit die voorafgaande kan die volgende rigtinggewende navorsingsvraag geformuleer word:

- Kan die opvoedkundige sielkundige die effek van die egskeidingsproses op die konatiewe ontwikkeling van die elf- en twaalfjarige kind gedurende die eerste 24 maande na egskeiding bepaal?

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Daar is bewyse dat egskeiding 'n effek het op verskeie fasette van kindwees. Die wisselwerking tussen al hierdie fasette is nodig vir die kind om by aktiwiteite betrokke te raak, daaraan deel te neem en betekenis daaraan te gee, en sodoende selfaktualisering te bereik. Wanneer egskeiding 'n invloed op die kind uitoefen en veranderinge in die kind se selfbeeld, selfvertoue, motivering en prestasies bespeur word, kan die samelewing dit as probleemgedrag waarneem. Die kind word dan na die opvoedkundige sielkundige verwys om hulp te bekom. In die lig hiervan word 'n sekondêre navorsingsprobleem geformuleer: "Dit kom voor asof daar nie spesifieke instrumente vir die opvoedkundige sielkundige bestaan ten einde die effek van egskeiding op die konatiewe ontwikkeling (volisie) van die kind in die middelkinderjare te identifiseer nie."

## 1.4 DOELSTELLING

### 1.4.1 Algemene doelstellings

Tydens die literatuurstudie sal die hoofdoelstellings wees om te bepaal:

- wat in die literatuur opgeteken is ten opsigte van die invloed van egskeiding op die kind se wil- en motiveringslewe.
- watter instrumente of moontlike metodes aangepas en gebruik kan word om die opvoedkundige sielkundige in staat te stel om die aard en kwaliteit van die kind se wil- en motiveringslewe na die eerste 24 maande na egskeiding te bepaal.

### 1.4.2 Spesifieke doelstelling

Die spesifieke doelstelling in hierdie navorsingsprojek is om te bepaal op watter wyse die geïdentifiseerde media gebruik kan word om die aard van die kind in die middelkinderjare se wil- en motiveringslewe (volisie) te bepaal.

Die uiteindelike doel is om die opvoedkundige sielkundige beter toe te rus wanneer hy of sy met kinders werk – in die besonder wanneer hy of sy ondersoek instel na die invloed van egskeiding op die wil- en motiveringslewe. Hierdie inligting kan gebruik word om, nadat assessering plaasgevind het, die opvoedkundige sielkundige se behandelings-metodes te rig.

## 1.5 NAVORSINGSMETODE

‘n Literatuurstudie word eerstens onderneem om vas te stel wat in die literatuur oor die onderwerp geskryf is en watter gedragseienskappe opvoedkundige sielkundiges by die kind in die middelkinderjare kan identifiseer om te bepaal of egskeiding ‘n effek op die kind se wil- en motiveringslewe het. Dit word opgevolg deur kwalitatiewe navorsing.

Colman (2006:627) verduidelik dat kwalitatiewe navorsing nie fokus op numeriese data nie, maar op die essensie van die fenomeen (Thomas & Nelson 2001:333). Volgens Van der Merwe in Meyer (2003:7) gaan kwalitatiewe navorsing by uitstek daaroor om menslike gedrag en ervaring beter te verstaan. Deur middel van empiriese navorsing kan konkrete gevalle van menslike gedrag bestudeer word ten einde te besin oor die gedragseienskappe van die kind in die middelkinderjare wat die egskeidingsproses reeds beleef het.

Tydens die kwalitatiewe navorsingsproses word die volgende navorsingsmetodes geïmplementeer:

- projeksietegnieke
- die Intrinsiekemotiveringsvraelys van Ryan en Deci (1994, aangepas deur Ryan & Deci 2000a).

- die Selfregulasievraelys van Ryan en Connell (1989, aangepas deur Ryan & Deci 2000b).

Vervolgens word die instrumente/media wat tydens die proses van kwalitatiewe navorsing gebruik gaan word asook die doel van die instrumente/media beskryf.

### 1.5.1 Projeksietegnieke

‘n Projeksiemetode kan beskryf word as ‘n tegniek van persoonlikheidsassessering waarby verskeie afleidings oor die deelnemer se persoonlikheid gemaak word. Hierdie persoonlikheidsassessering vorm die basis van deelname aan ‘n taak waartydens ‘n bepaalde struktuur aan relatief ongestruktureerde of onvoltooide stimuli gegee moet word (Cohen & Swerdlik 2002:367). Die doel van projeksiemedia is om “dieper” in die kind se ervaringswêreld in te dring (Van Niekerk 1990:49). Die projeksietegniek bied die geleentheid om elke deelnemer se unieke betrokkenheid, betekenisgewing en belewinge in ag te neem.

Die instrumente/media wat as projeksietegnieke gebruik word, sal ‘n aanduiding gee van die algemene beeld wat die kind in die middelkinderjare van die mens gevorm het op grond van verhoudings wat hy of sy met hom- of haarself en ander persone gevestig het. Die projeksietegnieke gee ‘n aanduiding van die kind in die middelkinderjare se beskouing van sy of haar gesinstrukture en die patrone wat daar in die gesinsisteem bestaan. Die projeksietegnieke wat die navorser tydens die empiriese ondersoek gebruik, sluit die volgende in:

- tekeninge, naamlik menstekening en kinestetiese gesinstekening
- onvoltooide sinne
- drie wense
- tematiese apersepsietoetse

Daar sal meer oor bogenoemde gesê word in hoofstuk 3.

### 1.5.2 Vraelyste

‘n Vraelys bestaan uit ‘n reeks vrae wat ‘n enkele onderwerp of ‘n paar verwante onderwerpe dek en deur ‘n deelnemer beantwoord moet word. Vraelyste kan gebruik word in die meting van belangstellings, houdings, menings en persoonlikheidseienskappe (Plug, Louw, Gouws & Meyer 2007:408).

Die Intrinsiekemotiverings- en Selfregulasievraelys word voltooi deur die kind in die middelkinderjare vanaf die ouderdom elf tot twaalf jaar. Sodoende word bepaal wat die kind se belewinge ten opsigte van hom- of haarself en die egskeidingsproses is, asook sy of haar betekenisgewing aan die egskeidingsproses. Die kind in die middelkinderjare se belewinge van en betekenisgewing aan die egskeidingsproses kan bepaal of die egskeiding ‘n invloed op die kind se wil- en motiveringslewe sal hê en of terapeutiese ingrepe beplan moet word.

Die doel van die navorsing is kortliks uiteengesit en daar is verwys na die navorsingsmetode waarvan gebruik gemaak sal word. In die volgende afdeling word die afbakening van die navorsing bespreek.

## 1.6 DIE AFBAKENING VAN DIE TERREIN

### 1.6.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie fokus op die oopvlek van die volgende begrippe:

- die kind in die middelkinderjare
- egskeiding
- die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare
- wyses waarop die effek van egskeiding op die kind in die middelkinderjare gemeet kan word

### 1.6.2 Empiriese ondersoek

Die volgende word aangaande die empiriese ondersoek uitgelig:

- Die kwalitatiewe navorsingsproses fokus daarop om die motiveringslewe van die kind wat in die middelkinderjare aan egskeiding blootgestel is, te assesseer. Volgens Piaget het die kind op elfjarige ouderdom reeds abstrakte denkvaardighede ontwikkel en is dit ook ‘n kritieke periode vir die ontwikkeling van ‘n selfkonsep. Om dié rede sluit die ondersoek slegs die kind tussen die ouderdom elf en twaalf jaar in.
- Slegs kinders wat hulle in die eerste 24 maande na die egskeidingsproses bevind, word vir die ondersoek betrek.
- Die ondersoek fokus slegs op die effek van egskeiding op die konatiewe aspek van die kind in die middelkinderjare en op watter wyse dit die kind se betrokkenheid by aktiwiteite beïnvloed.
- Die effek van egskeiding op die elf- en twaalfjarige kind word bepaal deur middel van die volgende sielkundige media:
    - projeksietegnieke soos tekeninge, onvoltooide sinne, drie wense en tematiese apersepsietoetse om die elf- en twaalfjarige kind se innerlike belewenisse ten opsigte van ‘n spesifieke situasie te bepaal
    - Intrinsiekemotiveringsvraelys om die elf- en twaalfjarige kind se belangstelling, waarneembare vaardigheid, poging, waardebepaling, drukking en spanning te bepaal wanneer hy of sy aan ‘n gegewe aktiwiteit deelneem
    - Selfregulasievraelys, wat onderskei tussen verskillende gedragsregulasies om intrinsieke motivering en selfdeterminasie te bepaal

- Uit hierdie bevindinge sal die opvoedkundige sielkundige kan aflei op watter wyse terapeutiese hulp aan die elf- en twaalfjarige kind verleen kan word.

## 1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

Enkele begrippe speel ‘n kernrol in hierdie studie en word vervolgens kortliks toegelig:

- **Egskeiding:** Wanneer daar in hierdie verhandeling van beperkte omvang na egskeiding verwys word, word die betekenis van die "ontbinding van 'n huwelik deur 'n hof" (*HAT* 2000:195) daaraan geheg.

- **Middelkinderjare:** Louw et al (1998:326) beskryf die middelkinderjare as die tydperk ongeveer tussen die sesde en die twaalfde lewensjaar. In hierdie verhandeling van beperkte omvang val die klem op elf- en twaalfjariges. Die rede vir hierdie beperkte omvang is dat die kind in hierdie tydperk reeds abstrakte vlakke van denke ontwikkel het. Egskeiding het egter nie slegs tydens hierdie periode 'n moontlike effek op die konatiewe ontwikkeling van die kind nie, en daar is baie ruimte vir uitbreiding. Ter wille van die leesbaarheid van die teks word slegs die manlike vorm van die voornaamwoord (hy/sy/hom) voortaan in hierdie skrywe gebruik. Die manlike vorm verwys dus na die kind, ongeag die geslag.

- **Konatief:** Wanneer die konatiewe faset van die kind in die middelkinderjare omskryf word, word daar verwys na die aspekte en funksies wat verband hou met doelgerigte en willekeurige gedrag en die impuls om op te tree (Plug et al 1997:185) – "the psychological processes involved in purposeful action" (Colman 2006:157). Die woord is afgelei van die Latynse woord *conatus*, "which indicate attempt, undertaking, or effort" (Colman 2006:157). Hierdie navorsingsverslag se beperkte omvang ontken egter nie die belangrikheid van die ander fasette wat tot die kind se ontwikkeling in die middelkinderjare bydra nie.

- **Selfaktualisering:** Vrey (Unisa 2003:30) definieer selfaktualisering as "die persoon se doelbewuste pogings om al die latente potensiële moontlikhede van die self te realiseer". Dit sluit al die terreine van fisiese vaardighede, verstandelike vermoëns, gevoelsbelewing en sedelike bewussyn in, sodat die persoon sy/haar menslike selfheid kan verwerklik. Volgens Vrey is een van die voorwaardes vir selfaktualisering dat 'n persoon volledig by die selfaktualiseringstaak betrokke moet wees (Unisa 2003:20). Indien 'n persoon 'n negatiewe selfkonsep het en homself as verworpe, onbekwaam, ongerespekteerd en ongeag beleef, verhinder hierdie negatiewe selfkonsep toereikende selfaktualisering. Dit is moontlik dat egskeiding kan bydra tot die belewing van bogenoemde gevoelens by die kind in die middelkinderjare.

As die kind in die middelkinderjare sommige van genoemde gevoelens as gevolg van egskeiding beleef, kan dit moontlik 'n effek hê op sy selfaktualisering en dus ook op sy persoonlikheidsontwikkeling. Engelbrecht (2002:18) bevestig dit deur te sê dat selfaktualisering en die selfkonsep nou saamhang met die persoon se persoonlikheidsontwikkeling, en dat trauma 'n nadelige invloed, meestal van langdurige aard, op die persoonlikheidsontwikkeling kan uitoefen. Hierdie studie fokus dus op die kind in die middelkinderjare wat egskeiding reeds beleef het en besig is met die pad na selfaktualisering.

- **Volisie:** Plug et al (1997:404) definieer volisie as "'n organisme se vermoë om te wil, dit wil sê om besluite sonder eksterne dwang te neem". Die organisme se vermoë om te wil, sluit die proses van besluitneming in, asook handeling volgens die besluit.

- **Sisteem:** Volgens Van der Westhuizen (2003:22) is "sisteem" 'n konsep wat verwys na die geheel wat bestaan uit eenhede wat in verhouding tot mekaar staan en in interaksie met mekaar verkeer. Elke element waaruit die sisteem bestaan, word geaffekteer deur wat met 'n ander element gebeur. In hierdie verhandeling van beperkte omvang word daar gefokus op die gesin as 'n sisteem. Volgens Engelbrecht (2002:43) se studie blyk dit dat die gesin 'n baie belangrike deel van die kind se lewe uitmaak, want dit is binne die gesin dat sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling plaasvind.

- **Opvoedkundige Sielkundige:** Vir doeleindes van hierdie studie word die begrip binne die veld van opvoedkundige sielkunde soos gedefinieer deur die Universiteit van Suid-Afrika gebruik. Die studie beoog om inligting en kennis aan opvoedkundige sielkundiges te verskaf oor die instrumente/media wat aangewend kan word om die aard en kwaliteit van die kind se wil- en motiveringslewe te bepaal, asook die wyse waarop so 'n ondersoekproses kan verloop.

Volgens Van Niekerk (1988:33) moet die opvoedkundige sielkundige nie slegs problematiese gedrag identifiseer nie, maar ook die praktiese behandeling daarvan aanwys en op die proef stel.

Daar is dus baie ruimte vir die uitbreiding van hierdie studie, aangesien opvoedkundige sielkundiges moontlik riglyne nodig sal hê wanneer die studie bepaal of egskeiding 'n effek het op die konatiewe ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare en op watter wyse hierdie invloed wetenskaplik bepaal kan word.

## 1.8 NAVORSINGSPROGRAM

Die navorsingsprogram verskaf die struktuur vir die navorsingsplan. Hierdie verhandeling van beperkte omvang word in vier hoofstukke ingedeel.

Hoofstuk 1 bestaan uit 'n inleidende oriëntering wat die rasionaal vir die spesifieke studie verskaf. Die leser word bewus gemaak van wat tot die studie aanleiding gegee het. 'n Voorlopige literatuurstudie word verskaf waarvolgens die probleemstelling geformuleer word, en beide algemene en spesifieke doelstellings wat deur middel van die studie bereik wil word, gestel is. Navorsingsmetodes word bekend gemaak en begrippe word omskryf, sodat daar duidelikheid bestaan oor die wyse waarop die begrippe in die studie aangewend sal word.

Hoofstuk 2 behels 'n literatuurstudie ten opsigte van die onderwerp en bevat relevante inligting oor die literatuur wat geraadpleeg is in die soeke na meer kennis en inligting oor die effek van egskeiding op die wils- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare. Die begrippe "kind in die middelkinderjare" word verken, waarna aandag gegee word aan die omvang en aard van egskeiding, faktore wat aanleiding kan gee tot probleem- of wangedrag na egskeiding, die effek van egskeiding op die wils- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare, en selfdeterminasie asook bepaalde aspekte daarvan.

In hoofstuk 3 word die navorsingsontwerp uiteengesit. Tydens die toepassing van kwalitatiewe navorsingsmetodes word onder meer gekyk na die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare.

Tydens die kwalitatiewe navorsingsproses word instrumente en media geïmplementeer wat 'n bydrae kan lewer in die verkenning van die komplekse realiteite wat verband hou met die effek van egskeiding op die kind in die middelkinderjare.

Hierdie inligting kan in die opvoedkundig-sielkundige praktyk aangewend word, veral ten opsigte van media wat geïmplementeer kan word om die motiveringslewe van die kind te verken.

Hoofstuk 4 bied 'n sinvolle samevatting van dit wat in die navorsingstudie van beperkte omvang na vore kom, asook aanbevelings wat hiermee verband hou.

## 1.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is beskryf hoe die navorser van die probleem bewus geword het. Die probleem is verder verken deur 'n voorlopige literatuurstudie om 'n navorsingsvraag te formuleer. Die navorsingsvraag het die doel en doelstellings wat geformuleer is, bepaal. Doelstellings is geformuleer om die navorser se doel en voornemens in verband met hierdie navorsingstudie duidelik uiteen te sit.

Die navorsing wat onderneem word, is in hierdie hoofstuk beskryf, en sluit in die navorsingsproses, die navorsingsmetode en die afbakening van die navorsingsmetode.

In die volgende hoofstuk word die bevindings van die literatuurstudie wat vir hierdie ondersoek onderneem is, vervat.

# HOOFSTUK 2

## EGSKEIDING EN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

### 2.1 INLEIDING

**"Kinders wat die egskeiding van hulle ouers beleef, is geneig om baie alleen en anders te voel, anders as ander kinders en anders as hulle ouers" (Whiteman 2007:19).**

Egskeiding is geen onbekende term nie. Soos in hoofstuk 1 vermeld, kan die begrip gedefinieer word as die "ontbinding van 'n huwelik deur 'n hof". Die proses begin egter wanneer een van die huweliksmaats die huis verlaat of wanneer hulle dit vir die eerste keer bekend maak dat hulle van voorneme is om die huwelik te beëindig. Dit is die beginpunt van die egskeidingsproses (Butler et al 2003:9). Die egskeidingsproses lui vir elke lid van die gesin 'n tydperk van drastiese en totale verandering in.

In hierdie hoofstuk word die verskillende teoretiese begrippe wat 'n kernrol in die navorsing speel, van naderby bekyk en gedefinieer. In die eerste helfte word die egskeidingsproses, die fases van die egskeidingsproses, die effek van die egskeidingsproses en interne en eksterne faktore wat die aanpassing van die kind in die middelkinderjare tydens en na die egskeidingsproses beïnvloed, bespreek. In die tweede helfte van die hoofstuk word die kognitiewe ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare, die verskillende dele van die brein, naamlik die voorbrein, middelbrein en agterbrein, asook die ontwikkeling van die brein van naderby bekyk. Die ontwikkeling van die brein kan bepaalde gedrag wat die kind in die middelkinderjare tydens en na die egskeidingsproses openbaar, vir die opvoedkundige sielkundige verklaar. Dit kan dan 'n positiewe bydrae tot die terapeutiese intervensie lewer.

Die egskeidingsproses kan in verskillende fases verdeel word. Hierdie fases gee 'n aanduiding van die veranderinge wat plaasvind in die rolle, roetines en verantwoordelikhede binne die gesinsisteem (Louw et al 1998:359)**.**

Hierdie fases sluit in:

- *Die verbrokkelingsperiode/pre-egskeidingsfase*: Die ekwilibrium wat in die gesin geheers het, word versteur nadat een van die volwassenes die huis verlaat (Louw et al 1998:359).
- *Die eksperimentele tydperk*: In hierdie tydperk probeer die gesin verskeie moontlikhede om die nuwe situasie te hanteer (Louw et al 1998:359).
- *Die egskeiding*: Gedurende hierdie fase word die familie en vriende in kennis gestel van die egskeiding (Smit 1999:33). Die egskeidingsfase word beleef as 'n krisisperiode, waartydens beide die ouers en die kinders gevoelens van verwerping, smart, skok en woede ervaar (Smit 1999:33).
- *Die postegskeidingsfase*: Twee nuwe huishoudings met verskillende lewenstyle word gevestig (Smit 1999:34).
- *Die ekwilibrium*: Ekwilibrium word bereik omdat die gesin, gewoonlik as 'n enkelouer-gesin, herorganiseer word (Louw et al 1998:359).

Die veranderinge wat tydens bogenoemde fases plaasvind, is 'n reeks stresvolle ervarings vir die hele gesinsisteem waarin die kind funksioneer. Hierdie veranderinge kan gepaardgaan met emosionele hoogtepunte en laagtepunte, verdeelde lojaliteite, asook gevoelens van verwerping en magteloosheid (Butler et al 2003:10).

Egskeiding het 'n effek op die kind wat deel van hierdie sisteem vorm. Dit waaraan die kind gewoond was, verander, en hierdie verandering in die gesinsisteem het 'n effek op die kind. "Divorce represents the collapse of a vital, archetypal structure, not only in the external world, but on their experience of the self. Most children experience considerable sadness in the first stages, with anxiety, anger, resentment, confusion, guilt, loyalty, tensions, and somatic symptoms being common responses" (Mcintosh 2003:65). Volgens Whiteman (2007:48) ervaar alle kinders tydens egskeiding die normale rouproses, en beleef hulle ontkenning, woede en depressie. Hulle bereik egter gewoonlik binne twee jaar 'n punt van aanvaarding.

## 2.2 DIE EFFEK VAN DIE EGSKEIDINGSPROSES

Na die opbreek van die ouers se huweliksverhouding (wanneer een ouer die huis verlaat) verander die gesinslewe in baie opsigte (Butler et al 2003:10).

Die kinders wat betrokke is by die egskeidingsproses belewe elke aspek van hierdie verandering. Hierdie veranderinge stel addisionele ontwikkelingseise aan die kind (Schick 2002:5).

Bogenoemde nuwe eise wat na egskeiding aan kinders gestel word, kan ‘n negatiewe uitwerking op feitlik alle kinders hê. Die negatiewe effek van die egskeidingsproses kan waargeneem word in die kind se gedrag, emosies, selfbeeld, akademiese prestasie en sosiale interaksies (Schick 2002:5). Die emosies wat hierdie kind tydens die egskeidingsproses ervaar, kan ‘n invloed op die kind se selfkonsep asook op sy wil en motivering uitoefen.

Tydens die eerste fase van die egskeidingsproses (die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses) stem kinders se reaksies baie ooreen met dié van kinders wat ander traumatiese gebeurtenisse beleef het. Die eerste reaksie is gewoonlik skok (Meyer 1999:12). Die periode direk na die egskeiding word gekenmerk deur ‘n intense tydperk van rou, waar die afwesigheid van ‘n ouer betreur word (Muller 1998:33). Die rouproses gaan gepaard met disorganisasie en persoonlike ongemak wat die kind as gevolg van die egskeiding verduur. Hierdie rouproses het dikwels ‘n invloed op die kind se wil en motivering om betrokke te raak by en deel te neem aan daaglikse aktiwiteite.

Tydens die eerste twee jaar na die aanvang van die egskeidingsproses kom die volgende gevoelens dikwels na vore: ontkenning, onsekerheid, ‘n sterk begeerte dat ouers herenig moet word, hartseer, verlies, alleenheid, ongeloof, wanhoop, verwarring, woede, vrees en angs (Smith 1999:36). Tydens die eerste fase van die egskeidingsproses beleef kinders gevoelens van angs en vrees omdat hul geskei word van die volwassenes vir wie hulle lief is (Meyer 1999:8). Die gevolgtrekking word gemaak dat die gevoelens wat kinders in die middelkinderjare tydens egskeiding ervaar, te wyte is aan die intense verlies van die samesyn van die gesin.

Die gevoelens van onsekerheid wat die kind tydens die egskeidingsproses ervaar, kan ‘n negatiewe effek hê op die positiewe ontwikkeling van sy selfkonsep. ‘n Swak selfkonsep tydens die egskeidingsproses kan lei tot die ontwikkeling van gevoelens van ontoereikendheid, wat manifesteer in gebrekkige selfvertroue (Unisa 2003:21).

Gebrekkige selfvertroue kan die kind se intrinsieke motivering om betrokke te raak en te voldoen aan eise wat aan hom gestel word, verswak.

Die skoollewe maak 'n groot gedeelte van die kind se bestaan uit. Kinders word tydens die eerste twee jaar na die egskeidingsproses emosioneel dermate gedreineer dat hulle nie veel energie oorhet om te voldoen aan skolastiese of akademiese eise nie (Smit 1999:47). Skoolgaande kinders wat 'n egskeiding beleef, het gewoonlik 'n kort aandagspan, wat veroorsaak dat hulle sukkel om opdragte uit te voer. Hulle ervaar gewoonlik gevoelens van rusteloosheid en kom geïrriteerd voor (Muller 1998:64).

Volgens Smit (1999:18) is sommige van die volgende negatiewe gevolge sigbaar in die kind se algemene optrede na die egskeiding:

- Daar vind 'n daling in akademiese prestasie plaas.
- Die kind se konsentrasievermoë neem af.
- Daar vind verandering plaas in die kind se vermoë om met maats en onderwysers te kommunikeer.
- Die kind onttrek hom meteens aan ander mense.
- Daar kom verhoogde aggressiwiteit voor.
- Daar vind 'n verlaging plaas in die kind se wil en motivering om betrokke te raak by en deel te neem aan aktiwiteite.

Dit blyk dat kinders binne twee jaar daarin slaag om hul ervarings te verwerk en by hul nuwe en veranderde omstandighede aanpas (Rubenheimer in Beyers 1999:26). Volgens Whiteman (2007:49) beleef 'n derde van die kinders wie se ouers geskei is, wel die normale roufases, maar vertoef hulle langer in elke fase. Hierdie kinders bereik dus nie binne twee jaar die punt waarby hulle die egskeiding aanvaar nie. Hulle het 'n tydperk van tussen drie en tien jaar nodig om die fase van aanvaarding te bereik (Whiteman 2007:49). Hierdie kinders beleef ook ander spanningsfaktore buiten hul ouers se egskeiding in die gesin.

Hierdie faktore kan die volgende insluit (Whiteman 1007:50):

- die verhuising na 'n ander woonplek of 'n drastiese verandering in leefwyse
- die huwelik van een van die ouers of die samevoeging van twee gesinne
- alkohol- of dwelmmisbruik deur een van die ouers
- enige soort fisieke mishandeling deur een van die ouers
- 'n stryd oor toesig of skikking oor die kinders

Die wyse waarop die kind by sy nuwe, veranderde omstandighede aanpas, hang af van verskeie interne en eksterne faktore.

## 2.3 FAKTORE WAT DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE SE AANPASSING BY SY OUERS SE EGSKEIDING BEÏNVLOED

In hierdie afdeling word bepaalde interne en eksterne faktore wat 'n invloed op die kind se aanpassing by sy nuwe, veranderde omstandighede uitoefen, bespreek.

### 2.3.1 Interne faktore

Interne faktore is veranderlikes wat met die kind self verband hou, wat bepaal op watter wyse die kind tydens die egskeidingsproses optree. Hierdie interne faktore sluit in:

#### *2.3.1.1 Die ontwikkeling en ouderdom van die kind*

Die sosiale, kognitiewe en emosionele ontwikkeling van die kind bepaal op watter wyse hy die egskeidingsproses verstaan en die spesifieke manier waarop hy die veranderinge en spanning wat met die proses gepaardgaan, beleef en hanteer (Smit 1999:50). Volgens literatuur (Butler et al 2003:144) word jonger kinders (peuters of kinders van voorskoolse ouderdom) meer geaffekteer deur egskeiding as ouer kinders (skoolgaande kinders). Die rede hiervoor kan moontlik wees dat jonger kinders minder verstaan van wat gebeur tydens die egskeidingsproses, en dat die jonger kind 'n groter vrees vir verwerping het (Butler et al 2003:144).

Skoolgaande kinders het 'n meer gevorderde verstandelike vermoë om vrae te stel oor hoe hul lewens gaan verander, en beskik ook oor die vermoë om daaroor te redeneer – anders as die jonger kind (Whiteman 2007:65).

Die kind in die middelkinderjare beleef egter ook intense gevoelens van pyn, hartseer en verlies tydens die egskeidingsproses (Dreman 2000:45). Volgens Smit (1999:50) kan hierdie gevoelens wat belewe word deur die kind in die middelkinderjare moontlik bydra tot meer gedragsprobleme tydens die egskeidingsproses. Die kind in die middelkinderjare beskik oor meer kognitiewe volwassenheid en kan die redes vir die egskeiding moontlik beter verstaan. Die sosiale ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare maak dit ook vir hom moontlik om meer van ondersteuning buite die gesinsisteem gebruik te maak (Dreman 2000:45).

#### *2.3.1.2 Die geslag van die kind*

Die reaksies wat kinders op 'n stressituasie openbaar, kan verskil na gelang van hulle geslag. Seuns en dogters reageer verskillend op stressituasies waaraan hulle blootgestel word (Rogers 2004:141). Die omstandighede waarmee stressituasies gepaardgaan, kan ook verskillende reaksies van seuns en dogters ontlok. Seuns en dogters kan ook verskillende gedrag openbaar tydens en na 'n stresvolle situasie soos die egskeidingsproses (Clarke-Stewart, Vandell, McCartney & Owen 2000:308). 'n Voorbeeld hiervan kom duidelik na vore in Dreman (2000:47) se navorsing, wat toon dat, wanneer seuns meer tydens die egskeidingsproses aan konflik blootgestel word, hulle meer geneig is om dit na te maak en meer negatief daardeur geaffekteer word as dogters (Dreman 2000:47). 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat daar 'n hoë mate van aggressiwiteit teenwoordig is by seuns (Meyer 1999:16).

Daar word oor die algemeen aanvaar dat seuns hulle woede meer openlik ervaar en wys as meisies, hoewel dit nie altyd die geval is nie (Whiteman 2007:72). Sommige kinders kan weens persoonlikheidsverskille uitsonderings op hierdie reël wees, maar in die meeste ouderdomsgroepe kan 'n mens verwag dat seuns met meer woede sal reageer as meisies (Whiteman 2007:72). Dit beteken nie dat meisies nie woede ervaar nie, maar meisies is oor die algemeen net beter toegerus om uiting te gee aan hul gevoelens – daarom is hulle dalk beter in staat om hierdie woede te verwerk (Whiteman 2007:72).

### *2.3.1.3 Die kind se temperament*

Die temperament van die kind speel ‘n rol sy vermoë om ‘n spesifieke emosie vir ‘n bepaalde tydperk teen ‘n bepaalde intensiteit te beleef (Sternberg 2004:403). Temperament is ‘n individu se geneigdheid om ‘n gegewe emosie op ‘n spesifieke wyse en tydstip te belewe. Die kind se temperament bepaal teen welke intensiteit hy die spesifieke emosie belewe en hoe lank dit voortduur (Sternberg 2004:403). Moeders bepaal soms reeds in die peuterfase dat bepaalde kinders ‘n “moeilike” temperament het (Dreman 2000:47). Moontlik vind ouers dit moeilik om kinders met ‘n “moeilike” temperament tydens die egskeidingsproses te hanteer. ‘n Rede hiervoor kan wees dat die egskeiding beide die ouers en die kinders se lewens verander en ontwrig, en dat kinders met ‘n “moeilike” temperament dit nie maklik vind om by veranderde omstandighede aan te pas nie (Smit 1999:55).

### *2.3.1.4 Die kind se intrinsieke motivering*

Intrinsieke motivering is motivering vir gedrag wat voortspruit uit die gedrag self (Plug et al 2007:167). Intrinsieke motivering vorm deel van die sosiale en kognitiewe ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare. Volgens Piaget se kognitiewe onwikkelingsteorie is dit nodig vir die kind in die middelkinderjare om betrokke te wees by en aktief deel te neem aan sy omgewing, omdat dit verdere kognitiewe ontwikkeling bevorder. Die kind se wil bepaal of hy betrokke wil raak by en wil deelneem aan sy omgewing. Die belangrikste faktor wat ‘n rol speel in die kind se wil, is intrinsieke motivering.

Intrinsieke motivering is nodig vir die bereiking van selfaktualisering in die individu, omdat dit geassosieer word met sielkundige gesondheid en funksionering (Petri & Govern 2004:359). Die belangrikheid van intrinsieke motivering vir die ontwikkeling en selfaktualisering van die kind in die middelkinderjare word bevestig deur die volgende stelling: “The construct of intrinsic motivation describes this natural inclination toward assimilation mastery, spontaneous interest, and exploration that is so essential to cognitive and social development and that represents a principle source of enjoyment and vitality throughout life” (Ryan & Deci 2000b:70).

Die kind het ondersteuning en sekuriteit nodig om intrinsiek gemotiveerd te wees en die wil te toon om betrokke te raak by en aktief deel te neem aan die omgewing waarin hy hom bevind. Die selfdeterminasieteorie (wat later toegelig word) verwys na die sosiale omgewings wat ongunstig is vir die mens se positiewe neiging tot intrinsieke motivering (Ryan & Deci 2000b:69). Egskeiding maak deel uit van die sosiale omgewing, maar is ook ‘n eksterne faktor wat die sekuriteit wat die kind in die gesinsisteem gehad het, bedreig. Ryan en Deci (2000b:70) beklemtoon dit dat intrinsieke motivering wel beïnvloed kan word deur eksterne faktore.

Die veranderinge en aanpassings wat die kind tydens die egskeidingsproses beleef, kan gevoelens van onsekerheid veroorsaak. Die aanpassings eis ook baie energie van die kind, en dit kan die wil van die kind in die middelkinderjare om betrokke te wees, beïnvloed. Die kind se intrinsieke motivering en wil om betrokke te raak by en deel te neem aan sy omgewing, kan dus verminder. Veranderlikes wat deel van die kind uitmaak, kan sy vermoë om die egskeidingsproses te verstaan en suksesvol te hanteer, affekteer.

### 2.3.2 Eksterne faktore

Eksterne faktore verwys na invloede van buite die kind wat kan bepaal op watter wyse die kind hom na die egskeidingsproses in sy nuwe omgewing aanpas. Vervolgens word die invloed wat verskeie eksterne faktore op die kind se aanpassing na die egskeidingsproses kan uitoefen, bespreek.

#### *2.3.2.1 Omgewingsverandering*

Egskeiding is ‘n periode waartydens dramatiese veranderinge plaasvind. Egskeiding is nie net een geïsoleerde gebeurtenis nie, maar ‘n reeks deurlopende veranderinge. Hierdie veranderinge vereis aanpassings van al die gesinslede (Rogers 2004:145). Hoë eise word gedurende hierdie periode aan kinders gestel (Smit 1999:55). Gevoelens van stres vergesel die kind gewoonlik die eerste 24 maande van die egskeidingsproses as gevolg van omgewingsveranderinge. Verandering vind plaas ten opsigte van die kind se verblyfreëlings, omdat een van die ouers die huis verlaat en in ‘n nuwe woning gaan woon. Sommige kinders beleef verandering by die skool tydens die egskeidingsproses, omdat hul soms van omgewing moet verander en ‘n nuwe skool moet bywoon.

Die gesinsinkomste kan daal, wat 'n invloed op die kind se lewenstandaard kan uitoefen (Dreman 2000:45). Tydens hierdie omgewingsverandering word die kind ontneem van sy sekuriteit, wat gevoelens van onsekerheid en verwarring skep. Dit verminder die kind se selfvertroue en sy wil en motivering om betrokke te raak, aktief deel te neem en aan sekere lewenseise wat aan hom gestel word, te voldoen.

#### *2.3.2.2 Sosiale ondersteuningstelsel*

Kinders het tydens die egskeidingsproses 'n behoefte aan sosiale ondersteuning. Die beskikbaarheid van sosiale ondersteuning tydens en na die traumatiese tydperk van die egskeidingsproses speel 'n bepalende rol in die kind se aanpassing. Ouers is 'n primêre bron van sosiale ondersteuning aan die kind tydens die egskeidingsproses. Dit is noodsaaklik dat die kind met albei ouers in aanraking moet bly en emosionele ondersteuning van hulle moet ontvang, omdat dit die aanpassing tydens die egskeidingsproses sal vergemaklik en wanaangepaste gedrag sal verminder (Rogers 2004:142).

Die ouers beïnvloed ook die wyse van aanpassing na die opbreek van die gesinsisteem. Vervolgens word konflikhantering tussen ouers tydens en na die egskeidingsproses, die aanpassing van die ouers tydens die egskeidingsproses, die volgehoue kontak van die kind met beide ouers na die egskeidingsproses, en effektiewe kommunikasie tussen ouers en kind tydens die egskeidingsproses bespreek.  Bogenoemde kan 'n uitwerking hê op die begrip wat die kind toon ten opsigte van die egskeidingsproses en die wyse bepaal waarop die kind veranderinge en aanpassings wat met die egskeidingsproses gepaardgaan, hanteer.

#### *a Konflik tussen ouers tydens en na die egskeidingsproses*

Onopgeloste en volgehoue konflik tussen ouers kan die kind se psigologiese ontwikkeling bedreig (Mcintosh 2003:64). Konflik tussen die ouers tydens en na die egskeidingsproses veroorsaak dat die kind die proses as spanningsvol beleef. Die voortdurende gevoelens van spanning en bekommernis kan die kind se wil en motivering om betrokke te raak by die nuwe situasie negatief beïnvloed. Dit dreineer die kind se energie en hy kan nie aan al die vereistes wat die nuwe situasie aan hom stel, voldoen nie.

Dit kan die aanpassingsproses vir die kind bemoeilik. As daar na die egskeidingsproses minder konflik tussen die ouers voorkom, kan die aanpassingsproses vir die kind vergemaklik word (Kelly 2003:248). “The nature and quality of the ongoing relationship between parents after the separation/divorce would appear to be critical to children’s capacity to adapt to the changes going on in their lives and to adjust to them” (Butler et al 2003:163).

*b Ouers se aanpassing in verband met die egskeidingsproses*

Ouers se geestestoestand en die ouerskapvaardighede waaroor hul beskik tydens en na die egskeidingsproses kan ‘n belangrike invloed uitoefen op kinders se aanpassing na die opbreek van die gesinsisteem. Dit kan gebeur dat ouers so gepreokkupeer is met hul eie emosionele respons jeens die egskeidingsproses en dat die eise wat aan hul gestel word as enkelouer so stresvol is dat hulle minder by hulle kind betrokke kan wees. Die gevolg hiervan kan wees dat daar nie in die kind se behoeftes voorsien word tydens die egskeidingsproses nie (Kelly 2003:242). Indien ouers se ouerskap tydens hierdie traumatiese periode agteruitgaan, kan kinders minder positiewe betrokkenheid van hul ouers beleef en minder kwaliteittyd saam met hul ouers bestee. Dit kan ook gebeur dat ouers minder affeksie teenoor hul kinders toon en meer ongeregverdigde dissipline toedien (Kelly 2003:243). Die kind kan gevoelens van verwerping en alleenheid ervaar, wat sy wil en motivering om deel te neem aan sy daaglikse aktiwiteite beïnvloed.

*c Volgehoue kontak met beide ouers na die egskeidingsproses*

Gedurende en na ‘n traumatiese tydperk het kinders ondersteuning – spesifiek emosionele ondersteuning – van hul ouers en van verskeie sosiale figure soos onderwysers en beraders nodig.

‘n Positiewe houding en ondersteuning deur albei ouers sal die wil by die kind kweek om betrokke te raak en positiewer te reageer teenoor van aanpassings en veranderinge tydens en na die egskeidingsproses (Louw et al 1998:359).

*d Effektiewe kommunikasie tussen ouer en kind tydens die egskeidings-proses*

Dit is belangrik dat ouers tydens die egskeidingsproses die geleentheid vir effektiewe kommunikasie met die kind moet skep. Volgens Whiteman (2007:152) bewys ouers hul kinders ‘n onguns deur inligting van hulle te weerhou tydens die egskeiding. Deur inligting weg te steek, skep ouers angs oor die toekoms en veroorsaak hulle dat die kinders hul ouers wantrou (Whiteman 2007:152). As daar geleentheid geskep word vir effektiewe kommunikasie tussen ouers en kind, weet die kind watter veranderinge om in die toekoms te verwag, en dit kan hom veiliger laat voel in hierdie tydperk van onsekerheid. “Volledige besonderhede is selde nodig, maar eerlikheid is uiters belangrik” (Whiteman 2007:159). Dit help die kind om die aanvanklik skok, hartseer en angs te hanteer (Butler et al 2003:55). Wanneer die kind veilig voel, kan hy meer uiting gee aan sy gevoelens en emosies (Smith 1999:163).

Verskeie interne en eksterne faktore bepaal die mate van verandering waarmee die kind tydens die egskeidingsproses te kampe kry. Wanneer die veranderinge makliker en vinniger plaasvind, vind die kind dit makliker om hom by die skeiding van sy ouers aan te pas en daarmee saam te leef.

Volgens Rubenheimer (Beyers 1999:26) is daar verskeie faktore wat dit vir kinders makliker maak om egskeiding te verwerk:

- ‘n beskaafde verhouding tussen ouers voor en na die egskeiding
- oop gesprekke oor die redes vir die egskeiding (aangepas by die ouderdom van die kind)
- finansiële sekuriteit
- die handhawing van ‘n bepaalde roetine by die ouer by wie die kind bly
- voldoende steun van vriende en familie
- gereelde besoeke van en ‘n positiewe verhouding met die ander ouer
- ooreenkoms tussen die ouers oor sake soos dissipline en opvoeding
- so min moontlik ontwrigting en verandering (dieselfde omgewing, skool en maats)

> *"Toe my ouers geskei is, het my hele lewe vir altyd verander. Ons het na 'n nuwe huis getrek, ek moes na 'n nuwe skool en gemeente toe gaan, en van vooraf vriende maak. Ek weet nie wat my die seerste gemaak het nie: die verlange na my pa, of die verlange na my vriende in my ou woonbuurt en skool"* (elfjarige meisie) (Whiteman 2007:175).

- so min moontlik rusies en konflik tussen ouers voor en na die egskeidingsproses

Dit is noodsaaklik dat die ouers die kind moet ondersteun, sodat hy die wil en motivering kan toon om betrokke te raak by die veranderinge en aanpassings. Kinders het 'n behoefte aan standvastigheid en ondersteuning te midde van al die ontwrigtings wat tydens die egskeidingsproses plaasvind (Whiteman 2007:175).

Die portuurgroep waarin die kind hom bevind, vorm deel van die sosiale ondersteuningstelsel. Die portuurgroep kan dien as 'n belangrike bron van ondersteuning vir kinders wat besig is om die egskeidingsproses te beleef. Die portuurgroep help die kind om die gevoelens wat hy tydens die egskeidingsproses beleef, te bestuur (Butler et al 2003:60). Dit kan gevoelens van verwarring teenwerk.

Die meeste kinders steun sterk op hul vriende as hul primêre vertrouelinge in die egskeidingsproses (Butler et al 2003:60). Die kind deel die nuus aangaande die egskeiding slegs aan sy naaste vriende of 'n beste vriend in die portuurgroep mee, omdat dit gewoonlik die persoon is wat hy kan vertrou (Butler et al 2003:60).

## 2.4 SELFDETERMINASIETEORIE

Die Selfdeterminasieteorie beklemtoon die basis op grond waarvan elke individu selfmotivering ontwikkel, sowel as die omstandighede wat selfmotivering kan bevorder of belemmer. Die Selfdeterminasieteorie is belangrik in hierdie studie omdat dit self-motivering aanspreek, maar ook erken dat eksterne faktore buite die individu moontlik 'n invloed op die selfmotivering van die kind kan uitoefen. Die Selfdeterminasieteorie (SDT) fokus op en ondersoek die mens se inherente groei, neigings en aangebore psigiese behoeftes, wat die basis vir selfmotivering en persoonlike integrasie vorm, sowel as die omstandighede en toestande wat daardie prosesse bevorder (Ryan & Deci 2000b:68).

Volgens Deci en Vansteenkiste (2004:25) wentel die Selfdeterminasieteorie daarom dat die mens drie aangebore psigologiese behoeftes besit. Deci en Ryan se motiveringsteorie gaan van die standpunt uit dat alle persone daarna strewe om die drie basiese behoeftes te bevredig (Petri & Govern 2004:358). Hierdie drie behoeftes word gesien as universele noodsaaklikhede (Deci & Vansteenkiste 2004:25) en noodsaaklik vir proaktiwiteit, optimale ontwikkeling en psigologiese gesondheid (Deci & Vansteenkiste 2004:25). Hierdie drie behoeftes is naamlik bevoegdheid (bekwaamheid), verwantskap (*relatedness*) en outonomie/selfregering/onafhanklikheid (*autonomy*).

Die behoefte van bevoegdheid hou verband met die mens se behoefte om kontrole te hê oor sy omgewing (Ryan & Brown 2003:73). Bevoegdheid is dus die mens se aangebore begeerte om effektief te funksioneer in sy omgewing (Deci & Vansteenkiste 2004:25). Die behoefte aan verwantskap is die mens se behoefte om deel te wees van die lewens van ander individue, interaksie te hê met ander individue en die omgee van betekenisvolle persone in sy leefwêreld te ervaar. Die gevoel van verwantskap word gefasiliteer wanneer betekenisvolle persone wat by die individu se leefwêreld betrokke is, hom volkome aanvaar, asook wanneer die individu gevoelens van warmte en omgee belewe in die spesifieke omgewing waarin hy hom bevind (Ryan & Brown 2003:73). Die behoefte aan outonomie is die mens se drang om volisie te beleef en die inisieerder te wees van sy eie gedrag (Ryan & Brown 2003:73). Om outonomies te wees, beteken nie om onafhanklik van ander mense te wees nie. ‘n Kind ervaar outonomie wanneer hy gevoelens van welwillenheid ervaar en voel dat hy ‘n keuse het wanneer hy by ‘n situasie betrokke is (Deci & Vansteenkiste 2004:25).

Volgens die SDT is die bevrediging van hierdie drie behoeftes noodsaaklik vir die mens se gesonde funksionering. Wanneer die bevrediging van hierdie psigiese behoeftes voortdurend verhinder word, wend die mens minder pogings aan om die behoeftes te bevredig, en kan wanaanpassing die gevolg wees. ‘n Persoon kan byvoorbeeld gevoelens van hulpeloosheid ervaar (Petri & Govern 2004:358). Gevoelens van hulpeloosheid kan die intrinsieke motivering en dus die wil om betrokke te wees en deel te neem, verminder. Die verhindering van die bevrediging van psigies behoeftes kan lei tot ‘n gebrek aan deelname aan en betrokkenheid by ‘n spesiale gerigte taak (Petri & Govern 2004:358). Dit kan daartoe lei dat persoonlike groei by die kind nie kan plaasvind nie.

Die egskeidingsproses kan die bevrediging van psigiese behoeftes verhinder, en kan tydens die eerste 24 maande weens die vele aanpassings en veranderinge buite die kind se beheer daartoe lei dat hy nie effektief in sy omgewing kan optree nie. Navorsing (Petri & Govern 2004:358) bewys dat die mens asook diere "opgee" wanneer hulle besef dat hulle geen kontrole oor hul omgewing het nie. Wanneer die kind begin "opgee", beteken dit dat sy motivering en daarmee saam sy wil om aktief by sy daaglikse aktiwiteite betrokke te raak, verminder het. Egskeiding kan die behoefte van verwantskap bedreig, omdat die kind tydens die egskeidingsproses alleen voel en die warmte en die omgee van die gesin nie meer bestaan nie.

Dit kan die kind 'n gevoel van onsekerheid en onveiligheid gee. Gevoelens van onsekerheid en onveiligheid verminder die kind se selfvertroue en so sy wil en motivering om deel te neem aan sy daaglikse aktiwiteite. Egskeiding kan die bevrediging van die behoefte aan outonomie belemmer, omdat die kind nie die egskeidingsproses gekies het nie, maar daaraan onderworpe is. Volgens die SDT is egskeiding deel van die sosiale omgewing wat ongunstig is vir die positiewe neiging van menslike volisie (Ryan & Deci 2000b:69). "Human beings can be proactive and engaged or, alternatively, passive and alienated, largely as a function of the social conditions in which they develop and function" (Ryan & Deci 2000b:68).

Egskeiding is 'n bedreiging vir die bevrediging van die mens se basiese psigiese behoeftes. Volgens die Selfdeterminasieteorie dra die bevrediging van basiese behoeftes by tot intrinsieke motivering. Ondersteuning en sekuriteit is nodig vir die mens om intrinsiek gemotiveerd te wees en om die wil te hê om betrokke te raak by en aktief deel te neem aan die eise wat aan hom gestel word. "Feeling a sense of connectedness to others, as is the case when one experiences the caring environment provided by parents and teachers, can foster intrinsic motivation" (Petri & Govern 2004:360).

Samevattend kan daar dus gesê word dat die egskeidingsproses verhinder dat die basiese behoeftes bevredig word, wat die kind se intrinsieke motivering verminder en tot gevolg het dat hy nie die wil het om aktief betrokke te raak by en deel te neem aan die take wat aan hom gestel word nie.

## 2.5 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Die ontwikkelingsfase waarin die kind hom in die middelkinderjare bevind, word beskou as ‘n sensitiewe periode vir die ontwikkeling van ‘n selfkonsep. Tydens hierdie ontwikkelingsfase raak emosies meer spesifiek, en kinders wat hulle in hierdie fase bevind, is ook in staat om ‘n verskeidenheid gevoelens uit te druk (Louw et al 1998:349). Tydens hierdie fase neem egosentrisme al meer af en begin sensitiwiteit vir ander ontwikkel. Piaget (Louw et al 1998:82) se ontwikkelingsteorie beskryf dit as die konkreet-operasionele fase, waarin verskeie kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling plaasvind.

Dié ontwikkelingsfase verwelkom ‘n mens in die wêreld van die kind en bied die opvoedkundige sielkundige die geleentheid om die kind se betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses te betree. Dit is dan vir die opvoedkundige sielkundige moontlik om te bepaal watter effek die egskeidingsproses het op die kind in die middelkinderjare se wil en motivering om by sy daaglikse aktiwiteite betrokke te raak. In hierdie hoofstuk word die verskillende teoretiese begrippe wat ‘n sentrale plek in die navorsing beklee, van nader bekyk en gedefinieer. In die eerste deel van die literatuurstudie word die effek van egskeiding bespreek en die interne en eksterne faktore wat die aanpassing van die kind in die middelkinderjare na die egskeidingsproses beïnvloed. In die tweede helfte word begrippe soos die kognitiewe ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare, die dele van die brein naamlik die voorbrein, middelbrein en agterbrein, asook die ontwikkeling van die brein bespreek. Die verskillende dele waaruit die brein bestaan, verrig unieke funksies en ontwikkel in ‘n spesifieke rigting, soos voorgestel in figuur 2.4 (Wallis 2004:50). Die ontwikkeling van die onderskeie dele van die brein en die spesifieke funksies wat hierdie dele verrig, kan lig werp op die kind in die middelkinderjare se betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses.

Dit is in hierdie studie belangrik, omdat die kind se betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses ‘n invloed op sy wil- en motiveringslewe kan uitoefen. Die geheue, denke en leer wat in die brein voorkom en die dele waaruit die brein bestaan, vorm deel van die kind se kognitiewe ontwikkeling.

Die kind se psige bestaan uit drie domeine, naamlik die kognitiewe, die affektiewe en die konatiewe domein. Die mens se psigiese aktiwiteit word dikwels beskryf in terme van kognitiewe, konatiewe en affektiewe komponente (Plug et al 2007:8). Hierdie drie konsepte word vervolgens kortliks bespreek.

Die kognitiewe domein word gedefinieer as die gedeelte van die psige waar leer, denke en geheue voorkom. Hierdie funksies maak dit vir die kind moontlik om van ‘n situasie of gebeurtenis bewus te raak en daaraan betekenis te gee. Die affektiewe domein word gedefinieer as dié gedeelte van die psige waar die kind se gevoelens, sensasie, emosies asook norme en waardes voorkom, en funksies soos die emosionele interpretasie van persepsie, inligting en kennis uitgevoer word. ‘n Kind se norme en waardes bepaal hoe hy betekenis gee aan en betrokke raak by die veranderinge, uitdagings en aanpassings waarmee hy gekonfronteer word**.** Plug et al (2007:185) definieer die konatiewe domein as die mens se wil en intensie om keuses te doen met die doel om doelwitte te bereik. Dit behels selfdireksie – die selfregulerende, intensionele aktiwiteite van menswees, wat persoonlike motivering asook wilskrag insluit (Deci & Ryan 2000:233).

Tydens die egskeidingsproses word al hierdie kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte betrek, deurdat al drie domeine deel is van die kind in die middelkinderjare. Die kognitiewe domein verskaf inligting aan die opvoedkundige sielkundige oor die wyse waarop die kind betekenis gee aan die egskeidingsproses. Die affektiewe domein gee inligting oor die emosionele belewenis van die kind tydens die egskeidingsproses. Die konatiewe domein gee ‘n aanduiding van die kind se wil en motivering tydens hierdie egskeidingsproses.

Al drie hierdie domeine word dus geaffekteer deur die egskeidingsproses en bepaal of die kind die wil en motivering het om betrokke te raak by die onderskeie veranderinge en uitdagings wat die egskeidingsproses oplewer.

Volgens Piaget se ontwikkelingsteorie is daar verskeie kognitiewe ontwikkelings wat plaasvind by die kind in die konkreet-operasionele fase, waar die kind in die middelkinderjare hom bevind. Die ontwikkeling van die wil en outonomie vind ook plaas tydens die middelkinderjare (Wadsworth 2004:103-104).

Dit is belangrik om die kognitiewe ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare te ondersoek, omdat die kind se wil en motivering deel van die kognitiewe ontwikkeling vorm. Die kind se wil en motivering speel 'n deurslaggewende rol in sy betrokkenheid by sy daaglikse aktiwiteite, en bepaal of hy doelgerig optree in die aktiwiteite waarby hy tydens die egskeidingsproses betrokke raak.

Vervolgens word die kognitiewe ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare verder ondersoek.

## 2.6 DIE KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Hoewel kognitiewe en intellektuele funksies deur die brein verrig word, bestaan die brein nie net uit denke, geheue, leer, besluitneming en probleemoplossingsaktiwiteite nie. Dit is ook die middelpunt van emosies en motivering (Reeve 2004:47). Terwyl die brein die funksies uitvoer, neem dit nie net kennis van wat die taak is wat verrig word nie (kognitief-intellektueel), maar ook van of die individu dit wil doen (motiveringsbrein) en wat die individu se gemoed is terwyl hy dit doen (emosionele brein) (Reeve 2004:47).

Dit is dus belangrik om te fokus op die verskillende dele van die brein en op hoe dit funksioneer om gevoelens, denke en gedrag te produseer (Sternberg 2004:78). Dit is belangrik om ondersoek in te stel na die verskillende funksies van die brein, aangesien sodanige ondersoek die kind se gedrag tydens die egskeidingsproses beter sal toelig.

Vervolgens word die strukturele aspekte van die brein kortliks behandel. Daar word gefokus op die voorbrein, die middelbrein en die agterbrein (Sternberg 2004:78). Al drie die genoemde dele van die brein bestaan uit strukture wat essensiële funksies verrig vir oorlewing sowel as hoë-orde-denke en –emosies (Sternberg 2004:78). Dit is belangrik om hierna te verwys, aangesien dit deel van die brein se ontwikkeling uitmaak.

Die ontwikkeling van die brein kan die kind se gedragswyses tydens die egskeidingsproses verklaar. Die gedrag wat die kind tydens en na die egskeidingsproses openbaar, kan 'n invloed op sy wil- en motiveringslewe uitoefen.

## 2.7 DIE DELE VAN DIE BREIN

### 2.7.1 Die voorbrein

Vervolgens word die verskillende anatomiese dele van die voorbrein bespreek, sowel as die spesifieke funksies wat elke deel verrig. Die voorbrein bestaan uit twee dele.

#### *2.7.1.1 Die serebrale korteks*

Die serebrale korteks speel ‘n primêre rol in psigiese prosesse soos denke, geheue, redenering en gewaarwording. Die serebrale korteks ontvang en prosesseer ook sensoriese inligting.

#### *2.7.1.2 Die limbiese sisteem*


Die limbiese sisteem bestaan uit die hippokampus, die hipotalamus, die amigdala en die septum. Die limbiese sisteem is belangrik vir motivering, emosies en leer.

Die hippokampus, amigdala, septum, talamus en hipotalamus, wat deel van die limbiese sisteem uitmaak, is geleë in die middelvoorbrein. Die hippokampus speel ‘n rol in korttermyngeheue en leer. Die amigdala en die septum in die middelvoorbrein is verantwoordelik vir emosionele gedrag. Die amigdala hou verband met emosies soos aggressie en motivering, en die septum hou verband met emosionele gedrag naamlik woede en aggressie. Die amigdala is in hierdie studie belangrik, omdat dit hier gaan om die emosies van die kind. Kinders beleef tydens egskeiding verskeie emosies soos woede, aggressie en vrees, wat ‘n invloed op hulle wil en motivering kan uitoefen wanneer hulle aan hul daaglikse aktiwiteite moet deelneem. Die talamus word die skakelbord van die brein genoem. Die talamus herlei spesifieke sensoriese impulse na verbandhoudende areas in die serebrale korteks. Die hipotalamus is verantwoordelik vir die regulering van die waterbalans, liggaamstemperatuur, motivering, emosies en seksuele funksies. Een van die hipotalamus se funksies is ook die integrasie van die endokriene sisteem (Sternberg 2004:80). Die motiveringsaspek word met ander woorde deur die hipotalamus gereguleer. Die kind in die middelkinderjare se hipotalumus is reeds besig om te ontwikkel, dus beskik die kind in die middelkinderjare oor die vermoë om

intrinsieke wil en motivering te toon wanneer hy aan aktiwiteite deelneem. Eksterne faktore soos die egskeidingsproses kan dus 'n invloed op sy wil en motivering uitoefen.

### 2.7.2 Die middelbrein

Die middelbrein vorm die verbinding tussen die voorbrein en die agterbrein. Die belangrikste struktuur waaruit die middelvoorbrein bestaan, is die retikulêre aktiveringsisteem, wat ook die RAS genoem word. Dit is 'n netwerk senuweevesels wat strek vanaf die boonste deel van die rugmurg deur die agterbrein en middelbrein tot by die talamus en hipotalamus, wat in die voorbrein geleë is. Die RAS speel 'n rol in die regulering van slaap, aandag en waaksaamheid. In figuur 2.1 word die ligging van die retikulêre aktiveringsisteem in die brein uitgebeeld.




***Figuur 2.1 – 'n Skematiese voorstelling van die RAS (Sternberg 2004:81)***

Die middelbrein speel 'n rol in gehoor asook gesig- en oogbewegings. Die superior colliculi, wat aan die bokant van die middelbrein geleë is, is betrokke by visie asook by visuele reflekse. Die inferior colliculi, wat aan die onderkant van die middelbrein geleë is, is betrokke by gehoor (Sternberg 2004:80). Tydens trauma soos die egskeidingsproses word verskeie gebeure deur middel van die sintuie waargeneem, byvoorbeeld konflik en fisiese geweld tussen die ouers. Wanneer hierdie gebeure deur die sintuie geabsorbeer word, probeer die brein daaraan betekenis gee, en dit kan 'n invloed op die kind se wil en motivering uitoefen.

### 2.7.3 Die agterbrein

Vervolgens word die strukture en funksies van die agterbrein bespreek. Die agterbrein bestaan uit drie strukture.

#### *2.7.3.1 Die serebellum*

Die serebellum is een van die eerste dele in die brein wat ontwikkel en volwassenheid bereik. Die serebellum is belangrik vir balans, koördinasie en spiertonus (Sternberg 2004:80). Die serebellum reguleer hoofsaaklik motoriese koördinasie en liggaamshouding, en ondersteun aktiwiteite van meer komplekse leer soos wiskunde, musiek en gevorderde sosiale vaardighede (Wallis 2004:51). Weens die ontwikkeling van die brein kan komplekse leer dus alreeds by die kind in die middelkinderjare plaasvind. Die egskeidingsproses kan egter ‘n invloed op die kind se wil en motivering uitoefen. Wanneer die kind nie die nodige wil en motivering toon nie, vind komplekse leer moeilik plaas.

#### *2.7.3.2 Die pons*


Die pons vorm deel van die RAS. Die pons bevat senuweevesels wat inligting van een deel van die brein na ‘n ander oordra (Sternberg 2004:79). Dit is belangrik om hierdie deel in die studie te noem, omdat die pons deel vorm van die RAS, wat reeds bespreek is. Die RAS speel ‘n belangrike rol in die regulering van aandag. Wanneer die kind die egskeidingsproses beleef, toon hy moontlik nie die wil en motivering om deel te neem aan daaglikse aktiwiteite nie. Hy gee dan ook minder aandag aan die aktiwiteite waarby hy betrokke is.

#### *2.7.3.3 Die medulla oblongata*

Die medulla oblongata reguleer die harttempo en asemhaling. Dit stel die senuweevesels van die regterkant van die liggaam in staat om oorkruis na die linkerkant van die brein te loop, en die senuweevesels van die linkerkant van die liggaam om oorkruis na die regterkant van die brein te loop (Sternberg 2004:79). In figuur 2.2 word die drie dele van die brein naamlik: die voorbrein, die middelbrein en die agterbrein, uitgebeeld. Die figuur gee ‘n duidelike aanduiding van waar die verskillende strukture waaruit elke deel van die

brein bestaan, geleë is. Dit is belangrik om in hierdie literatuurstudie bewus te wees van waar elke deel en struktuur van die brein geleë is, omdat die ontwikkeling van die brein hier 'n belangrike rol speel, en ook omdat hierdie inligting belangrik is met betrekking tot die kind in die middelkinderjare se kognitiewe ontwikkeling.

Dit wil voorkom asof daar 'n verband is tussen die kind se ontwikkeling en die reaksies wat hy tydens gebeurtenisse soos egskeiding toon. Die fase van kognitiewe ontwikkeling waarin die kind hom bevind kan dit moontlik duidelik maak waarom die kind tydens die egskeidingsproses bepaalde gedrag openbaar.




***Figuur 2.2 – Voorstelling van die voorbrein, middelbrein en agterbrein en die bestaande strukture waaruit dit bestaan (Sternberg 2004:78)***

Die rigting van die ontwikkeling van die brein gee 'n aanduiding van die kognitiewe vermoëns waaroor die kind in die middelkinderjare beskik. Dit kan dan bepaal hoe die kind in die middelkinderjare betekenis gee aan die egskeidingsproses, wat weer 'n invloed op sy wil en motivering kan uitoefen. Die brein gee nie net op kognitiewe vlak betekenis aan lewensgebeurtenisse nie, maar ook op emosionele vlak. Die emosies waaraan die kind volgens sy ontwikkeling tydens die egskeidingsproses betekenis gee, kan ook 'n invloed op sy wil- en motiveringslewe uitoefen.

Die kind se ontwikkeling, wat die brein se ontwikkeling insluit, stel die opvoedkundige sielkundige in staat om meer begrip en empatie te toon teenoor die kind se betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses, wat 'n invloed op sy wil- en motiveringslewe kan uitoefen.

## 2.8 DIE ONTWIKKELING VAN DIE BREIN


Daar is 'n nou verband tussen die kind se ontwikkeling (ook die ontwikkeling van die brein) en reaksies op lewensgebeure wat van belang is by die egskeidingsproses.

Vervolgens word die ontwikkeling van die brein bespreek. Hierdie gedeelte kan moontlik lig werp op die kind in die middelkinderjare se reaksies tydens en na die egskeidingsproses. In die volgende afdeling word dit van nader toegelig.

Volgens Giedd (in Wallis 2004:50) ontwikkel die agterkant van die brein, wat as die agterbrein bekend staan, eerste. Die voorkant van die brein, wat bekend staan as die voorbrein, ontwikkel laaste (Wallis 2004:50). Die ontwikkeling van die brein vind plaas deurdat nuwe verbindings deur neurone gevorm word. Vervolgens word hierdie proses bespreek, omdat die rigting waarin die brein ontwikkel 'n belangrike bydrae lewer tot beter begrip van die kind se reaksies en gedrag tydens die egskeidingsproses.

Die agterbrein bereik eerste strukturele volwassenheid as gevolg van die vermeerdering en afsterwe van talle nuwe verbindings wat deur neurone gevorm word. Nuwe verbindings wat nie gebruik word nie, gaan verlore ("*use it or lose it*"), en nuwe verbindings wat gebruik word, versterk (Wallis 2004:50).

In figuur 2.3 word die vermeerdering en afsterwe van nuwe verbindings deur die neurone skematies voorgestel. Daar word ook in hierdie figuur verduidelik op watter wyse die neurone in die voorkant van die brein tussen die ouderdom van elf en twaalf en 'n half jaar duisende nuwe verbindings vorm. In die daaropvolgende aantal jare sterf 'n groot aantal van hierdie verbindings wat nie gebruik word nie, af (Wallis 2004:50).




***Figuur 2.3 – Skematiese voorstelling van vermeerdering en afsterwe van nuwe verbindings in die brein wat deur neurone gevorm word (Wallis 2004:51)***


Die deel van die voorbrein wat laaste volgroei en ontwikkel is, is die prefrontale korteks van die brein. Die funksies van die prefrontale korteks sluit in:

- beplanning
- die stel van prioriteite
- die ordening van denke
- die onderdrukking van impulse
- die inagneming van die gevolge van gedrag voordat besluite geneem word

Die laaste deel van die brein wat volwassenheid bereik, is dus die deel wat te doen het met besluitneming (Wallis 2004:51).

Dit wil dus voorkom asof die kind in die middeljare se middelvoorbrein vinniger as die voorbrein volwassenheid bereik. Die voorbrein, waar die serebrale korteks geleë is, is saam met die prefrontale korteks die laaste dele van die brein wat ontwikkel en volwassenheid bereik (Wallis 2004:50). Die serebrale korteks speel 'n primêre rol in psigiese prosesse soos denke en redenering, asook in willekeurige beweging (Sternberg 2004:80). As daar na die brein se ontwikkeling en volwassewording gekyk word, wil dit dus voorkom asof die gedeelte van die brein waar die amigdala geleë is, meer volwasse is by die kind in die middelkinderjare as die gedeelte van die voorbrein waar die serebrale korteks en prefrontale korteks geleë is (Wallis 2004:50).

Figuur 2.4 bevat ‘n skematiese voorstelling van die anatomie van die brein. Wallis (2004:50) beweer dat die brein vanaf die agterbrein na die voorbrein ontwikkel en volwasse word. In figuur 2.4 word die rigting van die ontwikkeling van die brein deur middel van ‘n pyl aangedui. Omdat die ontwikkeling van die brein plaasvind van die agterkant na die voorkant, is die serebellum een van die eerste dele wat ontwikkel en volwassenheid bereik. Die ontwikkeling van die verskillende dele van die brein en die kognitiewe vermoëns waaroor die kind beskik, verklaar verskeie reaksies wat hy in die middelkinderjare tydens die egskeidingsproses toon.




***Figuur 2.4 – Voorstelling van die rigting waarin die ontwikkeling van die brein plaasvind (Wallis 2004:50)***

Die corpus callosum, wat in figuur 2.4 ingesluit is, is die gedeelte in die brein wat by probleemoplossing en kreatiewe denke betrokke is (Wallis 2004:50). Die corpus callosum verbind die twee hemisfere van die brein (Sternberg 2004:78).

Figuur 2.4 gee ‘n voorstelling van waar die prefrontale korteks in die brein geleë is – een van die laaste dele van die brein wat ontwikkel en volwassenheid bereik. Die basale ganglia (*basal ganglia* in figuur 2.4) help die prefrontale korteks om inligting te prioritiseer (Wallis 2004:50).

Die amigdala (*amygdala* in figuur 2.4) is die emosionele sentrum van die brein. Om inligting te prosesseer maak die kind in die middelkinderjare meer van die amigdala gebruik, omdat die prefrontale korteks nog besig is om te ontwikkel. Volwassenes maak meer van die prefrontale korteks gebruik om inligting te prosesseer.

Hierdie gedeelte is egter onderontwikkel in die kind in die middelkinderjare se brein. Dit kan verklaar waarom die kind in die middelkinderjare meer impulsief en emosioneel reageer (Wallis 2004:50).

Die wyse waarop die brein ontwikkel en volwasse word, gee aan ons 'n aanduiding dat die gedeelte van die amigdala in die middelkinderjare meer ontwikkel is as die serebrale en prefrontale korteks in die voorbrein (Wallis 2004:50). Die kind in die middelkinderjare is dus geneig om meer emosionele gedrag te openbaar as realistiese, suiwere denke. Dit het ook 'n uitwerking op die kind in die middelkinderjare se reaksies op en betekenisgewing aan die egskeidingsproses.

Die kind in die middelkinderjare kan dus meer emosioneel reageer op die egskeidingsproses, omdat die serebrale korteks en die prefrontale korteks nog besig is om te ontwikkel. Die kind in die middelkinderjare word emosioneel oorspoel, en die liggaam kan dit nie vinnig genoeg verwerk nie. Die emosies wat die kind tydens die egskeidingsproses beleef, kan sy wil en motivering nadelig beïnvloed en die doelgerigte deelname aan sy daaglikse aktiwiteite bemoeilik.

Bogenoemde inligting oor die kind in die middelkinderjare se breinontwikkeling, maak dit dus duidelik waarom hierdie kind so intens deur egskeiding geraak word. Die vlak van die kind se kognitiewe ontwikkeling bepaal in groot mate hoe die kind betekenis gee aan die egskeidingsproses en hoe die kind die egskeidingsproses beleef. Die kind in die middelkinderjare maak meer van die amigdala – die emosionele sentrum van die brein – gebruik om betekenis te gee aan situasies. Die amigdala is aktief gedurende negatiewe emosies (Beck 2004:48).

Die kind in die middelkinderjare kan oorspoel word met negatiewe emosies tydens die egskeidingsproses, wat soveel energie van die kind vereis dat die kind geen wil en motivering sal kan bybring om deel te neem aan wat daagliks in die samelewing van hom verwag word nie.

As gebeurtenisse in die omgewing van die kind in die middelkinderjare swakker is as wat sy verwagtinge was, vind daar 'n afname in dopamienvlakke plaas, en omgekeerd. Die dopamienvlakke in die kind se brein beïnvloed emosies.

Dopamien is die neuro-oordragstof in die sentrale senuweestelsel. Dopamien oefen ‘n invloed uit op belangrike aktiwiteite soos beweging, aandag en leer (Sternberg 2004:76). Dopamien word vrygestel deur stimulu wat vreugde en satisfaksie verskaf. As dopamien vrygestel word, motiveer dit die persoon om op te tree en deel te neem aan sy omgewing. As dopamienvlakke laag is of minder vrygestel word, toon die individu ‘n afname in die wil en motivering om sy omgewing te nader en aktief betrokke te raak.

Die omgewing waarin die kind in die middelkinderjare hom tydens die egskeidingsproses bevind, voldoen moontlik weens verskeie interne en eksterne faktore nie aan die kind se verwagtinge nie, wat die dopamienvlakke in die brein verlaag en ‘n negatiewe uitwerking het op die wil en motivering om deel te neem aan aktiwiteite. Verhoogde dopamienvlakke, daarenteen, dra by tot die wil en motivering om deel te neem aan die omgewing (Reeve 2004:61). Die kind in die middelkinderjare se wil en motivering bepaal of hy tydens die egskeidingsproses vinnig en maklik by verskeie aanpassings en veranderinge betrokke raak.

## 2.9 TEN SLOTTE

Die kind in die middelkinderjare se betekenisgewing en belewinge tydens die egskeidingsproses word bepaal deur verskeie interne en eksterne faktore. Die interne en eksterne faktore speel ‘n bepalende rol in die invloed wat die egskeidingsproses op die wil en motiveringslewe van die kind uitoefen. Die wil en motivering van die kind tydens die egskeidingsproses bepaal in watter mate die kind by aanpassings en veranderinge tydens die traumatiese gebeurtenis betrokke raak.

In hierdie hoofstuk is ‘n oorsig gegee van die kind in die middelkinderjare se breinontwikkeling, en van hoe die breinontwikkeling die kind se betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses beïnvloed. Daar is ook gefokus op die verskillende dele van die brein, die strukture waaruit die dele bestaan en die essensiële funksies wat hierdie strukture in die brein verrig. Die bespreking van die verskillende dele van die brein is belangrik, ten einde die ontwikkeling van die brein en die nou verband tussen hierdie ontwikkeling en die kind in die middelkinderjare se reaksies tydens die egskeidingsproses te verduidelik.

Die Selfdeterminasieteorie is ook bespreek, om te bepaal watter omstandighede die kind se motivering en wil bedreig. Intrinsieke motivering is toegelig, omdat intrinsieke motivering die aanpassing na die egskeidingsproses vergemaklik. Egskeiding is ondersoek, omdat dit alom bekend is dat egskeiding 'n effek het op die kind. Die kind se wil en motivering om hom tydens die egskeidingsproses by verskeie aanpassings en uitdagings aan te pas, word beïnvloed deur interne en eksterne faktore, wat toegelig is om te bepaal watter faktore in die kind self of in sy omgewing die aanpassings en uitdagings van die egskeidingsproses sal vergemaklik of bemoeilik.

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek bespreek.

# HOOFSTUK 3

## NAVORSINGSONTWERP

### 3.1 INLEIDING

**"Irrespective of what you want to find out, or what you want to discover, or what facts you want to acquire, there is a process involved – a process of scientific enquiry, a way of learning and knowing things about the world around us (De Vos, Strydom, Fouché & Delport 2005:71).**

Die intense gevoelens van verlange na die ouer wat die huis tydens die egskeidingsproses verlaat het, blyk duidelik uit die soort begeertes waaraan die kind in die middelkinderjare uiting gee, soos "om my regte pa meer te sien". Die kind ondervind 'n hunkering daarna dat die gesin herenig moet word, en spreek die wens uit "dat my pa en ma weer by mekaar moet uitkom" en dat "almal weer saam in een huis moet bly". Die kind wens dat harmoniese samesyn tussen sy gesinslede herstel kon word – dat " hulle nooit weer sal baklei nie", of dat "slegte dinge soos drank weggevat sal word", of dat "my pa en ma vriende sal wees" en "my pa nie my ma sal vloek nie".

Hierdie wense en begeertes van die kind in die middelkinderjare wat die egskeidingsproses meemaak, nooi 'n sielkundige uit om diep te kyk in die hart van die kind wat vasgevang is in die verbrokkeling van die gesinsisteem.

Hierdie navorsing is gerig op die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare. Die komplekse aard van die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare bemoeilik die navorsingsproses, naamlik om berekenings op statistiese wyse te doen. Om hierdie rede is die besluit geneem om kwalitatiewe navorsing te doen.

Daar is dus deur middel van empiriese navorsing gepoog om te bepaal of egskeiding 'n effek het op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare. Eweneens is gepoog om moontlike metodes te identifiseer wat die opvoedkundige sielkundige kan volg om die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare tydens die egskeidingsproses te bepaal.

In hierdie hoofstuk word die verloop en uitkoms van die empiriese ondersoek bespreek. Die navorsingsprobleem en doelstellings word kortliks genoem, waarna die ondersoek-metode bespreek en uiteengesit word. Die navorsingsbevindinge word aan die einde van die hoofstuk verskaf.

## 3.2 NAVORSINGSPROBLEEM

Die vrae wat die navorsing rig, is die volgende: "Wat is die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare?" en "Hoe kan die opvoedkundige sielkundige die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare bepaal?"

## 3.3 NAVORSINGSDOEL

Die doel van die navorsing is om te bepaal:

- wat in die literatuur opgeteken is ten opsigte van die invloed van egskeiding op die kind se wil- en motiveringslewe
- watter instrumente of moontlike metodes aangepas en gebruik kan word om die opvoedkundige sielkundige te help om die aard en kwaliteit van die wil- en motiveringslewe van die kind tydens die eerste 24 maande na die egskeiding te bepaal
- of hierdie instrumente en metodes aangewend kan word om die opvoedkundige sielkundige beter toe te rus wanneer hy of sy met kinders werk – spesifiek wanneer ondersoek ingestel word na die invloed van egskeiding op die kind se wil- en motiveringslewe
- of die inligting wat verkry word, rigting kan gee aan die behandelingsmetodes wat die opvoedkundige sielkundige na die implementering van assesseringsprosedures kan toepas

## 3.4 NAVORSINGSMETODE

### 3.4.1 Inleiding

Die navorser se doelstelling is om meer te wete te kom van die kind in die middelkinderjare se betekenisgewing en belewing tydens die egskeidingsproses. Die navorser poog ook om te bepaal hoe hierdie unieke betekenisgewing en belewing tydens die egskeidingsproses die kind se wil- en motiveringslewe raak.

Hierdie doelstellings het die navorser gelei tot die besluit om intensief (idiografies) met 'n paar deelnemers te werk. Die voorvoegsel "idio-" beteken persoonlik, privaat of uniek (Plug, Louw, Gouws & Meyer 2007:152). Die idiografiese metode word in sommige wetenskappe gebruik waar die bestudering en beskrywing van enkele, onherhaalbare en dus unieke verskynsels plaasvind (Plug et al 2007:153). By die toepassing van die idiografiese metode word die uniekheid van die individu beklemtoon (Colman 2006:363).

As gevolg van die navorser se betrokkenheid by die deelnemers is daar induktief te werk gegaan. Die induktiewe werkwyse behels die insluiting van spesifieke aanhalings/feite van die deelnemers wat deur beredenering tot algemene stellings herlei word (Van Wyk 2004: 44).

### 3.4.2 Die gebruik van kwalitatiewe navorsing

In hierdie navorsing word daar van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak in die ondersoek na die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare. Die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare is in die geval van elke kind uniek, omdat elke kind se betekenisgewing en belewing tydens die egskeidingsproses verskil. As gevolg van die komplekse aard van die kind se wil- en motiveringslewe het die navorser besluit om die kwalitatiewe navorsingsproses te volg.

Verskeie stellings word in die literatuur oor kwalitatiewe navorsing gemaak. In kwalitatiewe navorsing word die realiteit as subjektief beskou (De Vos, Strydom, Fouché, Poggenpoel, Schurink & Schurink 1998:242), en plaas die navorser die fokus op die essensie van die fenomeen in sy of haar poging om die fenomeen te verstaan (Thomas & Nelson 2001:333).

Kwalitatiewe navorsing is idiografies van aard, en die navorser probeer om die betekenis wat subjekte aan hul daaglikse lewe heg, te begryp.

‘n Induktiewe vorm van beredenering word tydens kwalitatiewe navorsing gebruik (Thomas & Nelson 2001:323). Die data wat verwerk word, is hoofsaaklik verbaal (Cohen & Swerdlik 2002:213), en word voorgestel in die vorm van woorde en aanhalings uit dokumente en transkripsies (Thomas & Nelson 2001:323). Die data word geanaliseer deur temas uit te lig (De Vos et al 1998:243). Die kwalitatiewe navorsingsontwerp is uniek en buigsaam, en kan gedurende die navorsingsproses verander en ontwikkel (Thomas & Nelson 2001:323).

Tydens die kwalitatiewe navorsingsproses word daar gepoog om die prosesse waardeur die mens betekenis gee, te verstaan en om ‘n beskrywing van daardie betekenisse te gee. In kwalitatiewe navorsing word die menslike gedrag en die unieke betekenisgewing van die individu wat by die navorsingsproses betrokke is, beklemtoon. Die ondersoek metode word in die volgende afdeling verder verken.

### 3.4.3 Die ondersoekmetode

‘n Kwalitatiewe ondersoek word uitgevoer op kinders van elf- tot twaalfjarige ouderdom in die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses. Daar word eerstens verwys na die prosedure wat toegepas is om deelnemers aan die navorsingsprojek te selekteer. Daarna word die projeksietegnieke en vraelyste wat tydens die navorsingsproses gebruik is, bespreek.

#### *3.4.3.1 Deelnemers*

Die deelnemers moet aan bepaalde kriteria voldoen om geselekteer te word. Die kriteria vir deelname aan hierdie navorsing sluit in:

- Die kind se ouderdom moet wissel tussen elf en twaalf jaar.
- Die kind se ouers moet reeds geskei wees.
- Die egskeidingsproses moet hom in die eerste 24 maande na sy aanvang bevind.

Die navorser het ‘n plaaslike laerskool genader in haar soeke na geskikte deelnemers. Die navorser het versoek om kinders tussen elf en twaalf jaar met behulp van vraelyste en verskeie projeksietegnieke te ondersoek.

Nadat geskikte deelnemers deur klasonderwyseresse geïdentifiseer is, is die ouers van die geskikte deelnemers telefonies gekontak om toestemming te verkry om die deelnemers by die ondersoek te betrek. In die proses is die doel van die studie telefonies aan die betrokke ouers bekend gemaak, en is hulle ingelig aangaande watter inligting benodig sou word en watter metodes tydens die ondersoek gebruik sou word. Ouers is ook gerusgestel dat geen identifiserende besonderhede aangaande die betrokke deelnemers bekendgemaak sou word nie. Die vertroulikheid van die bevindinge wat tydens die ondersoek aan die lig sou kom, is ook beklemtoon.

Nadat toestemming van die ouers bekom is en die doel van die studie bekendgemaak is, is toestemming van die ouers, die klasonderwyseresse en die skoolhoof verkry om die leerders gedurende skooltyd by die ondersoek te betrek. Die navorser het die klasonderwyseresse genader om te bepaal op watter dae en spesifieke tye dit moontlik sou wees om die geselekteerde deelnemers te besoek. Die rede hiervoor was dat dit vir die navorser, skoolhoof en klasonderwyseresse belangrik was dat die geselekteerde deelnemers geen belangrike akademiese werk of skoolaktiwiteite moes misloop nie.

Dit was egter vir die klasonderwyseresse moeilik om lank vooraf bepaalde tye te gee, omdat hul beplanning nie lank vooraf voltooi word nie en ook omdat veranderinge soms weens bepaalde omstandighede by die skool plaasvind. Die navorser en die klasonderwyseresse het hierdie probleem egter probeer oorbrug deur weekliks met mekaar in verbinding te tree en gepaste besoektye vir die navorser te reël.

Die navorser het besluit om te begin deur ‘n vertrouensverhouding met die deelnemers op te bou, sodat hulle veilig sou voel om eerlike, betroubare antwoorde tydens die ondersoek te verskaf. Tydens die eerste sessie het die navorser aan elke deelnemer verduidelik dat verskeie leerders ‘n paar werksessies as deel van ‘n navorsingsprojek saam met die navorser sou deurbring. Die navorser het ook aan elke deelnemer die keuse gegee om te besluit of hy/sy wou deelneem aan die ondersoek.

Nadat die deelnemer besluit het om deel te neem aan die ondersoek, het die navorser verskeie projeksietegnieke begin implementeer. Die rede hiervoor was dat die navorser ondersoek wou instel na die deelnemer se betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses.

Hierdie bewuswording van unieke betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die proses het die navorser in staat gestel om die wêreld van die kind in die middelkinderjare te betree en dit vanaf die deelnemer se verwysingsraamwerk te beskou. Nadat die projeksietegnieke voltooi is, is vraelyste afgeneem om aspekte van die kind se wil- en motiveringslewe te ondersoek.

Vervolgens word ‘n kort beskrywing gegee van die metodes wat die navorser gebruik het.

#### *3.4.3.2 Projeksietegnieke*

Projeksietegnieke word tydens persoonlikheidsassessering gebruik. Persoonlikheids-assessering vorm die basis van deelname aan ‘n taak waartydens ‘n kliënt struktuur aan relatief ongestruktureerde of onvoltooide stimuli moet gee (Cohen & Swerdlik 2002:367). Die doel van die projeksiemedia is om “dieper” in die kind se ervaringswêreld in te dring (Van Niekerk 1990:49).

Projeksie word beskou as ‘n persepsie waarvan die uitkoms bepaal kan word deur die persoon se verwysingsraamwerk. Wanneer die kind projekteer, vind dit plaas vanuit ‘n spesifieke verwysingsraamwerk wat gevorm word deur unieke betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by ‘n aktiwiteit of situasie.

Die projeksietegnieke wat aangewend is, word in die volgende paragrawe bespreek.

##### *a Menstekening (draw a person – DAP)*

Die menstekening is ‘n verkenningsmedium,wat die navorser in staat stel om die subjektiewe wêreld van die kind te betree (Leibowitz 1999:IX). Die verkenningsmedium hou besondere moontlikhede in, omdat die kind reeds vir homself ‘n algemene beeld van die mens gevorm het en ook talryke verhoudings met homself en ander persone gevestig het wanneer hy gekonfronteer word met die opdrag (Van Niekerk 1990:142).

Tydens die tekening van die menslike figuur kan die kind nie anders nie as om sy ervaringe daarby te inkorporeer en sodoende 'n beeld van homself in sy opvoedingsgesitueerdheid deur te gee (Van Niekerk 1990:142).

Tydens die menstekening word die volgende media aan die kind beskikbaar gestel:

- gewone en/of kleurpotlode
- foliogrootte tekenpapier
- 'n uitveër

Die kind word versoek om 'n mens te teken. Sy aandag word daarop gevestig dat dit 'n volledige mens moet wees en dat dit enige persoon kan wees, solank dit 'n mens is (Van Niekerk 1990:142). Die navorser voer 'n semigestruktureerde onderhoud na die voltooiing van die DAP om enige onduidelikhede uit die weg te ruim en meer van die kind se belewenisse te wete te kom.

*b Kinestetiese gesinstekening (kinetic family drawing - KFD)*

Die kinestetiese gesinstekening verskaf 'n aanduiding van die kind se beskouing van sy gesinstrukture en die patrone wat daar in die gesinsisteem bestaan.

Tydens die kinestetiese gesinstekening word die volgende media aan die kind beskikbaar gestel:

- gewone en/of kleurpotlode
- foliogrootte tekenpapier
- 'n uitveër

Die kind word versoek om sy gesin te teken waar elkeen iets doen. Sy aandag word daarop gevestig dat elke lid van die gesin iets moet doen in die gesinstekening. Die navorser voer 'n semigestruktureerde onderhoud met die deelnemer om meer van sy belewenisse te verken en enige onduidelikhede rondom die tekening uit die weg te ruim.

*c Tematiese apersepsietoets (TAT)*

Die toets bestaan uit 'n aantal genommerde kaarte met prente wat bepaalde temas voorstel. Die tematiese apersepsietoets is 'n metode om inligting te verkry oor areas van belewing waaroor die persoon nie andersins kommunikeer nie (Wolfaardt 2002b:1). Die teiken ouderdom vir die TAT is vanaf tien jaar tot volwassenes (Wolfaardt 2002b:1). Die TAT is geskik vir die teikengroep van hierdie studie, aangesien die deelnemers hulself bevind tussen die ouderdomme van elf en twaalf jaar.

Die TAT verskaf inligting oor die volgende (Wolfaardt 2002b:1):

- gedagte-organisasie
- emosionele organisasie
- die onmiddellike omstandighede van die kind
- die behoeftes van die kind
- die individu se siening en belewing van die omgewing
- interpersoonlike verhoudings
- persoonlike karaktertrekke
- die individu se siening en aanvaarding van homself
- die persoon se selfpersepsie

Slegs enkele van die kaarte word tydens hierdie navorsingsproses gebruik. Elke kaart stel verskeie temas voor. Die tipe tema wat die kind in sy storie gebruik, mag 'n aanduiding gee van probleme wat ondervind word, veral as die tema herhaaldelik gebruik word. Spesifieke temas wat deur verskeie kaarte voorgestel word, word gebruik, sodat doelgerigte inligting vir die spesifieke doelstellings van die navorsingsproses verkry kan word. Dit is baie belangrik dat die navorser by die gebruik van die TAT nie al die temas en hipoteses wat tydens die gebruik van die toets afgelei word, moet aanvaar nie, maar dit moet verifieer aan die hand van verskeie ander media.

'n Spesifieke plaat wat 'n bepaalde tema voorstel, word aan die kind voorgehou, en die kind word versoek om 'n storie oor die projeksiekaart te vertel. Dit is belangrik dat die kind homself moet probeer indink wat vooraf gebeur het, wat op die oomblik op die kaart

voorgestel word, gebeur, wat later sal gebeur, en wat die einde van die storie gaan wees. Daar word ook gefokus op wat die karakters doen, dink en voel.

Die volgende TAT-kaarte, wat bepaalde temas voorstel, is tydens hierdie navorsingsproses gebruik:

**KAART 1**

Kaart 1 kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- die eise van die lewe
- hoe die kind die situasie benader – gevoelsmatig, kognitief, aktief of passief
- of die kind betrokke raak of afsydig bly
- die kind se verhouding met sy ouers
- of die kind dit raaksien dat viool appél tot die seun in die prent rig om daarmee gemoeid te raak.
- Is die kind aktief bereid om gewillig daarmee gemoeid te raak, en of hom distansieer deur die kaart byvoorbeeld as ‘n foto te beskryf
- of die kind aangesê moet word om dit te doen
- of daar volgehou word met die deelname
- of daar ‘n gevoel van wanhoop en moedeloosheid is
- of daar motivering is
- wat die liggaamsbeeld en selfbeeld is
- of daar konflikterende verwagtinge is
- prestasie
- inskiklikheid met betrekking tot outoriteit
- houding teenoor outoriteit
- aggressie
- skuldgevoelens
- of daar bewustheid is van die eise wat gestel word
- hoe die eise aanvaar word
- die kind se ambisie/strewe/drome
- hoe die persoon ‘n taak sal benader

**KAART 2**

Kaart 2 kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- interpersoonlike verhoudinge
- ouer-kind-verhoudinge
- of die verskillende verhoudinge deur die kind raakgesien word
- op watter wyse vertroue, begrip en gesag figureer
- kommunikasie tussen persone op die kaart
- op watter wyse die omgewing ervaar en waargeneem word
- of die persoon op die voorgrond gevoelens van verwerping ervaar

**KAART 3BM/3GF**

Sommige kaarte het bepaalde letters-simbole by wat die volgende beteken:

**B = Boy** – dit inisieer die kaart kan met groot sukses aan ‘n jong seun voorgehou word
**M = Male** – dit inisieer die kaart kan met groot sukses aan ‘n volwasse man voorgehou word
**G = Girl** – dit inisieer die kaart kan met groot sukses aan ‘n jong dogter voorgehou word
**F = Female** – dit inisieer die kaart kan met groot sukses aan ‘n volwasse dame voorgehou word.

Die volgende temas word deur kaart 3BM en 3GF voorgestel:

- moontlike reaksie op frustrasie
- aggressie gerig teenoor die self of ander
- wat die persoon ten slotte gaan doen
- of daar sprake van aggressie is
- of depressie  ontlok word
- teen wie dit gerig is
- of die rewolwer raakgesien word
- wat die doel daarvan is
- die liggaamsbeeld
- of daar sprake van moontlike depressie is
- of daar sprake van moontlike frustrasie is

**KAART 5**

Kaart 5 kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- die kind se verhoudinge met die moeder
- of daar enige skuldgevoelens is

**KAART 6BM/6GF**

Kaart 6BM/6GF kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- die seun-moeder-verhouding (6BM)
- hoe die moeder die seun behandel, en hoe die moeder teenoor die seun reageer
- kommunikasie
- aggressie
- of die moeder aandag gee aan behoeftes
- die dogter-vader-verhouding (6GF)
- of daar tekens is van oorbeskerming, afhanklikheid, afsydigheid, belangstelling
- verlies
- kommunikasie
- skuldgevoelens
- aggressie

**KAART 7BM/GF**

Kaart 7BM/7GF kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- die vader-seun-verhouding (7BM)
- die moeder-dogter-verhouding (7GF)
- of daar ‘n gesprek geïnisieer word/kommunikasie plaasvind
- waaroor daar gepraat word
- wat met die pop gedoen word – dui op sorgsaamheid
- die kwaliteit van die verhouding

**KAART 8BM/GF**

Kaart 8BM/8GF kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- ‘n aanduiding van die dogter se toekomsperspektief

Die volgende temas word deur kaart 8BM voorgestel:

- aggressie
- ambisie
- wie geskiet is
- hoekom daar geskiet is
- wie geopereer word
- skuldgevoelens

**KAART 9BM/GF**

Kaart 9BM/9GF kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- vrou-tot-vrou-gesindhede
- man-tot-man-gesindhede

**KAART 10**

Kaart 10 kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- die proefpersoon se persepsie van intimiteit
- die vader-moeder-verhouding

**KAART 13B/G (B=BOY, G=GIRL)**

Kaart 13B kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- die toekomsperspektief vir seuns
- die selfkonsep

Kaart 13G kan die kliënt stimuleer om aan die volgende temas aandag te gee:

- of hy wil gaan
- waarheen hy wil gaan
- waarom hy wil gaan
- of die doel bereik word
- of dit op moontlike ontvlugting dui

*d Sinsvoltooiing*

'n Sielkundige met die naam Payne (Wolfaardt 2002a:1) het die sinsvoltooiingstegniek vir die eerste keer gebruik om persoonlikheidsevaluering te doen. Die sinsvoltooiingsmedium is saamgestel na aanleiding van die Rotter se onvoltooidesin-toets (Van Niekerk 1990:273). Die sinvoltooingsmedium bevat 'n aantal onvoltooide sinne wat deur die kind voltooi moet word (Van Niekerk 1990:273). Die onvoltooide gedeeltes is so saamgestel dat die kind deur dit te voltooi projekteer (Van Niekerk 1990:273). "In elke sin bring die kind dus 'n 'stukkie wêreld', soos hy dit beleef en soos dit vir hom betekenis het, tot gestalte" (Van Niekerk 1990:273). Die kind se verhoudinge met dinge, met ander kinders en volwassenes in en buite die gesin en die skool word verken deur die sinvoltooiingsmedium (Van Niekerk 1990:273).

Die toepassing van sinsvoltooiing as verkenningstegniek hou die volgende voordele in (Wolfaardt 2002a:1):

- Dit is buigsaam en maak die analise van 'n verskeidenheid situasies moontlik.
- Sinne kan saamgestel word om 'n spesifieke probleem te ondersoek.
- Dit gee waardevolle inligting om in die eerste onderhoud te gebruik.
- Dit is 'n nuttige tegniek om kinders wat nie betrokke wil raak nie, aan die praat te kry.
- Dit verskaf nuttige inligting aangaande die persoon se denke en gevoelens

*e Drie wense*

Daar word aan die kind gesê dat hy drie wense het. Die kind word versoek om sy drie wense te noem. Dit stel die navorser in staat om meer van die deelnemer se belewenisse te leer ken. Dit kan ook 'n moontlike aanduiding gee van innerlike begeertes, toekomsverwagtings en behoeftes. Die navorser analiseer die deelnemer se antwoorde om te bepaal of daar moontlik temas voorkom wat ook deur middel van die ander projeksiemedia geverifieer kan word (Lewis 2004:1-32).

*f Observasie*

Observasie kan op verskeie manier omskryf word. Plug et al (2007:245) beskryf die konsep as die doelgerigte waarneming van 'n verskynsel of situasie ten einde kennis daaroor in te win. Vir doeleindes van hierdie studie is van ongestruktureerde observasie gebruik gemaak, waartydens deelnemers sonder enige voorafgestelde agenda geobserveer word. Tydens ongestruktureerde observasie word 'n situasie sonder enige voorafgestelde agenda betree, en alle observasie word genoteer alvorens besluit word watter observasies van belang is (Cohen, Manion & Morrison 2000:305). Die navorser neem die deelnemer se verbale en nieverbale kommunikasie waar, en hou rekord van die deelnemer se belewenisse wanneer hy aan die projeksiemedia deelneem (Welman & Kruger 2001:185).

*g Data-analise*

Data is die gegewens wat tydens die navorsingsproses deur middel van waarneming, eksperimentering, meting of enige ander sistematiese prosedure verkry word (Plug et al 2007:58). Hierdie data dien as die basis op grond waarvan gevolgtrekkings gemaak word (Plug et al 2007:58). Tydens die kwalitatiewe navorsingsproses kan die analise van die data wat verkry is beskryf word as die ontleding van die deelnemers se gedrag om hulle verborge drange en wense te ontdek (Plug et al 2007:23). Data-analise behels die "opbreek" van data in werkbare temas, patrone, tendense en verhoudings. Data-analise is daarop gerig om vas te stel of bepaalde temas in die rou data geïdentifiseer kan word (Mouton 2001:108).

"The process of data analysis is like a funnel: things are open at the beginning and become more directed and specific at the end as limited generalizations are slowly induced" (McMillan & Schumacher 1997:13).

Data-analise word gedoen nadat die kind se response op die projeksiemedia opgeneem en getranskribeer is. Data word geanaliseer deur die proses van kodering. Mayan (2001:22) definieer kodering soos volg: "the process of identifying persistant words, phrases, themes, or concepts within the data so that the underlying patterns can be identified and analyzed". Vir doeleindes van hierdie navorsingsproses is transkripsies gebruik as die rou data wat dan later gekodeer is. Tydens die koderingsproses is hierdie rou data geanaliseer en is herhalende temas geïdentifiseer. Elke paragraaf, sin en sinsnede wat tematies van aard is, is onderstreep en onderliggende temas is uitgehaal.

Tydens die proses van datamanipulering word die data wat ingesamel is, deur die navorser in gepaste temas verdeel. Tabel 3.1 illustreer die navorser en die medekodeerder ('n opvoedkundige sielkundige) se poging om die transkripsies van die projeksiemedia in betekenisvolle tematiese eenhede te verdeel. Die transkripsies van die projeksiemedia is deur die medekodeerder deurgewerk en tematiese eenhede is bevestig.

In Tabel 3.1 hieronder verskyn die deelnemer se response op die projeksiemedia in die tweede kolom. Die deelnemer vertel 'n storie oor die projeksiekaart wat aan hom voorgehou word en probeer homself indink wat vooraf gebeur het, wat op die oomblik op die kaart gebeur en wat die einde van die storie gaan wees. In die eerste kolom word die gebeurtenisse met behulp van die woorde "nou", "vooraf" en "na" geplaas, waarop die deelnemer se respons in die tweede kolom volg. Die deelnemer fokus ook op wat die karakters op die spesifieke kaart dink, doen en voel. In die eerste kolom word die woorde "dink", "doen" en "voel" gebruik in elke tydgleuf waarin die deelnemer hom probeer indink. In die laaste kolom word temas uitgelig en verskeie hipoteses geformuleer.

Tabel 3.1 is 'n voorbeeld van die wyse waarop deelnemers se response op die projeksiekaarte geanaliseer is.

**TABEL 3.1 VOORBEELD VAN DIE KODERINGSPROSES VAN RESPONSE OP PROJEKSIEKAARTE**

| Deelnemer C | Response | Tema en formulering van hipoteses |
|---|---|---|
| **KAART 1** | | |
| **NOU** | "Dit lyk vir my dat hy nie lus is vir iets om te doen nie,hm... | Wil nie betrokke raak by die aktiwiteit nie – aanduiding van passiwiteit |
| Dink: | Ek dink dat sy, dat sy ma vir hom nou , hm, iets gekoop het en hy en hy het nou nie gedink hy wil dit hê nie nou is hy nou wil hy dit nie gebruik nie. | Teleurstelling, Wrokkigheid, Rebelsheid, Onsekerheid |
| Dink: | "Ek dink dat hy dink hoekom, hoe werk hierdie ding, ek verstaan nie." | |
| Voel: | "Hy voel sleg, want hy het nie die regte ding gekry nie." | Spanning, Wrokkigheid Teleurstelling |
| **VOORAF** | "Toe hy iets gevra het toe wou hy met iets gespeel het toe kom sy met hierdie ding aan en verstaan hy niks nie." | Onseker, moedeloos, hulpeloos |
| Dink: | "Hy het gedink hy gaan so bly wees as hy nou sien wat dit is en so aan want hy het nie geweet nie hy was net nuuskierig wat dit was. | Vooruitsig, Teleurstelling Verwagting |
| Voel: | "Hy het bly gevoel want hy het gedink hy gaan nou hierdie lekker ding kry om mee te werk om sy skoolwerk te verbeter of so iets." | Hulpeloos, Alleen, Moedeloos, Teleurstelling, Afwagting, Opgewondenheid |
| **NA** | "Toe sit hy maar net daar en kyk na die ding. Hy wou hom graag nooit gespeel het nie. Ja, hy wou hom nie gespeel het nie. | Oorgawe Passief-wil nie betrokke raak nie. Wil nie aan die eise voldoen nie |
| Dink: | "Hy het gedink dat hy hierdie ding gesien het en toe verstaan hy nou niks nie." "Hy het nie geweet wat gaan nou aan nie, is dit myne of so iets." | Onsekerheid Verwarring |
| Voel: | "Hy het sleg gevoel." | |

*h Vraelyste*

'n Vraelys is 'n instrument met oop of geslote vrae waarop 'n deelnemer moet reageer. Die doel is om feite en menings van 'n deelnemer oor 'n spesifieke verskynsel te verkry. Die vraelyste waarvan die navorser gebruik gemaak het, verskaf spesifiek inligting oor die kind se intrinsieke motivering, selfregulasie en selfdeterminasie. Al drie hierdie konsepte bepaal hoe die kind betrokke is by sy daaglikse aktiwiteite. Die Intrinsiekemotiverings-vraelys en Selfregulasievraelys het geslote vrae waarop die kind moet reageer.

Die volgende vraelyste se teorie en konsepte is gebruik, maar dit is soms aangepas deur net van seker dele van die vraelyste gebruik te maak sodat daar op die navorsingsvraag gefokus kon word. Slegs dele van die vraelyste wat van toepassing was op die kind in die middelkinderjare is gebruik. Die rede hiervoor was om antwoorde te kry op die navorsingsvraag wat gestel is, wat soos volg is: "hoe kan die opvoedkundige sielkundige die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare bepaal?"

- *Die Intrinsiekemotiveringsvraelys (Intrinsic Motivation Inventory - IMI – sien bylaag A)*

Die Intrinsiekemotiveringvraelys is 'n multidimensionele instrument wat daarop gerig is om deelnemers se subjektiewe belewenisse van 'n spesifieke aktiwiteit te assesseer (http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/intrins.html). Die instrument bestaan uit verskillende subskale en assesseer die deelnemer se belangstelling/plesier/vreugde, waarneembare vaardigheid, poging/probeerslag/moeite, waardebepaling/bruikbaarheid en drukking/spanning, asook keuses wat die deelnemer waarneem wanneer hy aan 'n gegewe aktiwiteit deelneem. Die subskaal "belangstelling/plesier/vreugde" word beskou as die selfbeskrywingsmeting van intrinsieke motivering. Alhoewel die totale vraelys die Intrinsiekemotiveringsvraelys genoem word, assesseer net die een subskaal intrinsieke motivering. Omdat hierdie studie op intrinsieke motivering fokus, word die hele vraelys aan die deelnemer gegee, maar die navorser fokus net op die uitkoms van die subskaal "belangstelling/plesier/vreugde". Die konsepte waarneembare keuse en waarneembare vaardigheid is teoretiese, positiewe voorspellers van beide selfbeskrywing en gedragsmeting van intrinsieke motivering.

Die navorser stel egter ook belang in die subskale van waarneembare keuse en waarneembare vaardigheid, omdat dit 'n goeie aanduiding kan wees van moontlike intrinsieke motivering.

Die drukking-en-spanning-subskaal van die Intrinsiekemotiveringsvraelys is 'n negatiewe voorspeller van intrinsieke motivering. Dit wil voorkom asof intrinsieke motivering minder voorkom as 'n individu spanning en druk ervaar. Hierdie subskaal kan vir die navorser 'n moontlike aanduiding van die kind se intrinsieke motivering gee, omdat intrinsieke motivering ingeperk kan word as die kind spanning en drukking ervaar.

Die Intrinsiekemotiveringsvraelys, wat bestaan uit twee dele, naamlik die Taakgerigte-evalueringsvraelys en die Aktiwiteitpersepsievraelys, word afgeneem. Die twee dele van die Intrinsiekemotiveringsvraelys bestaan uit verskillende subskale. Die eerste deel van die Intrinsiekemotiveringsvraelys, naamlik die Taakgerigte evalueringsvraelys, bestaan uit die volgende vier subskale:

- Belangstelling/plesier/vreugde – gee 'n aanduiding van intrinsieke motivering
- Waarneembare vaardigheid – 'n positiewe voorspeller van intrinsieke motivering
- Waarneembare keuse – 'n positiewe voorspeller van intrinsieke motivering
- Drukking en spanning – 'n negatiewe voorspeller van intrinsieke motivering

Die tweede deel van die Intrinsiekemotiveringsvraelys, naamlik die Aktiwiteitpersepsie-vraelys, bestaan uit die volgende subskale:

- Belangstelling/plesier/vreugde – gee 'n aanduiding van intrinsieke motivering
- Waardebepaling/bruikbaarheid – gee 'n aanduiding van selfregulasie, wat weer 'n aanduiding kan gee van volisie en willekeurige gedrag
- Waarneembare keuse – 'n positiewe voorspeller van intrinsieke motivering

- *Selfregulasievraelys (Self Regulation Questionnaire – SRQ - sien bylaag A)*

Volgens die selfregulasiekonsep onderskei die Selfdeterminasieteorie (sien hoofstuk 2) tussen die verskillende tipes gedragsregulasies volgens die graad waarin hulle onafhanklike of selfdeterminasie-funksionering toon. Intrinsieke motivering is die voorloper van onafhanklike aktiwiteite. Wanneer mense intrinsiek gemotiveerde gedrag toon, kan dit gedefinieer word as selfgedetermineerd. Ekstrinsiek gemotiveerde gedrag word beheer deur invloede van buite, en is met ander woorde minder onafhanklike, selfstandige gedrag. Die Selfdeterminasieteorie onderskei tussen verskillende tipes ekstrinsieke motivering na aanleiding van die graad waarin dit geïnternaliseer word. Die teorie poneer dat, hoe meer gedrag geïnternaliseer is en met die self geïntegreer is, hoe meer dit die basis vir onafhanklike, selfstandige gedrag sal vorm. Met ander woorde, hoe meer selfgeïnisieer die gedrag is ten opsigte van die aktiwiteit, hoe meer is selfstandige en onafhanklike gedrag in die deelnemer teenwoordig. Die deelnemer het dus intrinsieke motivering nodig om selfgedetermineerde gedrag te openbaar.

Daar is vier verskillende gedragsregulasies wat deur verskillende faktore van die vraelys gemeet word (http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html):

- Eksterne regulasie (beheerbare vorme van ekstrinsieke motivering)
- Introjeksieregulasie – waar daar van die regulasie kennis geneem word, maar dit nie as jou eie aanvaar word nie (beheerbare vorme van ekstrinsieke motivering)
- Geïdentifiseerde regulasie – ervaar die waarde van die aktiwiteit/persoonlik belangrik (meer selfstandig en onafhanklik)
- Geïntegreerde regulasie – integreer die identifikasie van die waarde van die aktiwiteit met aspekte van jouself (meer selfstandig en onafhanklik)

Die Selfregulasievraelys assesseer domeinspesifieke individuele verskille in die tipes motivering (ekstrinsiek/intrinsiek) of regulasies van gedrag. Die vrae van die vraelys handel oor die regulasie van spesifieke gedrag soos gereelde oefening. Die vrae is daarop gerig om die deelnemer te vra waarom hy hierdie aktiwiteit doen, en verskaf dan verskeie moontlike redes wat vooraf geselekteer is, wat verskillende style van motivering/regulasie verteenwoordig (Ryan, Connell & Deci 2000:1).

Is die motivering of regulasie van daardie spesifieke gedrag ekstrinsieke motivering of intrinsieke motivering? Hieruit maak die navorser ‘n afleiding oor selfdeterminasie.

Die Selfregulasievraelys bestaan uit twee dele wat gebruik word vir kinders in die middelkinderjare tot adolessensie. Die twee dele waaruit die Selfregulasievraelys bestaan, is die Akademiese selfregulasievraelys (academic self-regulation questionnaire – SRQ-A – sien bylaag A) en die Prososiale selfregulasievraelys (prosocial self regulation questionnaire – SRQ-P – sien bylaag A). Albei hierdie dele van die Selfregulasievraelys is tydens die navorsingsproses afgeneem op die deelnemer.

*i* *Die onderhoud*

‘n Onderhoud kan volgens Plug et al (2007:49) omskryf word as ‘n gesprek tussen ‘n terapeut, voorligter of ander professionele persoon en ‘n pasiënt, kliënt of voornemende werknemer, wat daarop gemik is om inligting in te win vir doeleindes van diagnose, behandeling, die vasstelling van vermoëns, voorligting of navorsing.

Waarneming moet deur middel van onderhoudvoering aangevul word om meer insiggewende data te verkry. In hierdie navorsingsproses is daar tydens die toepassing van projeksiemedia van ‘n semigestruktureerde onderhoud gebruik gemaak. In ‘n semigestruktureerde onderhoud word die onderhoudvrae deeglik beplan, maar gee die navorser aan die deelnemer die geleentheid om self ook spontaan data te verskaf. Semigestruktureerde onderhoude word dikwels gebruik wanneer die navorser reeds oor ‘n mate van kennis van ‘n bepaalde area van belangstelling beskik, maar nie genoeg weet om antwoorde op vrae wat gestel kan word, te verskaf nie (Mayan 2001:15-16). Vaardigheid en bekwame hantering word van die onderhoudvoerder vereis.

Die eerste onderhoud het gevolg direk na die voltooiing van die DAP, wat as aanknopingspunt gedien het om enige onsekerhede uit die weg te ruim. Die onderhoudvoering na die projeksiemedia was nodig, sodat die navorser/onderhoudvoerder geen verkeerde afleidings sou maak nie en alle onduidelikhede uit die weg geruim kon word. Die tweede onderhoud het gevolg na die voltooiing van die KFD. Die doel van albei onderhoude was om onsekerhede uit die weg te ruim, om verkeerde afleidings te ondervang, en om meer van die kind se belewenisse te verken.

Tydens die semigestruktureerde onderhoud is daar hoofsaaklik van oopeindevrae gebruik gemaak om meer inligting met betrekking tot die kind se belewenisse te verkry. By die semigestruktureerde onderhoud was dit moontlik om nuwe vrae te stel om onduidelikhede uit die weg te ruim en temas verder te verken.

## 3.5 KREDIETWAARDIGHEID EN BETROUBAARHEID

### 3.5.1 Inleiding

Die hoofdoelwit van enige navorsing wat onderneem word, is die verkryging van geldige en betroubare resultate. In kwalitatiewe navorsing is elke deelnemer se belewing en definiëring van sy wêreld en van die fenomeen wat ondersoek word, uniek.

### 3.5.2 Kredietwaardigheid

"In everyday language, we say that something is valid if it is sound, meaningful, or well grounded on principles or evidence" (Cohen & Swerdlik 2004:154). In hierdie navorsing is gepoog om 'n wetenskaplike studie te onderneem wat kredietwaardig is en wat aan wetenskaplikgestelde kriteria voldoen. Omdat die navorser daarvan bewus was dat subjektiwiteit 'n faktor by al die metodes, naamlik projeksiemedia, deelnemende vrae en onderhoudvoering, is, is alle prosedures en beplanning deur die navorser daarop gerig om kredietwaardigheid te verseker.

### 3.5.3 Betroubaarheid

Betroubaarheid is die eienskap van 'n meetprosedure of stel waarnemings wat dit moontlik maak om soortgelyke resultate te verkry as die metings op 'n identiese wyse herhaal word (Plug et al 1997:43). Betroubaarheid dui op konstantheid (Cohen & Swerdlik 2004:128). Die doel van kwalitatiewe navorsing is om die verskynsel of situasie onder bespreking te begryp, en nie om dit te kwantifiseer nie. Tydens die empiriese navorsingsproses is die response op projeksiemedia getranskribeer en deur middel van 'n proses van kodering in betekenisvolle temas gegroepeer. 'n Onafhanklike kodeerder verseker verder die objektiewe analise van die data wat deur die empiriese studie verkry is. Om die betroubaarheid van hierdie studie te verseker het die navorser gebruik gemaak van 'n verskeidenheid metodes om data in te samel. Die vraelyste is geïmplimenteer en die

betroubaarheid van die resultate word verseker deur die standardisering van die vraelyste en die spesifieke instruksies en merkskaal waarvolgens vraelyste geïmplimenteer kan word. Die vraelyste, wat uit 'n verkskeidenheid aantal items bestaan, kan afgeneem word in verskillende omstandighede en kondisies en dieselfde resultate kan verwag word.

Die navorser het tydens hierdie studie betroubaarheid bewerkstellig deur aandag te skenk aan die volgende:

- Die doel van die navorsing is duidelik aan die deelnemers gestel, naamlik dat die fokus sou val op die belewing van die kind in die middelkinderjare tydens die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses.
- Die projeksieplate en al die ander media se response is opgeneem op oudiokasset opgeneem om te verseker dat waardevolle inligting nie verlore gaan nie.
- Die transkripsies is deur 'n medekodeerder, naamlik 'n opvoedkundige sielkundige, deurgewerk en temas is bevestig.

In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp breedvoerig bespreek. Die navorser motiveer waarom sy van kwalitatiewe navorsing gebruik maak. Daar word ook 'n omskrywing gegee van die werkswyse wat die navorser gevolg het, asook die wyses waarop die navorser die data verkry het, naamlik deur middel van projeksiemedia, onderhoudvoering, deelnemende waarneming en vraelyste. Die navorser besef dat die aantal deelnemers wat sy gebruik (drie kinders in die middelkinderjare wat deel is van die egskeidingsproses) beperk is, en dat sy nie veralgemenings kan maak nie.

Na die voorafgaande bespreking van die metodes wat tydens die empiriese navorsing gebruik is, kan daar na 'n bespreking van die navorsingsbevindinge oorgegaan word.

## 3.6 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 3.6.1 Inleiding

In hierdie afdeling word verslag gedoen oor die resultate van die empiriese navorsing na die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare.

Verskeie projeksiemedia is gebruik om die belewenisse van die kind in die middelkinderjare te verken. Na die afneem van die DAP en KFD het semigestruktureerde onderhoude met oopeindevrae plaasgevind om meer inligting met betrekking tot die tekeninge te verkry. Dit het ook die geleentheid gebied om die kind in die middelkinderjare se belewenisse te verken. Na die afneem van die projeksiemedia het die navorser verskeie temas wat herhaaldelik by deelnemers A, B en C voorgekom het, geïdentifiseer. Die temas wat herhaaldelik by deelnemers A, B en C voorgekom het, word in hierdie afdeling in tabelvorm weergegee.

Vraelyste is ook tydens die navorsing gebruik om die kind in die middelkinderjare se intrinsieke motivering en selfregulasie te bepaal. Die resultate van die twee vraelyste word ook in tabelvorm weergegee. Die gebruik van die tabelformaat het die navorser 'n duidelike aanduiding van die aard van die deelnemer se intrinsieke motivering en selfregulasie gegee. Selfregulasie en intrinsieke motivering dui op die kind se onafhanklike gedrag asook op sy wil en motivering tydens deelname aan aktiwiteite. Die subskale waaruit die vraelyste bestaan, verskyn ook in die tabel, omdat dit ook moontlik 'n aanduiding van die intrinsieke motivering en selfregulasie van die deelnemer kan gee.

### 3.6.2 Profiel van die deelnemers

Die biografiese data van die drie deelnemers waaruit die steekproef bestaan, verskyn in tabelvorm hieronder. Vir doeleindes van vertroulikheid word die name van die deelnemers nie genoem nie, en word daar na die deelnemers verwys as deelnemer A, B en C.

**TABEL 3.2 BIOGRAFIESE INLIGTING OOR DEELNEMERS**

| Kind wat tans deel is van die egskeidings-proses | Geboortedatum van deelnemer | Tydstip na afhandeling van die egskeiding | Ouers weer betrokke in 'n verhouding of tweede huwelik | Ordinale posisie in die gesin |
|---|---|---|---|---|
| Deelnemer A | 30-12-1994 | 12 maande | Nee | Die jongste van twee |
| Deelnemer B | 12-04-1995 | 22 maande | Moeder weer getroud | Die oudste van twee |
| Deelnemer C | 16-10-1995 | 4 weke | Nee | Die jongste van twee |

### 3.6.3 Projeksiemedia

Tydens die navorsingsproses het die navorser die projeksiemedia in 'n bepaalde volgorde met elke deelnemer toegepas. Die DAP en KFD is eers afgeneem, waarna 'n semigestruktureerde onderhoud met elke deelnemer gevoer is, sodat die navorser afleidings en hipoteses wat geformuleer is kan kontroleer. Vervolgens het die navorser die drie wense en onvoltooide sinne geïmplimenteer sodat deelnemers se belewenisse, innerlike begeertes en behoeftes verken kan word. Die laaste projeksiemedium wat toegepas is, was die implementering van TAT kaarte.

Vervolgens word daar stilgestaan by die temas wat herhaaldelik voorgekom het by deelnemer A tydens die toepassing van die projeksiemedia. Hierdie temas word weergegee in tabelvorm.

**DEELNEMER A**

By die aanvang van die ondersoek was deelnemer A se vader en moeder reeds 12 maande geskei. Die onderwyseres wou graag hê dat deelnemer A aan die navorsing moes deelneem, omdat sy deelnemer A as 'n stil, teruggetrokke kind in die klaskamer en op die speelgrond beleef het. Deelnemer A se vader en moeder het sedert die aanvang van die egskeidingsproses nie by nuwe verhoudings betrokke geraak nie.

Tydens die egskeidingsproses is probleme ondervind tussen deelnemer A se moeder en vader om verblyfreëlings vir die kinders te tref. Dit het egter geblyk dat dit nog steeds 'n probleem is, en dat deelnemer A nie eens altyd seker is wanneer hy by wie woonagtig is nie. Dit wil voorkom asof dit egter baie verwarrend is vir deelnemer A. Deelnemer A het dit duidelik tydens die toepassing van die projeksiemedia te vore laat kom dat hy graag sou wou hê dat sy pa en ma weer herenig moes word.

## TABEL 3.3 DEELNEMER A – TEMAS UIT VERSKILLENDE MEDIA AFGELEI

| Temas | TAT | Drie wense | DAP | KFD | Onvoltooide sinne |
|---|---|---|---|---|---|
| Wrokgevoelens<br>Woede<br>Aggressie | √<br>Kaart 5 | | | | |
| Skuldgevoelens | √<br>Kaart 1 | | √ | | |
| Passiwiteit | √<br>Kaart 2 | | | | |
| Teleurstelling | √<br>Kaart 1 | | | | |
| Gebrek aan selfvertroue | √<br>Kaart 8BM | | | | |
| Swak selfbeeld | √ | | | | |
| Moedeloosheid | √<br>Kaart 2 | | | | |
| Hulpeloosheid | √<br>Kaart 3BM | | √ | | |
| Behoefte aan ontvlugting | √<br>Kaart 6BM | | √ | | |
| Ongelukkigheid | √<br>Kaart 1<br>Kaart 3BM<br>Kaart 5<br>Kaart 6BM<br>Kaart 9BM | | | | |
| Gebrek aan kommunikasie | √<br>Kaart 7BM | | | | |
| Behoefte aan sekuriteit | | √ | | | √ |
| Behoefte aan samesyn as gesin | | √ | | √ | √ |
| Konflikvermyding | | | | | √ |
| Gebrek aan inisiëring van eie aktiwiteit (volisie) | √<br>Kaart 2<br>Kaart 13B | | | | |
| Behoefte aan koestering, aanraking en liefde | √<br>Kaart 10 | | | | |
| Vrees | | | √ | | |
| Skoolverrigting<br>Akademiese prestasie | | | | | √ |

Volgens die temas wat voorgekom het by deelnemer A, beleef hy verskeie negatiewe gewaarwordinge. Daar is temas wat voorgekom het by deelnemer A wat 'n invloed kan hê op die persoon se wil- en motiveringslewe. Die volgende temas, wat wel 'n invloed op deelnemer A se wil- en motiveringslewe kan uitoefen, kom by die toepassing meer as een projeksiemedium voor:

- Hulpeloosheid
- Ontvlugting
- Skuldgevoelens
- Behoefte aan sekuriteit
- Behoefte aan samesyn as gesin

Vervolgens word kort uittreksels van onderhoude wat met deenemer A gevoer is, ter illustrasie van bogenoemde temas weergegee:

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Gevoelens van wraak** |
| *TAT – kaart 5:* | *"Haar ma het met haar geraas en toe gaan sit sy in haar kamer."* |
| *Terapeut:* | *"Hoe voel sy?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Ongelukkig."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Skuldgevoelens** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Na die tyd gaan hy vir sy ma gaan sê jammer."* |
| *Terapeut:* | *"Wat het hy gedink?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Dan gaan hy weer gelukkig wees."* |

| | |
|---|---|
| *DAP – terapeut:* | *"Kan jy my meer vertel van hierdie persoon?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Dit is 'n meisie – sy is agt jaar oud."* |
| *Terapeut:* | *"Wat doen sy?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Sy loop rond."* |
| *Terapeut:* | *"Waarvan hou sy?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Sy hou van blomme."* |
| *Terapeut:* | *"Waarvan hou sy nie?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Sy hou nie van slange nie."* |

| | |
|---|---|
| *Terapeut:* | *"Wat doen die slange dat sy nie van hulle hou nie?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Die slange jaag haar."* |
| *Terapeut:* | *"Wanneer jaag die slange haar?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Partykeer wanneer sy rondloop, dan probeer sy weghardloop." "Partykeer kry sy dit reg."* |
| *Terapeut:* | *"Wat gebeur as sy dit nie regkry nie?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Sy skreeu en probeer iemand roep."* |
| *Terapeut:* | *"Kom daar dan iemand?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Ja, daar kom mense as sy hulle roep."* |
| *Terapeut:* | *"Wie?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Haar pa en ma."* |
| *Terapeut:* | *"Wat doen hulle dan?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Dan probeer hulle die slang wegjaag, kry dit nie altyd reg nie."* |
| *Terapeut:* | *"Wat doen hulle as hulle dit nie regkry nie?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Dan probeer hulle haar wegvat."* |
| *Terapeut:* | *"Waarnatoe vat hulle haar?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Hulle vat haar huis toe, dan sluit hulle die huis se deure."* |
| *Terapeut:* | *"Wat gebeur daarna?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Hulle voel sleg as hulle dit doen."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Passiwiteit, moedeloosheid** |
| *TAT – kaart 2:* | *"Hy het net by die huis gesit en TV kyk."* |
| *Terapeut:* | *"Wat dink hy?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Wat kan hy doen."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Teleurstelling** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Sy ma het met hom geraas."* |
| *Terapeut:* | *"Wat het hy toe gedink?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Wat kan hy doen."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Gebrek aan selfvertroue** |
| *TAT – kaart 8BM:* | *"Hulle wil die ou opereer."* |
| *Terapeut:* | *"Wat het hulle gedink?"* |
| *Deelnemer A:* | *"Of hulle dit gaan regkry."* |

*Terapeut:* *"Hoe het hulle gevoel?"*

*Deelnemer A:* *"Ongelukkig."*

**Tema:** **Behoefte aan ontvlugting**

*TAT – Kaart 6BM:* *"Die kind het weggehardloop."*

*Terapeut:* *"Wat dink sy?"*

*Deelnemer A:* *"Waarheen hardloop sy. "*

*DAP -* *"Partykeer wanneer sy rondhardloop, dan probeer sy weghardloop, partykeer kry sy dit reg."*

**Tema:** **Ongelukkigheid**

*TAT – kaart 6BM:* *"Hulle soek iemand."*

*Terapeut:* *"Wat dink hulle?"*

*Deelnemer A:* *"Waar is hulle."*

*Terapeut:* *"Hoe voel hulle?"*

*Deelnemer A:* *"Ongelukkig."*

*TAT – kaart 1:* *"…hy speel, hy wil speel."*

*Terapeut:* *"Wat dink hy?"*

*Deelnemer A:* *"Hy dink of hy lus is."*

*Terapeut:* *"Hoe voel hy?"*

*Deelnemer A:* *"Ongelukkig."*

*TAT – kaart 3BM:* *"Sy huil."*

*Deelnemer A:* *"Sy dink wat kan sy doen om nie meer te huil nie... Sy voel ongelukkig."*

*TAT – kaart 5:* *"Haar ma soek haar."*

*Deelnemer A:* *"Sy dink waar is haar kind? ... Sy voel ongelukkig."*

*TAT – kaart 9BM:* *"Hulle slaap... Hulle droom terwyl hulle slaap dat hulle van 'n skip afgeval het."*

*Deelnemer A:* *"Hulle voel ongelukkig."*

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Gebrek aan kommunikasie** |
| *TAT – kaart 7BM* | *"Hulle praat met mekaar... Hulle dink oor wat kan hulle praat... Hulle het nie geweet wat kan hulle doen nie...Oor wat kan hulle praat?"* |
| | |
| **Tema:** | **Behoefte aan koestering, aanraking, liefde** |
| *TAT – kaart 10:* | *"Hulle gee mekaar 'n drukkie... Hulle dink wat gaan hulle doen en hulle voel gelukkig."* |
| | |
| **Tema:** | **Behoefte aan sekuriteit** |
| *Drie Wense:* | *"Dat almal weer saam in 'n huis moet bly."* |
| | *"Dat hulle nooit weer sal baklei nie."* |
| *Onvoltooide sinne:* | *"Ek wil baie graag hê…"* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek wil baie graag hê my ma en pa moet bymekaar bly, want anders moet ek elke week by iemand anders gaan kuier. Eers by my ma en dan by my pa."* |
| | |
| **Tema:** | **Behoefte aan samesyn as gesin** |
| *Drie wense:* | *"Dat almal weer saam in 'n huis bly"* |
| | |
| *KFD:* | *Alhoewel egskeiding reeds plaasgevind het en die ouers nie meer saam woon nie, teken hy nog al die figure as deel van die gesin, waar elkeen besig is met sy eie aktiwiteit in dieselfde huis.* |
| | |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek haat…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek haat dit as my ma en pa nie saam is nie."* |
| | *In die geheim…* |
| *Deelnemer A:* | *"In die geheim wil ek hê my ma en pa moet saam kom."* |
| | *Ek verbeel my soms…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek verbeel my soms dat my ma en pa saam is."* |
| | *Ek wil huil as…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek wil huil as my ma en pa nie saam is nie."* |
| | *Ek voel bly as…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek voel bly as my ma en pa saam is."* |

| | |
|---|---|
| | *Ek wens dat…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek wens dat my ma en pa weer saam kom."* |
| | *My gesin…* |
| *Deelnemer A:* | *"My gesin moet gelukkig wees."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Konflikvermyding** |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek het geen tyd vir…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek het geen tyd vir bakleiery nie."* |
| | *Ek is bang…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ek is bang wanneer my ma en pa altyd baklei."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Gebrek aan inisiëring van eie aktiwiteit (volisie)** |
| *TAT – kaart 2:* | *"Hy wil op die perd ry...* |
| | *"Waar kan hy op die perd ry"?..* |
| | *".Bietjie gaan rus".* |
| | *" Hy dink wat kan hy doen terwyl hy rus."* |
| | |
| *Kaart 13 B:* | *"Die seuntjie sit daar...* |
| | *" Hy dink wat kan hy doen want hy is verveeld"* |
| | *"Hy gaan weer speel"...* |
| | *" Hy dink waar kan hy gaan speel."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Skoolverrigting, akademiese prestasie** |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ander kinders…* |
| *Deelnemer A:* | *"Ander kinders hou nie van skool nie."* |

Tydens die egskeidingsproses het deelnemer A die samesyn van sy gesin verloor. Die ondersteuning, liefde en sekuriteit wat die gesin gebied het, bestaan nie meer nie. Wanneer deelnemer A nie veilig voel nie, kan dit sy wil en motivering om deel te neem aan aktiwiteite negatief beïnvloed. Deelnemer A voel moedeloos in hierdie situasie, omdat hy moontlik nie al die ondersteuning beskikbaar het wat hy gehad het voor die egskeiding nie. Egskeiding bring vir die kind verskeie veranderinge en aanpassings mee, en dit kan gevoelens van moedeloosheid veroorsaak omdat dit vir hom moeilik is om by al die veranderinge aan te pas.

Die gewaarwording van hulpeloosheid wat deelnemer A tydens die toepassing van verskeie projeksiemedia openbaar het, kan sy wil en motivering om deel te neem aan sy daaglikse aktiwiteite negatief beïnvloed. Die deelnemer belewe 'n behoefte aan ontvlugting. Hierdie tema word geverifieer deur verskeie projeksiemedia. Die veranderinge, aanpassings en gevoelens van onveiligheid kan veroorsaak dat die deelnemer aan die situasie wil ontvlug, sodat dit nie vir hom nodig sal wees om dit te hanteer nie. Hierdie situasie kan sy wil en motivering beïnvloed om deel te neem aan aktiwiteite, omdat hy net nie meer die energie het om al die veranderinge en aanpassings as gevolg van die egskeidingsproses te hanteer nie.

Deelnemer A wil ontvlug, omdat hy nie meer voldoende energie het om alles te hanteer nie. Volgens die temas wat tydens die afneem van die projeksiemedia geprojekteer is, belewe die deelnemer skuldgevoelens tydens die egskeidingsproses. Sulke skuld-gevoelens by die kind kan moontlik met selfblamering gepaardgaan. Indien die kind homself vir die verbrokkeling van die gesinsisteem blameer, kan sy selfvertroue afneem. Wanneer hierdie kind se selfvertroue negatief beïnvloed word, sal die kind nie die wil en motivering toon om deel te neem aan aktiwiteite nie. Selfvertroue is nodig vir intrinsieke motivering, wat op sy beurt nodig is om die wil en/of volisie te openbaar om aan aktiwiteite deel te neem.

Volgens die opsomming van die temas wat voorgekom by die toepassing van verskeie projeksiemedia en wat belewe word deur deelnemer A, kan sy wil en motivering negatief beïnvloed word.

**DEELNEMER B**

In die geval van deelnemer B het daar alreeds 22 maande na die aanvang van die egskeidingsproses verloop. Deelnemer B se moeder is weer getroud. Dit wil voorkom asof deelnemer B spanning beleef ten opsigte van die hersaamgestelde gesin. Dit blyk dat deelnemer B se stiefvader in die hersaamgestelde gesin hom aan drankmisbruik skuldig maak. Dit blyk dat daar by haar die behoefte bestaan om meer kontak en kommunikasie te hê met haar biologiese vader. Deelnemer B se biologiese vader woon egter nie naby haar nie, en sy kry slegs die geleentheid om haar biologiese vader twee keer per jaar te sien, aangesien vervoerkoste baie hoog is.

Deelnemer B se klasonderwyseres wou graag hê dat deelnemer B aan die navorsingsproses moes deelneem, omdat die onderwyseres deelnemer B beleef as 'n kind wat baie sensitief is en altyd konflik probeer vermy.

Vervolgens word daar stilgestaan by die temas wat herhaaldelik tydens die toepassing van die projeksiemedia by deelnemer B voorgekom het. Hierdie temas word weergegee in tabelvorm.

**TABEL 3.4 DEELNEMER B – TEMAS UIT VERSKILLENDE MEDIA AFGELEI**

| Temas | TAT | Drie wense | DAP | KFD | Onvoltooide sinne |
|---|---|---|---|---|---|
| Wrokgevoelens<br>Aggressie | √<br>Kaart 2<br>Kaart 3GF<br>Kaart 6GF<br>Kaart 7GF | | | | √ |
| Skuldgevoelens | √<br>Kaart 9GF | | | | √ |
| Passiwiteit | √<br>Kaart 2 | | | | |
| Gebrek aan selfvertroue | √<br>Kaart 1 | | | | √ |
| Swak selfbeeld | √<br>Kaart 1 | | | | √ |
| Teleurstelling<br>Moedeloosheid | √<br>Kaart 1 | | | | |
| Hulpeloosheid | √<br>Kaart 3GF<br>Kaart 5<br>Kaart 8GF | | | | √ |
| Magteloosheid | √<br>Kaart 2<br>Kaart 8GF | | | | |
| Behoefte aan ontvlugting | √<br>Kaart 6GF | | | | |

| **Temas** | **TAT** | **Drie wense** | **DAP** | **KFD** | **Onvoltooide sinne** |
|---|---|---|---|---|---|
| Ongelukkigheid | √<br>Kaart 3GF<br>Kaart 7GF | | | | |
| Alleenheid | √<br>Kaart 3GF | | √ | | |
| Ontoereikendheid | √<br>Kaart 5<br>Kaart 13G | | | | √ |
| Behoefte aan koestering | √<br>Kaart 10 | √ | | | √ |
| Vrees | √<br>Kaart 5<br>Kaart 6GF<br>Kaart 9GF | √ | | | |
| Onsekerheid | √<br>Kaart 9GF<br>Kaart 13G | | | | |
| Onveiligheid | √<br>Kaart 9GF | | | | |
| Spanning<br>Angs | √<br>Kaart 1<br>Kaart 3GF<br>Kaart 7GF<br>Kaart 8GF<br>Kaart 9GF<br>Kaart 13G | | | | |
| Ekstrinsieke motivering | √<br>Kaart 2 | | | | |
| Konflikvermyding | √<br>Kaart 3GF | | √ | | √ |

Die volgende temas, wat 'n invloed op deelnemer B se wil- en motiveringslewe kan uitoefen, kom voor by die toepassing van meer as een projeksiemedium:

- Wrokgevoelens
- Skuldgevoelens
- Hulpeloosheid
- Gebrek aan selfvertroue
- Swak selfbeeld
- Gevoelens van alleenheid
- Ontoereikendheid
- Behoefte aan koestering
- Vrees
- Konflikvermyding

Vervolgens word kort uittreksels van onderhoude wat met deelnemer B gevoer is, ter illustrasie van bogenoemde temas weergegee:

**Tema:** **Wrokgevoelens en aggressie**

*TAT – kaart 2:* *"Hulle was soos nou kwaad en sy doen net wat sy wil, maar hulle "...moet nou so werk die heeltyd"*

*TAT – kaart 6GF:* *"Die man is nou soos kwaad vir die vrou...*
*"Die vrou het by die huis gekom en dan het die man net so begin op haar te skreeu... Soos die vrou kan bang wees, maar die man is kwaad...*
*Sy is bang en kwaad."*

*TAT – kaart 7GF: "Die vrou het 'n baba maar nou soos, sê nou maar sy is nou te jonk om al die baba te hê nou is haar ma kwaad...Die ma is kwaad nou omdat die kind die baba gekry het, maar die meisie is bly maar sy is ook hartseer omdat haar ma met haar raas."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek het geen tyd vir…*
*Deelnemer B:* *"Ek het geen tyd vir vir drank nie en as ek dit ruik is ek naar."*

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Skuldgevoelens** |
| *TAT – kaart 9GF:* | *"Dan gaan daar 'n paar mense dood wees en hulle gaan hartseer wees of maar dan gaan hulle, hulle kry, of gaan hulle nie kry nie... Hulle gaan dink hulle moes bymekaar gebly het."* |
| | |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek is jammer…* |
| *Deelnemer B:* | *"Ek is jammer vir al die maatjies as ek al lelik was met hulle."* |
| | |
| **Tema:** | **Passiwiteit** |
| *TAT – kaart 2:* | *"Hulle is gesê wat om te doen. Die vrou hier [vrouefiguur op voorgrond] sy sê vir hulle wat om te doen, dan doen hulle net werk en dan so gaan sy nou weer en dan doen sy ook niks."* |
| | |
| **Tema:** | **Gebrek aan selfvertroue/swak selfbeeld** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Dan sal hy dink hy het nie baie goed gespeel nie, maar hy het darem gespeel."* |
| | |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek verbeel my soms…* |
| *Deelnemer B* | *"Ek verbeel my soms dat ek nie iets kan doen nie en ander beter as ek is."* |
| | |
| **Tema:** | **Teleurstelling/moedeloosheid** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Hy is hartseer, want hy het geoefen nou is dit gebreek."* |
| | |
| **Tema:** | **Hulpeloosheid** |
| *TAT – kaart 3GF:* | *"Sy en die man het baklei. Sy dink nou waar gaan sy bly en soos werk."* |
| | |
| *TAT – kaart 5:* | *"Die vrou is bang, want daar kan dalk soos skelms in haar huis wees. Sy dink sy moet nou die polisie bel, maar hulle is nou soos by die foon en dan wat gaan sy doen?"* |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek wil huil as…* |
| *Deelnemer B:* | *"Ek wil huil as ek iemand anders sien huil. Soms wil ek maar net huil vir niks rede nie."* |

**Tema:** **Magteloosheid**

*TAT – kaart 8GF:* *"Voor die tyd het sy daar gaan sit en toe het sy begin dink, toe het sy, sy het gevoel sy weet nie eintlik nie."*

**Tema:** **Behoefte aan ontvlugting**

*TAT – kaart 6GF:* *"Ek dink hulle sal soos en dan of so uitpraat, of die vrou kan soos gaan, en die man kan gaan, of iets."*

**Tema:** **Ongelukkigheid**

*TAT - kaart 3GF:* *"Die vrou is hartseer."*

*TAT – kaart 7GF:* *"Toe was die ma nog kwaad en die meisie was hartseer."*

**Tema:** **Alleenheid**

*TAT – kaart 3GF:* *"Dan gaan hulle skei."*

*DAP – Terapeut:* *"Kan jy my meer vertel van hierdie persoon?"*
*Deelnemer B:* *"Dit is 'n meisie. Sy is agt jaar oud en in die skool in graad 2... Sy is vriendelik. Sy is vol energie."*
*Terapeut:* *"Hoe voel sy hier?"*
*Deelnemer B:* *"Sy is hartseer om alleen op papier te wees. Sy het niemand by haar nie."*
*Terapeut:* *"Wie sal sy graag by haar wil hê?"*
*Deelnemer B:* *"Sy sal graag haar maats by haar wil hê."*
*Terapeut:* *"Wat doen hulle vir haar dat sy graag haar maats by haar wil hê?"*
*Deelnemer B:* *"Die maatjies ondersteun haar."*

**Tema:** **Ontoereikendheid**

*TAT – kaart 5:* *"Dat sy moet die polisie bel, maar hulle is nou by die foon en dan wat gaan sy doen?"*
*Onvoltooide sinne:* *My Pa…*
*Deelnemer B:* *"My pa bly nogal ver en ons sien hom min."*

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Behoefte aan koestering** |
| *TAT – kaart 10:* | *"Die man en die vrou dans. Hulle voel bly want hulle is nou bymekaar."* |
| *Drie wense:* | *"Om my regte pa meer te sien"* |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek voel bly…* |
| *Deelnemer B:* | *"Ek voel bly as ons iets lekkers doen en as ek by familie en vriende is."* |
| **Tema:** | **Vrees** |
| *TAT – kaart 5:* | *"… hierdie vrou is bang – ja, want sy het daar kan dalk soos skelms in die huis wees... Hulle het haar in die kas gesit dat hulle die goed kan vat... Sy het nie eintlik gedink nie want sy was mos bang gewees."* |
| *TAT – kaart 6GF:* | *"Die vrou kan bang wees, maar die man was kwaad... Sy is bang en kwaad."* |
| *TAT – kaart 9GF:* | *"Ek dink dat dit die aarde het nou soos gebewe met daai lyn wat daar is en nou is die mense bekommerd en bang."* |
| *Drie wense:* | *"Om slegte dinge weg te vat, soos drank."* |
| **Tema:** | **Onsekerheid** |
| *TAT – kaart 9GF:* | *"Wat gaan van hulle word?"* |
| *TAT – kaart 13 G:* | *"Sy het gedink moet sy daarop klim of nie."* |
| *TAT – kaart 8GF:* | *"Voor die tyd het sy daar gaan sit en toe het sy begin dink; toe het sy, sy het gevoel sy weet nie eintlik nie."* |
| **Tema:** | **Onveiligheid** |
| *TAT – kaart 9GF:* | *"Hulle was eintlik bang gewees, want soos net hulle kan doodgaan met die aarde wat bewe."* |

| | |
|---|---|
| **Tema:** | **Spanning/angs** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Die seuntjie is nou bekommerd."* |
| *TAT – kaart 3GF:* | *"Nie te goed nie, sy was baie hartseer."* |
| *TAT – kaart 7GF:* | *Toe was die ma nog kwaad en die meisie was hartseer."* |
| *TAT – kaart 8GF:* | *"Sy voel seker bekommerd of ook hartseer want, bly ook, want sy dink goed gaan gebeur wat haar gaan bly maak en goed gaan gebeur wat haar hartseer maak."* |
| *TAT – kaart 9GF:* | *"Ek dink dat die aarde het nou soos gebewe met daai lyn wat daar is en nou is die mense bekommerd en bang."* |
| *TAT – kaart 13 G:* | *"Ek dink sy is ook bekommerd, want soos sy wil soos bo uitkom en dan, soos dit is moeilik vir haar en dit."* |
| **Tema:** | **Ekstrinsieke motivering** |
| *TAT – kaart 2:* | *"Hulle voel nie so goed nie, maar ook goed. Nie goed nie, omdat hulle nou soos hard werk, maar goed omdat hulle soos gaan kos kry."* |
| **Tema:** | **Konflik** |
| *TAT – kaart 3GF:* | *"Sy en die man het baklei... Dan gaan hulle skei."* |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek hou nie van…* |
| *Deelnemer B:* | *"Ek hou nie van ander kinders by die skool wat lelik is en baklei nie."* |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek het geen tyd vir…* |
| *Deelnemer B:* | *"Ek het geen tyd vir as ons speel kom kinders sommer na ons toe en baklei met ons."* |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ander kinders…* |
| *Deelnemer B:* | *"Ander kinders spot my soms, maar partykeer is hulle vriendelik."* |

*DAP – Terapeut:* *"Waarvan hou sy nie in die skool nie?"*
*Deelnemer B:* *"As die kinders met ander kinders baklei."*
*Terapeut:* *"As die kinders so baklei wat dink sy?"*
*Deelnemer B:* *"Hulle moet ophou en saam speel."*

Wrokgevoelens wat by deelnemer B voorkom, kan haar wil en motivering om aan aktiwiteite deel te neem, negatief beïnvloed. Deelnemer B kan wrokgevoelens beleef ten opsigte van die egskeidingsproses en al die veranderinge en aanpassings wat met hierdie traumatiese tydperk gepaardgaan. Die eerste 24 maande na die begin van die egskeidingsproses word as die mees traumatiese tydperk beleef. Skuldgevoelens wat deelnemer B beleef, kan veroorsaak dat sy haarself blameer vir die egskeiding of vir negatiewe gedrag tydens die egskeiding.

Skuldgevoelens en selfblamering dra by tot 'n gebrek aan selfvertroue en 'n swak selfbeeld, wat die persoon se intrinsieke motivering om aan aktiwiteite deel te neem, negatief beïnvloed. Tydens die egskeidingsproses vind verskeie veranderinge plaas en elke individu beleef hierdie veranderinge en aanpassings op sy unieke wyse, wat die deelnemer alleen kan laat voel. Deelnemer B beleef gevoelens van alleenheid, en het geen ondersteuningstelsel tydens hierdie egskeidingsproses nie, wat haar hulpeloos en ontoereikendheid laat voel. Deelnemer B voel dat sy hierdie veranderinge en aanpassings alleen moet hanteer en het nie meer energie oor om wil en motivering te toon nie. As gevolg van gevoelens van alleenheid en ontoereikenheid is daar 'n behoefte aan koestering by deelnemer B.

'n Behoefte aan koestering en ondersteuning het 'n negatiewe uitwerking op haar wil en motivering, want daar is geen sosiale ondersteuningstelsel nie. Ondersteuning dra by tot intrinsieke motivering en die wil om deel te neem aan aktiwiteite. Deelnemer B ondervind die behoefte aan die samesyn van die gesin omdat sy die gesinsisteem (wat sekuriteit gebied het) verloor het. As deelnemer B onveilig voel en geen gevoel van sekuriteit ervaar nie, word haar wil en motivering om by die veranderinge en aanpassings asook by haar daaglikse aktiwiteite betrokke te raak, negatief beïnvloed. Deelnemer B belewe vrees en konflik. Vrees kan ook afbreuk doen aan haar selfvertroue. Verminderde selfvertroue veroorsaak verminderde intrinsieke motivering en verlaag die wil om deel te neem aan aktiwiteite.

Konflik is 'n tema wat tydens die toepassing van die projeksiemedia by deelnemer B na vore kom, en dit veroorsaak dat sy onveilig voel. Gevoelens van onveiligheid veroorsaak vrees en verminder intrinsieke motivering asook 'n verswakking van die wil om deel te neem aan aktiwiteite of om betrokke te raak by die veranderinge en aanpassings wat tydens en na die egskeidingsproses nodig is.

**DEELNEMER C**

In die geval van deelnemer C het daar slegs 4 weke na die aanvang van die egskeidingsproses verloop. Deelnemer C se klasonderwyseres beveel aan dat hy aan die navorsingsproses moet deelneem, omdat sy hom beleef as 'n kind wat aggressief in die klaskamer is en voortdurend konflik beleef met maats van dieselfde portuurgroep. Deelnemer C se akademiese prestasies het ook agteruitgegaan. Deelnemer C woon tans by sy moeder, aangesien sy vader 'n werk aanvaar het in die buiteland. Baie konflik kom voor tussen deelnemer C se biologiese ouers. Deelnemer C se moeder is baie emosioneel en vind dit moeilik om hom in sy skoolaktiwiteite te steun, omdat sy haar eie rouproses deurloop.

Deelnemer C word herhaaldelik teleurgestel en vind dit moeilik om sy moeder te vertrou. Hy ervaar ook gevoelens van aggressie tydens en na die egskeidingsproses. Deelnemer C ervaar ook spanning, aangesien hy bekommerd is oor sy vader wat in die buiteland werk. Dit is ook vir deelnemer C moeilik om min kontak te hê met sy vader.

Vervolgens word daar stilgestaan by die temas wat herhaaldelik tydens die toepassing van die projeksiemedia by deelnemer C voorgekom het. Hierdie temas word weergegee in tabelvorm.

**TABEL 3.5 DEELNEMER C – TEMAS UIT VERSKILLENDE MEDIA AFGELEI**

| Temas | TAT | Drie wense | DAP | KFD | Onvoltooide sinne |
|---|---|---|---|---|---|
| Wrokgevoelens, aggressie | √<br>Kaart 1<br>Kaart 3BM<br>Kaart 6BM<br>Kaart 7BM<br>Kaart 8BM | | | | √ |

| **Temas** | **TAT** | **Drie wense** | **DAP** | **KFD** | **Onvoltooide sinne** |
|---|---|---|---|---|---|
| Skuldgevoelens | √<br>Kaart 5<br>Kaart 9BM | | | | √ |
| Passiwiteit | √<br>Kaart 1<br>Kaart 9BM | | | | |
| Teleurstelling | √<br>Kaart 1<br>Kaart 13 B | √ | √ | | √ |
| Gebrek aan selfvertroue | √<br>Kaart 1 | | | | |
| Swak selfbeeld | √<br>Kaart 1 | | | | |
| Moedeloosheid | √<br>Kaart 1<br>Kaart 2 | | | | |
| Hulpeloosheid | √<br>Kaart 1<br>Kaart 2<br>Kaart 3BM | | | | |
| Behoefte aan ontvlugting | √<br>Kaart 3BM<br>Kaart 5<br>Kaart 6BM<br>Kaart 7BM<br>Kaart 9BM | | √ | | √ |
| Behoefte aan veiligheid en sekuriteit | √<br>Kaart 3BM<br>Kaart 9BM<br>Kaart 10 | √ | √ | | √ |
| Behoefte aan aanvaarding | √<br>Kaart 7BM | √ | | | √ |
| Onsekerheid | √<br>Kaart 3BM<br>Kaart 5<br>Kaart 6BM<br>Kaart 7BM<br>Kaart 9BM | | | | |
| Alleenheid | √<br>Kaart 1<br>Kaart 2<br>Kaart 13 B | | | | |
| Behoefte aan ondersteuning | √<br>Kaart 1 | | | | |
| Ontoereikendheid | √<br>Kaart 2 | | | | |

| **Temas** | **TAT** | **Drie wense** | **DAP** | **KFD** | **Onvoltooide sinne** |
|---|---|---|---|---|---|
| Hartseer Ongelukkigheid | √ Kaart 3BM | | | | |
| Gebrek aan kommunikasie | √ Kaart 3BM Kaart 7BM | | | | |
| Konflik | √ Kaart 5 Kaart 10 | | | | √ |
| Rebellie | √ Kaart 5 | | | | |
| Vrees | √ Kaart 6BM | | | | |
| Behoefte aan toenadering | √ Kaart 10 | | | | |
| Skoolverrigting, Akademiese prestasie | | | √ | | |

Die volgende temas, wat ‘n invloed op deelnemer C se wil- en motiveringslewe kan uitoefen, het by die toepassing van meer as een projeksiemedium voorgekom:

- Wrokgevoelens
- Skuldgevoelens
- Teleurstelling
- Ontvlugting
- Behoefte aan veiligheid en sekuriteit
- Behoefte aan aanvaarding
- Konflik

Vervolgens word kort uittreksels van onderhoude wat met deelnemer C gevoer is, ter illustrasie van bogenoemde temas weergegee:

**Tema:** **Wrokgevoelens/aggressie**

*TAT – kaart 1:* *“Toe hy iets gevra het toe wou hy met iets gespeel het, toe kom sy met hierdie ding aan en hy verstaan niks nie... Toe sit hy maar net daar en kyk na die ding. Hy wou hom graag nooit gespeel het nie. Ja, hy wou hom nie gespeel het nie.”*

*TAT – kaart 3BM:* *"Sy dink nou hoekom het hierdie ou dit aan haar gedoen? Hoekom hierdie ou nou so met haar, gewees geslaan of so iets... Ek dink dat sy gestap het en iewerste toe het sy, sy het niks verkeerd gedoen nie, toe kom hierdie kwaai oom en toe was hy net kwaad toe slaat die oom haar toe lê sy."*

*TAT – kaart 6BM:* *"Sy dink sy gaan bly wees dat die ou niks aan haar gedoen het haar geslaan het of so iets…"*

*TAT – kaart 7BM:* *"Hy voel, hy voel kwaad, want hy wil graag weet wat is die storie agter hierdie ding…Ek dink na die tyd as dit 'n skelm is sal hulle hom kan kry as die skelm hulle nie agter die kop slaan nie."*

*TAT – kaart 8BM:* *"Ek dink hulle doen 'n operasie... Ek dink een van die outjies, een van hulle vriende was raak geskiet nou wil hulle hierdie geweer "bullet" uithaal van sy liggaam uit. Nou steek hulle hierdie mes in hom en probeer hierdie geweer "bullet" uit te kry uit sy liggaam uit."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek hou nie van*
*Deelnemer C:* *"Ek hou nie van as my ma op my pa skreeu nie."*

*Onvoltooide sinne:* *In die geheim…*
*Deelnemer C:* *In die geheim my geheim is dat ek die kwaad wil stop."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek is bang…*
*Deelnemer C:* *"Ek is bang vir my ma en pa as hulle kwaad is."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek kan…*
*Deelnemer C:* *"Ek kan myself beskerm deur kwaadheid."*

**Tema:** **Skuldgevoelens**

*TAT – kaart 5:* *"Sy het sleg gevoel want sy wou vir die kind jammer gesê het en vir haar 'n drukkie gegee het en net vir haar sê sy moet dit nie weer doen nie...*

| | |
|---|---|
| | *Ek dink na die tyd het sy die kind gaan soek en kyk waar sy is om net vir haar huis toe te bring en jammer te sê en mooi na haar weer te kyk."* |
| *TAT – kaart 9BM:* | *"Hulle het sleg gevoel want hulle het nie geweet hoekom jag die mense hulle nie."* |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek is jammer…* |
| *Deelnemer C:* | *"Ek is jammer as ek iets verkeerd doen met my ma."* |
| *Onvoltooide sinne:* | *Ek wil baie graag…* |
| *Deelnemer C:* | *"Ek wil baie graag hê dat my ma weer gelukkig is."* |
| **Tema:** | **Passiwiteit** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Dit lyk vir my dat hy nie lus is vir iets om te doen nie."* |
| *TAT – kaart 9BM:* | *"Hulle dink hulle is nou moeg, hulle wil net lê en lui wees."* |
| **Tema:** | **Teleurstelling** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Hy voel sleg, want hy het nie die regte ding gekry nie... Hy het gedink hy gaan so bly wees as hy nou sien wat dit is en so aan. Hy het nie geweet nie hy was net nuuskierig wat dit was."* |
| *TAT – kaart 13B:* | *"Hy voel sleg want niemand kom hom haal nie."* |
| *Drie wense:* | *"Dat my ma nie vir my lieg nie en goed belowe."* |
| *Onvoltooide sinne:* | *My ma…* |
| *Deelnemer C:* | *"My ma hou ek ook van, maar sy moet nie op my skreeu nie."* |
| *DAP:* | *"As daar nie vrede is nie gaan dit sleg met skoolwerk."* |
| *Terapeut:* | *"Waar kan mens sien dat dit sleg gaan?"* |
| *Deelnemer C:* | *"Deur sy rapport se punte te sien kan 'n mens sien dat dit sleg gaan."* |
| *Terapeut:* | *"Hoe voel hy?"* |
| *Deelnemer C:* | *"Hy het sleg gevoel en nie gekonsentreer op sy skoolwerk nie."* |

**Tema:** **Gebrek aan selfvertroue/swak selfbeeld**

*TAT – kaart 1:* *"Hy het gedink dat hy hierdie ding gesien het en toe verstaan hy nou niks nie. Hy het nie geweet wat gaan nou aan nie."*

**Tema:** **Moedeloosheid**

*TAT – kaart 2:* *"Toe het sy gevoel, nee wat gaan nou aan, na wat kyk hierdie mense sy verstaan niks nie."*

**Tema:** **Hulpeloosheid**

*TAT – kaart 3BM:* *"Sy het gedink hoekom? Wat het sy gedoen? Wat het nou aangegaan?... Sy het sleg gevoel, want sy weet sy het niks verkeerd gedoen nie."*

**Tema:** **Behoefte aan ontvlugting**

*TAT – kaart 3BM:* *"Ek dink sy gaan nou opstaan en weghardloop en na 'n ander plek toe gaan."*

*TAT – kaart 5:* *"Ek dink dat haar kind uit die venster uitgegaan het en weggehardloop het van die huis af."*

*TAT – kaart 6BM:* *"Sy dink, sy dink sy gaan bly wees dat die ou niks aan haar gedoen het haar geslaan het of so iets en dat sy kan vry wees en dat sy kan weggekom het van die huis af."*

*TAT – kaart 7BM:* *"Ek dink voor die tyd was daar 'n ou wat iets verkeerd gedoen het en toe het hy ontsnap."*

*TAT – kaart 9BM:* *"Ek dink hulle het van iets weggehardloop."*

*DAP:* *"As hy vrede in sy lewe het voel dit of hy bo is."*

*Onvoltooide sine:* *In die aand in my bed…*

*Deelnemer C:* *"In die aand in my bed ek hou daarvan want dan gaan al my probleme weg."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek verbeel my soms…*
*Deelnemer C:* *"Ek verbeel my soms dat ek vry is met my lewe."*

**Tema:** **Behoefte aan veiligheid en sekuriteit**

*TAT – kaart 3BM:* *"Sy dink dat die mense haar sal beskerm teen die ou wat dit gedoen het... Sy voel bly vir hierdie mense wat haar graag help, want dan weet sy, sy is veilig by hulle mense wat haar help."*

*TAT – kaart 9BM:* *"Ek dink hulle gaan weer wakker wees en dan gaan hulle weer verder teruggaan na hulle huis toe.  Hulle sal bly wees, want kyk hulle is nou weg van die ou wat hulle gejaag het."*

*TAT – kaart 10:* *"Ek dink na die tyd gaan die pa haar help en haar iewerste wegsteek en net vir die mense sê hy weet nie waar sy is nie... Sy soek nou net iemand om haar te beskerm vir 'n lang, lang, lang ruk."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek voel bly as…*
*Deelnemer C:* *"Ek voel bly as my ma en pa nie baklei nie."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek wens dat…*
*Deelnemer C:* *"Ek wens dat my ma en pa vriende is."*

*Drie wense:* *"Dat my ma en pa vriende sal wees."*
*"Dat my pa nie my ma sal vloek nie."*

*DAP:* *"Hierdie prent wys vir my liefde, vrede en geduld."*
*Deelnemer C:* *"Hy voel vry."*
*Terapeut:* *"Wat het hom vrygemaak?"*
*Deelnemer C:* *"Dat die ma en pa vrede met mekaar gemaak het."*

**Tema:** **Alleenheid**

*TAT – kaart 2:* *"Sy voel bietjie sleg want sy weet nie wat gaan nou aan om haar nie... Toe het sy gevoel, nee, wat gaan nou aan, na wat kyk hierdie mense, sy verstaan niks nie."*

| | |
|---|---|
| *TAT – kaart 13B:* | *"Hy dink iemand het hom miskien vergeet... Voor die tyd het sy ma vir hom by die skool afgelaai toe sê sy, sy sal hom in die middag optel en toe kom sy nie, want toe bly hy vir 'n lang, lang, lang tyd daar... Hy het gedink dat die ma hom vergeet het."* |
| **Tema:** | **Behoefte aan ondersteuning** |
| *TAT – kaart 1:* | *"Hy het bly gevoel want hy het gedink hy gaan nou hierdie lekker ding kry om mee te werk om sy skoolwerk te verbeter."* |
| **Tema:** | **Ontoereikendheid** |
| *TAT – kaart 2:* | *"Sy het bietjie sleg gevoel want sy weet nie wat gaan nou aan om haar nie."* |
| **Tema:** | **Hartseer/ongelukkigheid** |
| *TAT – kaart 3BM:* | *"Sy is hartseer want iets het met haar gebeur."* |
| **Tema:** | **Behoefte aan kommunikasie** |
| *TAT – kaart 3BM:* | *"Ek dink sy gaan nou opstaan en weghardloop om na 'n ander plek toe te gaan en vir die mense sê wat het gebeur."* |
| *TAT – kaart 7BM:* | *"Ek dink dit is 'n pa wat met hierdie kind praat... Hy fluister iets in die oor dat daar iets gebeur het of gaan gebeur."* |
| **Tema:** | **Behoefte aan aanvaarding** |
| *Onvoltooide sinne:* | *Dit is vir my die lekkerste wanneer…* |
| *Deelnemer C:* | *"Dit is vir my die lekkerste wanneer my ma met my mooi is."* |
| **Tema:** | **Onsekerheid** |
| *TAT – kaart 3BM:* | *"Sy het gedink hoekom wat het sy gedoen, wat het nou aangegaan?"* |
| *TAT – kaart 5:* | *"Sy voel sleg want sy weet nie wat gebeur nie."* |
| *TAT – kaart 6BM:* | *"Sy was bietjie bang want sy het nie geweet wat daar aangaan nie."* |

*TAT – kaart 7BM:* *"… Hulle wil graag weet wat is die storie agter die ding aan dat hulle nie verstaan nie."*

*TAT – kaart 9BM:* *"Hulle het sleg gevoel want hulle het nie geweet hoekom jaag die mense hulle nie."*

**Tema:** **Konflik**

*TAT – kaart 5:* *"Ek dink dat hulle twee het baklei oor iets dat die kind iets verkeerd gedoen het en dat die ma net vir haar pakslae gegee het…"*

*TAT – kaart 10:* *"Ek dink voor die tyd het haar maatjies met haar baklei of grootmense met haar baklei en so."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek haat…*

*Deelnemer C:* *"Ek haat as my ma en my pa baklei."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek wil huil as…*

*Deelnemer C:* *"Ek wil huil as my pa en ma baklei."*

*Onvoltooide sinne:* *Ek voel bly as…*

*Deelnemer C:* *"Ek voel bly as my ma en my pa nie baklei nie."*

**Tema:** **Rebellie**

*TAT – kaart 5:* *"Toe sy daar aangekom het toe, toe kyk sy na hierdie kanaal wat sy nie mag kyk nie en toe raas die ma net."*

**Tema:** **Vrees**

*TAT – kaart 6BM:* *"Sy was bietjie bang, want sy het nie geweet wat daar aangaan nie."*

**Tema:** **Behoefte aan toenadering**

*TAT – kaart 10:* *"Ek dink die meisie het gedink dat sy het weggehardloop, dat sy was bang en toe kom sy net by haar pa aan en haar pa sê vir haar dit is o.k., moenie worry nie, en toe kry sy 'n soen."*

**Tema:** **Skoolverrigting/akademiese prestasie**

*DAP:* *"Dit gaan goed met sy skool werk... As hy nie vrede het nie gaan dit sleg met sy skoolwerk... As hulle baklei gaan dit sleg... Deur sy rapport se punte te sien, kan mens sien dat dit sleg gaan... Sy hart was gebreek daarom kon hy nie konsentreer op sy skoolwerk nie."*

Deelnemer C het konflik belewe voor en na die egskeidingsproses. Hierdie konflik kon die deelnemer onveilig laat voel het. Gevoelens van onveiligheid verminder intrinsieke motivering, en intrinsieke motivering is nodig om die wil te toon om deel te neem. Veranderinge en aanpassings maak deel van die egskeidingsproses uit, en die onderskeie negatiewe gevoelens wat ervaar word tydens die egskeidingsproses vereis baie energie van die deelnemer. 'n Behoefte aan ontvlugting kom voor, omdat die deelnemer geen energie oor het om hierdie veranderinge en aanpassings te hanteer na die egskeidingsproses nie.

'n Afname in energie veroorsaak 'n vermindering in intrinsieke motivering en dus 'n verswakte wil om betrokke te raak by en deel te neem aan aktiwiteite, veranderinge en aanpassings. Deelnemer C ervaar wrokgevoelens oor die situasie waarin hy hom bevind. Hierdie wrokgevoelens verminder ook die wil en intrinsieke motivering om by die veranderinge en aanpassings wat die egskeidingsproses meebring, betrokke te raak. Deelnemer C koester bepaalde verwagtinge en word telkens teleurgestel, wat gevoelens van wanhoop by hom veroorsaak. Ook hierdie wanhoop verminder sy intrinsieke motivering en so dan die wil om deel te neem. Nog 'n voorwaarde vir intrinsieke motivering, is aanvaarding deur ander.

As die deelnemer nie aanvaarding ondervind nie, sal sy gedrag daarop gerig wees om deur ander aanvaar te word, wat beteken dat dit ekstrinsiek gemotiveer sal wees, waar dit intrinsieke motivering is wat nodig is om die wil/volisie te toon om deel te neem aan en betrokke te raak by aktiwiteite.

Die volgende temas het herhaaldelik by deelnemers A, B en C na vore getree tydens die toepassing van die projeksiemedia. Dit wil voorkom asof hierdie temas moontlik 'n invloed kan uitoefen op die wil- en motiveringslewe van elke deelnemer.

**TABL 3.6 OPSOMMING VAN TEMAS WAT HERHAALDELIK VOORGEKOM HET BY DEELNEMERS A, B EN C**

| Temas | Deelnemer A | Deelnemer B | Deelnemer C |
|---|---|---|---|
| Gevoelens van aggressie | √<br>TAT<br>DAP | √<br>TAT | √<br>TAT<br>Onvoltooide sinne |
| Skuldgevoelens | √<br>TAT<br>DAP | √<br>TAT<br>Onvoltooide sinne | √<br>TAT<br>Onvoltooide sinne |
| Passiwiteit | √<br>TAT | √<br>TAT | √<br>TAT |
| Teleurstelling | √<br>TAT | | √<br>TAT<br>Drie wense<br>DAP<br>Onvoltooide sinne |
| Gebrek aan selfvertoue | √<br>TAT | √<br>TAT<br>Onvoltooide sinne | √<br>TAT |
| Swak selfbeeld | √<br>TAT | √<br>TAT | √<br>TAT |
| Hulpeloosheid | √<br>TAT<br>DAP | √<br>TAT | √<br>TAT |
| Behoefte aan ontvlugting | √<br>TAT<br>DAP | √<br>TAT | √<br>TAT<br>DAP<br>Onvoltooide sinne |
| Behoefte aan samesyn/om te behoort/aanvaarding/ koestering | √<br>Drie wense<br>KFD<br>Onvoltooide sinne | √<br>TAT<br>Onvoltooide sine | √<br>TAT<br>Drie wense<br>Onvoltooide sinne |
| Behoefte aan veiligheid en sekuriteit | √<br>Drie wense<br>Onvoltooide sinne | √<br>TAT | √<br>TAT<br>Drie wense<br>DAP<br>Onvoltooide sinne |

Bogenoemde temas wat tydens die afneem van die projeksiemedia by deelnemers A, B en C na vore gekom het, het 'n invloed op die wil- en motiveringslewe van die deelnemers.

### 3.6.4 Vraelyste

Die Intrinsiekemotiveringsvraelys en die Selfregulasievraelys is voltooi deur deelnemer A, B en C. Beide vraelyste bestaan uit twee dele. Die Intrinsiekemotiveringsvraelys is eerste afgeneem, en bestaan uit die Taakgerigte evalueringsvraelys en die Aktiwiteitpersepsie-vraelys.

Die Selfregulasievraelys is die tweede vraelys wat deur al drie deelnemers voltooi is, en bestaan uit die Akademiese selfregulasievraelys en die Prososiale selfregulasievraelys. Vervolgens word beide vraelyste wat afgeneem is asook afsonderlike dele van elke vraelys bespreek en in tabelvorm uiteengesit.

Die eerste deel van die Intrinsiekemotiveringsvraelys, naamlik die Taakgerigte evalueringsvraelys, is deur deelnemers A, B en C voltooi. Die resultate word vervolgens bespreek, en die vier subskale waaruit die eerste deel van die Intrinsiekemotiverings-vraelys bestaan, word uiteengesit in Tabel 3.7. Die vraelys bestaan uit vier verskillende subskale wat 'n aanduiding gee van die deelnemer se intrinsieke motivering, of kan dien as 'n positiewe of negatiewe voorspeller van intrinsieke motivering. In hierdie studie word gefokus op intrinsieke motivering, omdat intrinsieke motivering 'n goeie aanduiding gee van die deelnemer se wil en motivering om deel te neem aan aktiwiteite. Tabel 3.7 gee 'n duidelike uiteensetting van elke deelnemer se subskaal op die Taakgerigte evalueringsvraelys.

In Tabel 3.7 is deelnemer A se subskaal "belangstelling/plesier/vreugde" die hoogste van al vier die subskale. Die subskaal gee 'n goeie aanduiding van intrinsieke motivering, en deelnemer A kan dus beskryf word as 'n kind met 'n gevestigde intrinsiekemotivering-stelsel. Die subskale "waarneembare vaardigheid" en "keuse" is goeie positiewe voorspellers van intrinsieke motivering. Hierdie subskale toon hoër metings as die subskaal "drukking/spanning", wat 'n negatiewe voorspeller van intrinsieke motivering is. Volgens die subskale van die Taakgerigte evalueringsvraelys toon deelnemer A sterk intrinsieke motivering, en dus ook die wil om deel te neem aan en betrokke te raak by aktiwiteite.

Spanning en drukking is wel teenwoordig by deelnemer A, wat die intrinsieke motivering kan beïnvloed. Die subskale wat 'n aanduiding van intrinsieke motivering gee en positiewe voorspellers van intrinsieke motivering is, is egter aansienlik hoër.

Volgens die subskaal "belangstelling/plesier/vreugde" is hoë vlakke intrinsieke motivering by deelnemer B aanwesig (kyk Tabel 3.7). Twee subskale, naamlik "waarneembare keuse" en "waarneembare vaardigheid", is ook positiewe voorspellers by deelnemer B.

Die subskaal "drukking en spanning" toon hoër metings as by deelnemer A en aangesien dit 'n negatiewe voorspeller van intrinsieke motivering is, is die kwaliteit van intrinsieke motivering by deelnemer B laer as by deelnemer A.

Volgens Tabel 3.7 is deelnemer C se resultate beter op die subskaal "belangstelling/ plesier/vreugde" as op die subskaal "drukking/spanning". Die subskaal "waarneembare vaardigheid" toon egter hoër metings as die subskaal "belangstelling/plesier/vreugde", maar is tog 'n positiewe voorspeller van intrinsieke motivering. Die subskaal "waarneembare keuse" is dieselfde as vir die subskaal "drukking/spanning". By deelnemer C is slegs een subskaal 'n positiewe voorspeller van intrinsieke motivering, en hoewel dit teenwoordig is, is dit nie so sterk positief soos by deelnemer A nie.

### 3.6.5 Samevatting


Die volgende kan ter opsomming van die resultate van die projeksiemedia en vraelyste vermeld word:

- Projeksiemediatemas wat by deelnemer B en C voorkom maar nie by deelnemer A nie, is wrokgevoelens en konflikbelewenis. Wrokgevoelens en konflik kan deelnemers B en C onder meer spanning en druk plaas tydens die egskeidingsproses, wat hul intrinsieke motivering en wil om aan aktiwiteite deel te neem, kan beïnvloed.
- Deelnemers B en C het ook meer konflik beleef tydens die egskeidingsproses as deelnemer A, en dit kan ook veroorsaak dat deelnemer B en C meer drukking en spanning as deelnemer A beleef.
- Deelnemer B is die enigste een wat deel is van 'n hersaamgestelde gesin, waar die moeder weer getroud is en die deelnemer saam met 'n stiefvader woon.

Dit kan moontlik 'n rede wees waarom deelnemer B se subskaal "spanning/drukking" hoër is as dié van deelnemer A en C. Die nuwe gesin stel nuwe eise waaraan voldoen moet word, wat die deelnemer onder meer druk en spanning kan plaas en so die intrinsieke motivering kan verminder, aangesien die subskaal "spanning/drukking" 'n negatiewe voorspeller van intrinsieke motivering is.

Dit is belangrik om tydens die toepassing van die projeksiemedia en die vraelyste die omstandighede van die egskeidingsproses in ag te neem. Dit kan ook 'n invloed op die deelnemer se unieke belewenisse uitoefen en groter insig in die uitkoms van die projeksiemedia en die vraelyste gee.

Vervolgens word die resultate van Deel 1 van die Intrinsiekemotiveringsvraelys van al drie deelnemers skematies voorgestel.





**Tabel 3.7 – INTRINSIEKEMOTIVERINGSVRAELYS – Deel 1: Taakgerigte evalueringsvraelys**
http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/intrins.html

Die tweede deel van die Intrinsiekemotiveringsvraelys, naamlik die Aktiwiteitpersepsie-vraelys, is deur deelnemers A, B en C voltooi. Die resultate van die drie subskale waaruit die tweede deel van die Intrinsiekemotiveringsvraelys bestaan, word bespreek en uiteengesit in Tabel 3.8.

Die Aktiwiteitpersepsievraelys gee ook 'n goeie aanduiding van die teenwoordigheid van intrinsieke motivering en vorm deel van die motiveringsvraelys. Die verskil tussen die Aktiwiteitpersepsievraelys en die Taakgerigte evalueringsvraelys is geleë in die subskale waaruit die vraelyste bestaan. Die Aktiwiteitpersepsievraelys bevat geen spanning/ drukking-subskaal nie. Die Aktiwiteitpersepsievraelys het dus geen negatiewe voorspeller van intrinsieke motivering nie, maar slegs positiewe voorspellers, naamlik die subskale "waardebepaling/bruikbaarheid" en "waarneembare keuse".

Intrinsieke motivering is by al drie deelnemers teenwoordig. Volgens Tabel 3.8 is die positiewe voorspeller van intrinsieke motivering by deelnemers A en C teenwoordig, en is die subskaal "waarneembare keuse" meer teenwoordig by deelnemer B. Deelnemers A en C bevind hulle nog binne die eerste 12 maande na die aanvang van die egskeidingsproses, waar deelnemer B haar in die eerste 22 maande na die aanvang van die egskeidingsproses bevind. Dit kan moontlik 'n rede wees waarom die positiewe voorspeller, die subskaal "waarneembare keuse", minder by deelnemer A en C voorkom as by deelnemer C.

Vervolgens word die resultate van die Deel 2 van die Intrinsiekemotiveringsvraelys van al drie deelnemers skematies voorgestel**.**




**Tabel 3.8 – INTRINSIEKEMOTIVERINGSVRAELYS – Deel 2: Aktiwiteitpersepsievraelys**
http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/intrins.html

Die eerste deel van die Selfregulasievraelys, naamlik die Akademiese selfregulasievraelys, is deur deelnemer A, B en C voltooi. Die eerste deel van die Selfregulasievraelys bestaan uit vier subskale wat uiteengesit word in Tabel 3.9.

Die Selfregulasievraelyste gee vir die navorser 'n aanduiding van die regulasie van die persoon se gedrag, met ander woorde: word die aktiwiteit intrinsiek of ekstrinsiek gemotiveer. As die aktiwiteit intrinsiek gemotiveer word, dan is daar selfgedetermineerde gedrag teenwoordig by die deelnemer.


Selfgedetermineerde gedrag dui op meer onafhanklike en selfstandige gedrag. Die vier subskale van die Akademiese selfregulasievraelys gee dus ‘n aanduiding waarom die deelnemer betrokke is by die akademiese aktiwiteite en wat die rede is waarom hy dit aanhoudend verrig. Dit gee ook ‘n goeie aanduiding van of die deelnemer betrokke is omdat hy ekstrinsiek of intrinsiek gemotiveer is. Intrinsieke motivering dui op meer onafhanklike, selfstandige gedrag, wat dan deel van ‘n persoon se wil en volisie uitmaak. Die deelnemer moet selfgedetermineerd wees om volisie te toon.

Volgens die Akademiese selfregulasievraelys wat uitgebeeld word in Tabel 3.9, toon deelnemer A se gedragregulasie hoër op die subskaal “eksterne motivering” as op die geïntegreerde subskaal. Volgens die grafiek toon deelnemer A identifiserende regulasie. Hy aanvaar die waarde van die aktiwiteit en besef die belangrikheid daarvan vir hom as persoon, maar die waarde van die aktiwiteit en aspekte van die self is nog nie geïntegreer nie. Deelnemer A toon minder onafhanklike en selfstandige gedrag. Dit het voorgekom by die TAT dat deelnemer A by verskeie aktiwiteite betrokke wil wees, maar nie weet hoe om dit self te inisieer nie. Dit kan ‘n aanduiding wees van die meer afhanklike gedrag op die Akademiese selfregulasievraelys.

Volgens die Intrinsiekemotiveringsvraelys wat in Tabel 3.9 uiteengesit word, toon deelnemer B intrinsieke motivering, wat selfgedetermineerde gedrag aandui. Die metings op die subskale “indentifiserende regulasie” en “geïntegreerde regulasie” is hoër as dié op die subskaal “eksterne motivering”. Deelnemer B toon meer onafhanklike en selfstandige gedrag tydens die Akademiese selfregulasievraelys.

Deelnemer C toon ook volgens Tabel 3.9 op die Akademiese selfregulasievraelys selfgedetermineerde gedrag. Deelnemer C aanvaar die waarde van die aktiwiteit en integreer dit met aspekte van die self. Deelnemer C se gedrag is onafhanklik en selfstandig op die Akademiese selfregulasievraelys.

Vervolgens word die resultate van die Deel 1 van die Selfregulasievraelys van al drie deelnemers skematies voorgestel.




**Tabel 3.9 – SELFREGULASIEVRAELYS – Deel 1: Akademiese selfregulasievraelys**
http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html

Die tweede deel van die Selfregulasievraelys, naamlik die Prososiale selfregulasievraelys, is deur deelnemer A, B en C voltooi. Die tweede deel van die Selfregulasievraelys bestaan uit drie subskale. Vervolgens word die resultate van die vraelys en afsonderlike subskale bespreek en in Tabel 3.10 uiteengesit.


Volgens Tabel 3.10 neem deelnemer A die regulasies van die aktiwiteit op 'n prososiale gebied in. Die rede hiervoor is dat die introjeksieregulasie van gedrag hoër is as die eksterne regulasie en deelnemer A besef dat die waarde van die aktiwiteit vir hom persoonlik belangrik is. Dit word aangedui deur die subskaal "indentifiserende regulasie".

Volgens Tabel 3.10 aanvaar deelnemer B die waarde van die aktiwiteit en beskou sy dit as belangrik vir die self. Volgens die identifiserende subskaal van die Selfregulasievraelys toon deelnemer B meer onafhanklike en selfstandige gedrag wanneer sy deelneem aan prososiale aktiwiteite.

Deelnemer C toon volgens Tabel 3.10 meer eksterne regulasie van gedrag op die subskaal "eksterne regulasie" van die Prososiale selfregulasievraelys. Die rede kan wees dat deelnemer C volgens die projeksiemedia 'n behoefte het aan aanvaarding. Hierdie behoefte kan die gevolg wees van die eksterne regulasie van gedrag. Hy neem deel aan aktiwiteite omdat hy aanvaar wil word deur mense in sy omgewing, byvoorbeeld sy moeder.

Deelnemer C aanvaar ook die waarde van die aktiwiteit en dat dit vir hom persoonlik belangrik is. Meer onafhanklike en selfstandige gedrag kom na vore. Deelnemer C se eksterne regulasie subskaal is hoër op die Prososiale selfregulasievraelys as dié van deelnemer A en B. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat daar 'n behoefte bestaan aan aanvaarding deur die moederfiguur, wat nie by een van die ander twee deelnemers na vore kom nie.

Vervolgens word die resultate van die Deel 2 van die Selfregulasievraelys van al drie deelnemers skematies voorgestel**.**




**Tabel 3.10 – SELFREGULASIEVRAELYS – Deel 2: Prososiale selfregulasievraelys**
http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html

## 3.7 OPSOMMING VAN VRAELYSTE

Dit wil voorkom asof, wanneer daar tydens die egskeidingsproses probleme in die verhouding tussen ouers en kinders voorkom, dat die kind in die middelkinderjare meer eksterne regulasie in sy gedrag toon. As daar na die egskeiding probleme in die omgewing ervaar word, kan die kind sy gedrag meer ekstern reguleer om hierdie probleme wat ervaar word, te probeer oplos.

Volgens die onderskeie vraelyste (sien aangeheg) is dit moontlik dat die kind in die middelkinderjare wat hom in die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses bevind, intrinsieke motivering en selfgedetermineerde gedrag kan openbaar. Dit blyk dat die kind tydens en na die egskeidingsproses probleme met sosiale verhoudinge of 'n behoefte aan aanvaarding kan ondervind, en dat sy gedragregulasie meer ekstern kan wees.

Verskeie temas het na vore gekom by die toepassing van die projeksiemedia op deelnemers A, B en C. 'n Moontlike rede vir die groot aantal temas wat by die toepassing van die projeksiemedia na vore gekom het, kan wees dat die kind in die middelkinderjare gebeurtenisse meer emosioneel beleef, soos bespreek in die literatuurstudie (hoofstuk 2).

Volgens die resultate van die vraelyste en die projeksiemedia wil dit voorkom asof die kind in die middelkinderjare op unieke wyse betekenis gee aan belewenisse wat hy ten opsigte van die egskeidingsproses ervaar. Sekere innerlike begeertes en behoeftes wat die kind tydens die egskeidingsproses ervaar, kan 'n effek op sy wil- en motiveringslewe uitoefen. Volgens die resultate kan eksterne faktore ook 'n invloed op die wil- en motiveringslewe van die kind uitoefen, soos bespreek in hoofstuk 2.

## 3.8 TEN SLOTTE

In hierdie hoofstuk is gekyk na die navorsingsprobleem, die navorsingsdoel en die navorsingsmetode waarvan daar in die navorsingsproses gebruik gemaak is. Die empiriese ondersoek is bespreek en die resultate van die empiriese ondersoek is weergegee. In die volgende hoofstuk word 'n samevatting van die bevindinge, tekortkominge en aanbevelings van die navorsing verstrek.

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS WAT DAARUIT VOORTSPRUIT

### 4.1 INLEIDING

**"Kinders wat 'n egskeiding moet verwerk ly dikwels meer as hulle ouers. Hulle lewe word uitmekaar geskeur, en hulle is nie seker hoekom nie. Hulle word oorstroom met emosies wat hulle nie verstaan nie. Soms dink hulle die ontwrigting is hulle skuld. Dit is sonder twyfel swaar om 'n kind te wees en jou ouers gaan uitmekaar. Maar ook aan hulle is my boodskap: Jy kan herstel. Dit maak nie saak hoe seer dit op hierdie oomblik maak nie, dinge sal regkom. Jy kan deur en uit hierdie slegte ervaring groei" (Whiteman 2007:1).**

Bogenoemde woorde deur Whiteman (2007:1) maak dit so duidelik dat daar 'n boodskap van hoop is vir die kind wat die egskeidingsproses beleef. Die sielkundige kan 'n bydrae lewer tot hierdie hoopvolle en positiewe verandering vir die kind wat hom tydens sy ouers se egskeiding in die sielkundige se spreekkamer bevind. Kinders wat die egskeiding van hul ouers deurmaak, beland dikwels in sielkundiges se spreekkamers omdat hulle bepaalde gedragsprobleme by die skool en by die huis openbaar. Die rede hiervoor kan wees dat die kind die veranderinge wat die egskeidingsproses meebring, nie maklik vind nie, en dat die kind nie oor die wil en motivering beskik om aan te pas en betrokke te raak by sy veranderde omstandighede nie.

Die oogmerk van hierdie studie is om te bepaal watter instrumente of mootlike metodes aangepas en gebruik kan word om die opvoedkundige sielkundige in staat te stel om die aard en kwaliteit van die kind se wil- en motiveringslewe binne die eerste 24 maande na egskeiding te bepaal. Die literatuurstudie in hoofstuk 2 het aangedui dat insig in die kind se ontwikkelingsfase aan die opvoedkundige sielkundige die geleentheid bied om die kind se betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses beter te verstaan.

Volgens die literatuurstudie in hoofstuk 2 het egskeiding 'n effek op die kind in die middelkinderjare, en kan verskeie eksterne en interne faktore die wyse waarop die kind by sy nuwe en veranderde omstandighede aanpas, beïnvloed.

Die empiriese navorsing beskryf in hoofstuk 3 het dit duidelik gemaak dat interne en eksterne faktore 'n bepalende rol speel ten opsigte van die effek van egskeiding op die kind se wil en motivering om deel te neem aan en betrokke te raak by sy nuwe en veranderde omstandighede. Dit blyk dus dat daar 'n geleentheid vir navorsers in die opvoedkundige sielkunde bestaan om positiewe insette te lewer ten opsigte van die wil- en motiveringslewe van die kind tydens die eerste 24 maande na die egskeiding.

Insigte oor die effek van egskeiding op die wil en motivering van die kind in die middelkinderjare kan moontlik aan die opvoedkundige sielkundige se behandelingsmetodes rigting te gee, nadat assesseringsprosedures plaasgevind het. In hierdie hoofstuk word 'n opsomming van die literatuurstudie (hoofstuk 2) en die empiriese ondersoek wat in hoofstuk 3 onderneem is, verskaf. Die hoofstuk word afgesluit met 'n verwysing na probleme wat tydens die navorsing ondervind is, asook aspekte van die effek van die egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare wat moontlik verdere navorsing regverdig.

## 4.2 SAMEVATTING VAN EN BEVINDINGE OP GROND VAN DIE LITERATUURSTUDIE, EN AANBEVELINGS WAT DAARUIT VOORSTSPRUIT

### 4.2.1 Samevatting van die literatuur

'n Literatuurstudie is onderneem om navorsing oor die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare te ondersoek. Relevante literatuur (soos artikels in vakverwante publikasies en boeke) is bestudeer om die navorsingsvraag te ondersoek. Hieronder volg 'n bondige omskrywing van egskeiding en die effek daarvan op die wil en motivering van die kind in die middelkinderjare, waarna enkele bevindinge gegrond op die deeglike literatuurstudie wat onderneem is, verstrek word.

Egskeiding kan gedefinieer word as die "ontbinding van 'n huwelik deur die hof" (Butler et al 2003:9). Die beginpunt van die egskeidingsproses is wanneer een van die huweliksmaats die huis verlaat of wanneer hulle dit vir die eerste keer bekend maak dat hulle van voorneme is om die huwelik te beëindig. Die egskeidingsproses kan in verskillende fases verdeel word. Hierdie fases gee 'n aanduiding van die veranderinge wat in die rolle, roetines en verantwoordelikhede binne die gesinsisteem plaasvind (Louw et al 1998:359).

Tydens die egskeidingsproses beleef alle kinders die normale rouproses – hulle ervaar ontkenning, woede en depressie (Whiteman 2007:48). Hierdie emosies oefen 'n invloed uit op die kind se wil en motivering om betrokke te raak by en deel te neem aan daaglikse aktiwiteite.

Tydens die egskeiding verander die gesinslewe in baie opsigte. Hierdie veranderinge wat deur die kind belewe word stel addisionele ontwikkelingseise aan die kind (Schick 2002:5). Hierdie nuwe eise kan 'n negatiewe uitwerking op die kind hê, wat in die kind se algemene optrede na die egskeiding sigbaar kan word (Smit 1999:18).

Dit blyk dat kinders binne twee jaar daarin slaag om hulle ervarings te verwerk en by hul nuwe en veranderde omstandighede aan pas. Die wyse waarop die kind by sy nuwe en veranderde omstandighede aanpas, hang af van verskeie interne en eksterne faktore. Interne faktore is veranderlikes wat met die kind self verband hou, soos die kind se ontwikkeling en ouderdom, geslag, temperament en intrinsieke motivering. Intrinsieke motivering is motivering vir gedrag wat voortspruit uit die gedrag self (Plug et al 2007:167).

Die belangrikste faktor wat 'n rol speel in die kind se wil, is intrinsieke motivering. Die Selfdeterminasieteorie (SDT) beklemtoon die basis op grond waarvan elke individu selfmotivering ontwikkel, sowel as die omstandighede wat selfmotivering kan bevorder of belemmer. Die Selfdeterminasieteorie is belangrik in hierdie studie omdat dit op selfmotivering betrekking het, maar ook erken dat eksterne faktore moontlik 'n invloed op die selfmotivering van die kind kan uitoefen (Ryan & Deci 2000:68). Die Selfdeterminasie-teorie wentel daarom dat die mens drie aangebore psigologiese behoeftes besit (Deci & Vansteenkiste 2004:25).

Hierdie behoeftes is universele noodsaaklikhede vir proaktiwiteit, optimale ontwikkeling en psigologiese gesondheid (Deci & Vansteenkiste 2004:25). Eksterne faktore verwys na invloede van buite die kind soos omgewingsverandering, die verlies van 'n sosiale ondersteuningstelsel, konflik tussen ouers tydens en na die egskeidingsproses, ouers se aanpassing tydens die egskeidingsproses, volgehoue kontak met beide ouers na die egskeiding, en effektiewe kommunikasie tussen ouer en kind tydens die egskeidingsproses.

Die kind in die middelkinderjare bevind homself in die konkreet-operasionele fase van Piaget se ontwikkelingsteorie (Louw et al 1998:82). Tydens die konkreet-operasionele fase vind kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling plaas.

Die ontwikkeling van die wil en outonomie vind ook plaas tydens die konkreet-operasionele fase (Wadsworth 2004:103-104). Die mens se psigiese aktiwiteit word dikwels aan die hand van kognitiewe, konatiewe en affektiewe komponente beskryf (Plug et al 2007:8). In hierdie studie word daar grootliks op die konatiewe komponent gefokus, omdat dit die kind se wil en intensie om keuses te doen met die doel om doelwitte te bereik, insluit. Die konatiewe komponent behels dus die selfregulerende, intensionele aktiwiteite van menswees, wat persoonlike motivering asook wilskrag insluit (Deci & Ryan 2000:233).

Die wil en motivering maak deel van die kind se kognitiewe ontwikkeling uit. Om die rede word daar in hierdie studie ondersoek ingestel na die kognitiewe ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare. Die brein is die sentrum van emosies en motivering (Reeve 2004:47). Terwyl die brein bepaalde funksies uitvoer, neem dit ook kennis daarvan of die individu die funksies wil verrig (motiveringsbrein) en wat die individu se gemoedstoestand is terwyl hy dit verrig (emosionele brein) (Reeve 2004:47). Hierdie studie fokus dus ook op die verskillende dele van die brein en op hoe dit funksioneer om gevoelens, denke en gedrag te produseer.

### 4.2.2 Bevindinge op grond van die literatuur

Die volgende bevindinge word op grond van die literatuurstudie gemaak:

- Egskeiding is geen onbekende fenomeen nie. Miljoene mense word op ‘n daaglikse basis in die samelewing geraak deur egskeiding.
- Die aanvang van die egskeidingsproses lui vir elke lid van die gesin ‘n tydperk van ingrypende verandering in.
- Die veranderinge wat tydens die egskeidingsproses plaasvind, is vir elke lid van die gesinsisteem waarin die kind funksioneer ‘n reeks stresvolle ervarings, en kan gepaardgaan met emosionele hoogtepunte en laagtepunte.

- Die egskeidingsproses kan in verskillende fases ingedeel word, naamlik: die verbrokkelingsperiode/pre-egskeidingsfase, die eksperimentele tydperk, die egskeidingsfase (Smit 1999:33), die postegskeidingsfase (Smit 1999:34) en die ekwilibrium.
- Egskeiding het 'n effek op die kind, omdat dit waaraan die kind gewoond was, verander.
- Kinders belewe emosies soos ontkenning, woede, depressie, onsekerheid, 'n sterk begeerte dat ouers herenig moet word, hartseer, verlies, alleenheid, ongeloof, wanhoop, verwarring, vrees en angs tydens die egskeidingsproses (Smit 1999:36; Whiteman 2007:48).
- Kinders bereik gewoonlik binne twee jaar na die aanvang van die egskeidingsproses 'n punt van aanvaarding.
- Die emosies wat die kind tydens die egskeidingsproses ervaar, kan 'n invloed op die kind se selfkonsep asook op sy wil en motivering uitoefen.
- Gevoelens wat die kind tydens die egskeidingsproses ervaar, kan die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep belemmer.
- 'n Swak selfkonsep tydens die egskeidingsproses kan lei tot die ontwikkeling van gevoelens van ontoereikendheid, wat manifesteer in gebrekkige selfvertroue (Unisa 2003:21).
- Gebrekkige selfvertroue kan die kind se intrinsieke motivering om betrokke te raak by en te voldoen aan eise wat aan hom gestel word, verswak.
- Kinders word tydens die eerste twee jaar na die egskeidingsproses emosioneel dermate gedreineer dat hul nie veel energie oor het om te voldoen aan skolastiese of akademiese eise nie.
- Die wyse waarop die kind by sy nuwe, veranderde omstandighede aanpas, hang van verskeie interne en eksterne faktore af.
- Die sosiale, kognitiewe en emosionele ontwikkeling van die kind bepaal op watter wyse hy die egskeidingsproses verstaan en die spesifieke manier waarop hy die proses beleef en hanteer.
- Seuns en dogters kan verskillende gedrag openbaar tydens en na 'n stresvolle situasie soos die egskeidingsproses.
- Kinders met 'n "moeilike" temperament vind dit nog moeiliker om by veranderde omstandighede aan te pas (Smit 1999:50).

- Egskeiding maak deel uit van die sosiale omgewing wat ongunstig is vir die mens se positiewe neiging tot intrinsieke motivering.
- Gevoelens van stres vergesel die kind gewoonlik die eerste twee maande van die egskeidingsproses as gevolg van omgewingsveranderinge.
  Tydens hierdie omgewingsverandering word die kind ontneem van sy sekuriteit, wat gevoelens van onsekerheid en verwarring skep.
- Volgehoue kontak van die kind met beide ouers na die egskeidingsproses en effektiewe kommunikasie tussen ouers en kind kan die kind help om die egskeidingsproses beter te verstaan en veranderinge en aanpassings wat met die egskeidingsproses gepaardgaan, beter te hanteer.
- Effektiewe kommunikasie tussen ouers en kind berei die kind voor aangaande wat om te verwag in die toekoms en dit kan hom laat veiliger voel in hierdie tydperk van onsekerheid.
- Konflik tussen ouers tydens en na die egskeidingsproses veroorsaak dat die kind die proses as spanningvol beleef. Die voortdurende gevoelens van spanning kan die kind se wil en motivering negatief beïnvloed.
- Indien ouerskap tydens hierdie traumatiese periode agteruitgaan, kan kinders minder positiewe betrokkenheid van hulle ouers beleef en gevoelens van verwerping en alleenheid ervaar, wat hulle wil en motivering om deel te neem aan daaglikse aktiwiteite beïnvloed.
- ‘n Positiewe houding en ondersteuning deur albei ouers kweek by die kind die wil om positiewer te reageer op aanpassings en veranderinge.
- Volgens die Selfdeterminasieteorie (SDT) kan die vele aanpassings en veranderinge van die egskeidingsproses, wat buite die kind se beheer is, die bevrediging van die kind se psigiese behoeftes verhinder, wat tydens die eerste 24 maande daartoe kan lei dat die kind nie effektief in sy omgewing kan optree nie.
- Navorsing (Petri & Govern 2004:358) bewys dat mense opgee wanneer hulle besef dat hulle geen kontrole oor hul omgewing het nie. Wanneer die kind opgee, beteken dit dat sy motivering en daarmee saam sy wil om aktief by sy daaglikse aktiwiteite betrokke te raak,afneem.
- Tydens die egskeidingsproses word die kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte van die kind se psige betrek.

- Die kognitiewe domein verskaf inligting aan die opvoedkundige sielkundige oor hoe die kind betekenis gee aan die egskeidingsproses.
- Die affektiewe domein gee inligting oor die emosionele belewenis van die kind tydens die egskeidingsproses.
- Die konatiewe domein gee 'n aanduiding van die kind se wil en motivering tydens die egskeidingsproses.
- Die middelkinderjare strek van die ouderdom van sewe tot twaalf jaar.
- Die ontwikkeling van die wil en outonomie vind plaas tydens die middelkinderjare (Petri & Govern 2004:103-104).
- Die kind se wil en motivering vorm deel van sy kognitiewe ontwikkeling. Hierdie wil en motivering bepaal of hy doelgerig optree in die aktiwiteit waarby hy betrokke raak.
- Die verskillende funksies van die brein is belangrik, aangesien dit die kind se gedrag tydens die egskeidingsproses beter toelig.
- Die brein se funksies bestaan uit die kognitief-intellektuele deel, die motiveringsbrein en die emosionele brein.
- Die brein bestaan uit die voorbrein, middelbrein en agterbrein. Al drie genoemde dele bestaan uit strukture wat essensiële funksies verrig vir oorlewing sowel as vir hoë-orde-denke en emosies (Sternberg 2004:78).
- Die ontwikkeling van die brein kan moontlik lig werp op die kind in die middelkinderjare se reaksies tydens en na die egskeidingsproses.
- Volgens Giedd (in Wallis 2004:50) ontwikkel die agterkant van die brein, wat as die agterbrein bekend staan, eerste. Die voorkant van die brein, wat as die voorbrein bekend staan, ontwikkel laaste.
- Die voorbrein, waar die serebrale korteks geleë is, is saam met die prefrontale korteks die laaste dele van die brein wat ontwikkel en volwassenheid bereik.
- Dit wil voorkom asof die gedeelte van die brein waar die amigdala geleë is, meer volwasse is by die kind in die middelkinderjare as die gedeelte van die voorbrein waar die serebrale korteks en die prefrontale korteks geleë is.
- Die amigdala is die emosionele sentrum van die brein. Die kind in die middelkinderjare is dus meer geneig om eerder emosionele gedrag as realistiese, suiwer denke te openbaar.

- Die kind in die middelkinderjare kan oorspoel word met negatiewe emosies tydens die egskeidingsproses, wat soveel energie van die kind vereis dat hy geen wil en motivering kan bybring om deel te neem aan wat daagliks in die samelewing van hom verwag word nie.
- Die kind in die middelkinderjare se breinontwikkeling maak dit duidelik waarom hierdie kind so intens deur egskeiding geraak word.
- Die vlak van die kind se kognitiewe ontwikkeling bepaal in groot mate hoe die kind betekenis gee aan die egskeidingsproses en hoe die kind die egskeidingsproses beleef.
- Die dopamienvlakke in die kind se brein beïnvloed emosies.
- Dopamien word vrygestel deur stimuli wat vreugde en satisfaksie verskaf. As dopamien vrygestel word, motiveer dit die persoon om op te tree en deel te neem in sy omgewing. As minder dopamien vrygestel word, toon die individu 'n afname in die wil en motivering om aktief betrokke te raak in sy omgewing.
- Die omgewing waarin die kind in die middelkinderjare hom tydens die egskeidingsproses bevind, voldoen weens verskeie interne en eksterne faktore nie aan die kind se verwagtinge nie, wat die dopamienvlakke in die brein verlaag en 'n negatiewe uitwerking het op die wil en motivering van die kind.

Aan die hand van die bevindinge van die literatuurstudie het die navorser die fenomeen verder verken deur projeksiemedia en vraelyste ten opsigte van drie kinders in die middelkinderjare af te neem. Die doel hiervan was om die aard en kwaliteit van die wil- en motiveringslewe van die kind binne die eerste 24 maande van die egskeidingsproses te identifiseer. Die samevatting, bevindinge en aanbevelings wat uit die empiriese ondersoek voortspruit, word vervolgens bespreek.

### 4.2.3 Aanbevelings ten opsigte van die literatuurstudie wat onderneem is

Na afloop van die literatuurstudie in hoofstuk 2 vir hierdie navorsing van beperkte omvang het die navorser bevind dat daar beperkte literatuur beskikbaar is ten opsigte van die ontwikkeling van die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare. Op grond van hierdie studie van beperkte omvang word daar dus aanbeveel dat meer literatuur beskikbaar gestel moet word oor die ontwikkeling van die wil- en motiveringsaspek van die kind.

Die literatuur sal 'n insiggewende bydrae tot die studieveld van die opvoedkundige sielkundige lewer, omdat die kind se wil en motivering dikwels beïnvloed word deur verskeie lewensgebeurtenisse, waarvan egskeiding 'n voorbeeld is.

## 4.3 SAMEVATTING VAN EN BEVINDINGE OP GROND VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK, EN AANBEVELINGS WAT DAARUIT VOORTSPRUIT

### 4.3.1 Samevatting van die empiriese ondersoek

Blootstelling aan gevallestudies deur professionele persone wat met kinders uit gebroke gesinsisteme gewerk het, het die navorser as student in die opvoedkundige sielkunde bewus gemaak van die effek van egskeiding op die kind, en genoop om 'n studie te onderneem oor die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare asook oor hoe die opvoedkundige sielkundige die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare kan identifiseer.

Die steekproef het bestaan uit drie kinders wat hulle binne die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses bevind. Hul ouderdomme het van 11 tot 12 jaar gewissel. Elkeen van die drie kinders het hom of haar op tydstip tydens die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses bevind. Al drie die kinders was aan verskillende eksterne faktore blootgestel tydens die egskeidingsproses.

Projeksiemedia is aan elke kind voorgelê (kyk afdeling 3.4.3.2, a-e). Die eerste onderhoud het gevolg direk na die voltooiing van die eerste projeksietegniek, wat as aanknopingspunt gedien het, en deur middel van die onderhoud het die navorser seker gemaak dat enige onsekerhede uit die weg geruim word. Die doel van die toepassing van die projeksiemedia was om te kyk na elke kind se unieke betekenisgewing aan, belewinge van en betrokkenheid by die egskeidingsproses. Nadat die projeksiemedia afgeneem is en die navorser 'n vertrouensverhouding met elke deelnemer opgebou het, is die kinders die geleentheid gebied om twee vraelyste te voltooi (kyk afdeling 3.4.3.2, h). Die doel van die vraelyste was om inligting te verkry wat spesifiek op die navorsingsvraag gefokus sou wees.

Kwalitatiewe navorsing is in hierdie studie gebruik om die aard en kwaliteit van die wil- en motiveringslewe van die kind binne die eerste 24 maande van die egskeidingsproses te identifiseer en te ondersoek, wat deelnemende waarneming, onderhoudvoering en die implementering van projeksiemedia en vraelyste ingesluit het.

Data wat uit die getranskribeerde reaksies van die kinders op die projeksiemedia verkry is, is deur middel van kodering geanaliseer om sekere temas in die rou data te identifiseer (kyk afdeling 3, voorbeeld 3.1).

Die navorser het tydens die afneem van spesifieke projeksiemedia en vraelyste met drie kinders in die middelkinderjare ondersoek ingestel na die effek van egskeiding op die aard en kwaliteit van die kinders se wil- en motiveringslewe. Uit die vraelyste en projeksiemedia het dit geblyk dat die kinders in die middelkinderjare tydens die egskeidingsproses gevoelens kan belewe en betekenis aan gebeure kan gee wat ‘n effek kan hê op die wil en motivering van die kind.

Volgens die vraelyste wat afgeneem is, kan die kind in die middelkinderjare wat hom in die eerste 24 maande van die egskeidingsproses bevind, intrinsieke motivering en selfgedetermineerde gedrag openbaar. Wat wel ‘n invloed op die kind se wil en motivering tydens die egskeidingsproses uitoefen, is die eksterne faktore waaraan hy blootgestel word, byvoorbeeld probleme met sosiale verhoudinge.  Dit kan ‘n uitwerking hê op die kind in die middelkinderjare se intrinsieke motivering omdat hierdie probleme veroorsaak dat die kind se gedragsregulasie meer ekstern van aard is.

### 4.3.2 Bevindinge op grond van die empiriese ondersoek

Uit die projeksiemedia en vraelyste blyk die volgende:

- Elke kind in die middelkinderjare gee op unieke wyse betekenis aan en ervaar belewinge ten opsigte van die egskeidingsproses.
- Die kind in die middelkinderjare kan tydens die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses verskeie negatiewe belewenisse ervaar.
- Die negatiewe ervaringe en belewenisse kan ‘n invloed uitoefen op die wil en motivering van die kind in die middelkinderjare.

- Die volgende gevoelens wat die kind in die middelkinderjare ervaar, kan 'n invloed op sy wil- en motiveringslewe uitoefen: aggressie, skuldgevoelens, gevoelens van passiwiteit, 'n gebrek aan selfvertroue, 'n swak selfbeeld, hulpeloosheid, asook 'n behoefte aan ontvlugting, samesyn, aanvaarding, koestering, veiligheid en sekuriteit.
- Sekere gevoelens wat die kind in die middelkinderjare beleef, soos gevoelens van aggressie, kan hom onder meer spanning en drukking tydens die egskeidingsproses plaas, en dit kan 'n invloed op sy wil- en motiveringslewe uitoefen.
- Intrinsieke motivering en selfgedetermineerde gedrag kan teenwoordig wees by kinders in die middelkinderjare wat hulle in die eerste 24 maande na die aanvang van die egskeidingsproses bevind, afhangend van die interne en eksterne faktore wat deel van die egskeidingsproses uitmaak.
- Spanning en drukking wat die kind in die middelkinderjare tydens die eerste 24 maande van die egskeidingsproses as gevolg van interne en eksterne faktore ervaar, kan 'n uitwerking hê op die aard en kwaliteit van die kind se selfregulerende gedrag en dus ook intrinsieke motivering.
- Sekere eksterne faktore soos byvoorbeeld die blootstelling van die kind in die middelkinderjare aan konflik tussen ouers tydens die egskeidingsproses, kan die kind onder meer spanning en drukking plaas, en dit kan 'n invloed op sy wil- en motiveringslewe uitoefen.
- Verhoudingsprobleme tussen ouers en die kind in die middelkinderjare tydens die egskeidingsproses kan meebring dat die kind meer eksterne regulasie in gedrag toon, omdat hy moontlik nou 'n behoefte aan aanvaarding en 'n vrees vir verwerping het. Selfregulerende gedrag en daarmee saam intrinsieke motivering neem dus af. Die gedrag vind dus plaas as gevolg van ekstrinsieke motivering en nie intrinsieke motivering nie.

### 4.3.3 Aanbevelings op grond van die empiriese ondersoek

Die doel van die empiriese ondersoek in hierdie verhandeling van beperkte omvang is om te bepaal hoe die opvoedkundige sielkundige die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare kan bepaal. Die volgende aanbevelings kan dus nou gemaak word ten opsigte van die bepaling van die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind, wat 'n positiewe bydrae kan lewer tot die studieveld van die opvoedkundige sielkundige:

- Die opvoedkundige sielkundige moet 'n vertrouensverhouding met die deelnemer/kliënt opbou. Die rede hiervoor is om 'n klimaat te skep waarin die deelnemer/kliënt veilig voel om eerlike en betroubare antwoorde te verskaf.
- Nadat die opvoedkundige sielkundige 'n vertrouensverhouding met die deelnemer/kliënt opgebou het, kan verskeie projeksiemedia aan die deelnemer/kliënt voorgelê word.

  Die voorlegging van projeksiemedia stel die opvoedkundige sielkundige in staat om bewus te word van die deelnemer/kliënt se unieke betekenisgewing aan, belewing van en betrokkenheid by die egskeidingsproses. Dit stel die opvoedkundige sielkundige ook in staat om die wêreld van die deelnemer/kliënt te betree en dit vanuit sy verwysingsraamwerk te beskou.
- Dit is belangrik dat die opvoedkundige sielkundige na die afhandeling van elke projeksietegniek 'n onderhoud met die deelnemer/kliënt moet voer om seker te maak dat enige onduidelikhede uit die weg geruim word en sodat die opvoedkundige sielkundige nie verkeerde gevolgtrekkings maak nie.
- Die eerste projeksietegniek wat die opvoedkundige sielkundige kan gebruik om die effek van die egskeidingsproses op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare te bepaal, is die menstekening (draw a person – DAP). Die menstekening stel die opvoedkundige sielkundige in staat om die subjektiewe wêreld van die kind in die middelkinderjare te betree.
- Die tweede projeksietegniek wat die opvoedkundige sielkundige aan die kind in die kind middelkinderjare kan voorlê, is die kinestetiese gesinstekening (kinetic family drawing – KFD). Die KFD verskaf 'n aanduiding van die deelnemer/kliënt se beskouing van sy gesinstrukture en die patrone waaruit die gesinsisteem bestaan.
- Die derde projeksietegniek wat die opvoedkundige sielkundige kan gebruik, is die tematiese apersepsietoets (TAT). Slegs die volgende kaarte is tydens die empiriese ondersoek gebruik: Kaart 1, 2 , 3BM/3GF, 5, 6BM/6GF, 7BM/7GF, 8BM/8GF, 9BM/9GF, 10, 13B/13G.
- Die vierde projeksietegniek wat die opvoedkundige sielkundige kan gebruik, is sinsvoltooiing.

- Die vyfde projeksietegniek wat die opvoedkundige sielkundige aan die deelnemer/kliënt kan voorlê, is "drie wense". Dit stel die opvoedkundige sielkundige in staat om meer van die deelnemer/kliënt se belewenisse te wete te kom.
- Nadat die projeksietegnieke afgehandel is, kan die opvoedkundige sielkundige die Intrinsiekemotiveringsvraelys en die Selfregulasievraelys afneem.

Die kombinasie van bogenoemde instrumente is 'n aanduiding van hoe te werk gegaan kan word om die stand van die kind se wil- en motiveringslewe te bepaal en op watter wyse die opvoedkundige sielkundige hierdie inligting kan gebruik om die kind se aanpassingsproses te fasaliteer tydens en na die egskeidingsproses.

## 4.4 PROBLEME WAT TYDENS DIE ONDERSOEK ONDERVIND IS

Die gebruik van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode in hierdie ondersoek het 'n unieke weergawe van elke deelnemer se waarneming en definiëring van die fenomeen wat ondersoek word, moontlik gemaak. Die volgende leemtes is egter ten opsigte van die navorsing ondervind:

- Die beperkte omvang van die ondersoek het tot gevolg gehad dat slegs 'n oorsig van die navorsingsprobleem onderneem kon word. Dit laat ruimte vir 'n diepgaande studie van die onderwerp "Die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare tydens die eerste 24 maande van die egskeidingsproses".
- Slegs 'n beperkte aantal deelnemers, naamlik drie kinders in die middelkinderjare wat hulle in die eerste 24 maande van die egskeidingsproses bevind, is by die empiriese ondersoek betrek, wat die veralgemening van die bevindinge beperk.
- Aangesien die deelnemers nie die volle populasie van kinders in die eerste 24 maande van die egskeidingsproses verteenwoordig nie, kan die resultate van die ondersoek nie na die breër populasie veralgemeen word nie. Die bevindinge kan dus net tendense aandui, wat weer verdere navorsing kan aanspoor.
- Bevindinge kan nie sonder meer veralgemeen word nie, aangesien elke deelnemer se definiëring van die wêreld en die fenomeen wat ondersoek is, uniek is.

- Die belangrikste nadeel van die toepassing van projeksiemedia is dat dit tydrowend is en baie data oplewer wat georden, geïnterpreteer, gekodeer en met mekaar vergelyk moet word.

## 4.5 ASPEKTE WAT VERDERE NAVORSING REGVERDIG

Voortspruitend uit hierdie ondersoek word aanbeveel dat die volgende onderwerpe moontlik verdere navorsing regverdig:

- die effek van egskeiding op die wil- en motiveringslewe van kinders in verskillende ontwikkelingsfases, en die gedragsmanifestasies van elke ouderdomsgroep
- spesifieke en/of verwante eienskappe van ouers wat hulle in die egskeidingsproses bevind, wat ‘n invloed op die wil en motivering van die kind in die middelkinderjare kan uitoefen
- die rol van ouerbegeleiding tydens die egskeidingsproses ten opsigte van faktore wat ‘n invloed kan op die wil en motivering van die kind in die middelkinderjare kan uitoefen
- ‘n effektiewe en/of aangepaste program vir onderwysers om kinders wat hulle in ‘n egskeidingsproses bevind, te help
- riglyne aan die opvoedkundige sielkundige ten opsigte van behandelingsmetodes wat gevolg kan word wanneer daar bevind is dat daar ‘n uitwerking is op die aard en kwaliteit van die wil- en motiveringslewe van die kind in die middelkinderjare

## 4.6 TEN SLOTTE

Die opvoedkundige sielkundige maak deel uit van ‘n boodskap van hoop aan kinders wat ‘n egskeidingsproses reeds belewe het en betekenis daaraan gegee het. Dit is belangrik dat elke opvoedkundige sielkundige die volgende in gedagte moet hou wanneer die wêreld van kinders wat reeds egskeiding beleef het, betree word: Die kind belewe elke aspek van die egskeidingsproses op ‘n unieke en individuele wyse, gee betekenis daaraan en is daarby betrokke. Hierdie betekenisgewing, belewinge en betrokkenheid van die kind tydens die egskeidingsproses kan ‘n effek op sy wil- en motiveringslewe hê. Verskeie interne en eksterne faktore maak deel van die egskeidingsproses uit, en dit bepaal die

omvang en intensiteit van die effek van die egskeiding op die konatiewe ontwikkeling (volisie) van die kind in die middelkinderjare.

# BIBLIOGRAFIE

# BIBLIOGRAFIE

Beck, R.C. 2004. *Motivation: theories and principles*. New Jersey: Pearson Prentice Hall.

Beyers, S. 1999. Geskei: 'n paar jaar later: hoe voel die kinders? *Rooi Rose* 57(18):24-26.

Butler, I., Scanlan, L., Robinson, M., Douglas, G. & Murch, M. 2003. *Divorcing children: children's experience of their parent's divorce*. London: Kingsley.

Clarke-Stewart, K.A., Vandell, D.B., McCartney, K. & Owen, M.T. 2000. Effects of parental seperation and divorce on very young children. *Journal of Family Psychology*. 14(2):304-326.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2000. *Research methods in education*. 5th edition. London: Routledge Flamer.

Cohen, R.J. & Swerdlik, M.E. 2002. *Psychological testing and assessment: an introduction to test and measurement*. 5th edition. Boston: McGraw-Hill.

Colman, A.M. 2006. *Oxford dictionary of psychology*. New York: Oxford University Press.

Deci, E.L. & Ryan, R.M. 2000. The "What" and "Why" of goal pursuits: Human needs and the self-determination of behavior. *Psychological Inquiry* 11(4):227-268.

Deci, E.L. & Vansteenkiste, M. 2004. Self-determination theory and basic need satisfaction: understanding human development in positive psychology. *Ricerche di Psicologia* 27(1):23-40.

De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. & Schurink, W.

1998. *Research at grass roots: A primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik.

Dreman, S. 2000. The influence of divorce on children. *Journal of Divorce and Remarriage* 32(3-4):41-71.

Engelbrecht, S. 2002. Die terapeutiese begeleiding aan die jong kind in die kindersorg wie se ouers op 'n onnatuurlike wyse gesterf het. MEd-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

*HAT*, vide Odendal

Harvey, J.H. & Fine, M.A. 2004. *Children of divorce: stories of loss and growth*. London: Erlbaum.

Kelly, J.B. 2003. Changing perspectives on children's adjustment following divorce: a view from the United States. *Childhood- A Global Journal of Child Research* 10(2):237-254.

Leibowitz, M. 1999. *Interpreting projective drawings: a self psychological approach*. Philadelphia: Taylor & Francis.

Lewis, A. 2004. *Lesings in Opvoedkundestudies BEd: Projeksietegnieke*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: Kagiso.

Mayan, M.J. 2001. *An introduction to qualitative methods: a training module for students and professionals*. Alberta: International Institute for Qualitative Methodology.

McCabe, R. 1995. Coping with crises. *Femina* (186):170-172.

Mcintosh, J. 2003. Enduring conflict in parental separation: pathways of impact on child development. *Journal of Family Studies* 9(1):63-80.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. 1997. *Research in education: a conceptual introduction*. 4$^{th}$ edition. New York: Longman.

Meyer, A.C. 2003. Riglyne aan die opvoedkundige sielkundige vir die hantering van die homoseksuele kliënt. MEd-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Meyer, K. 1999. Egskeidingsterapie vir laerskoolkinders. Proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. *Personologie van individu tot ekosisteem*. Johannesburg: Heinemann.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's & doctoral studies: a South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.

Muller, P.W. 1998. Die voorspelling van verandering in akademiese prestasie by kinders van geskeide ouers. MSC-verhandeling (Voorligtingsielkunde), Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.

Petri, H.L. & Govern, J.M. 2004. *Motivation: theory, research and application*. Belmont: Wadsworth/Thomson learning.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 2007. *Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek*. 3de uitgawe. Sandton: Heinemann.

Reeve, J. 2004. *Understanding motivation and emotion*. University of Lowa: Wiley.

Rogers, K.N. 2004. A theoretical review of risk and protective factors related to post-divorce adjustment in young children. *Journal of Divorce and Remarriage* 40(314):135-147.

Ryan, R.M. & Deci, E.L. 2000a. *Intrinsiek motiveringsvraelys*. http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/intrins.html

Ryan, R.M., Connell, J.P. & Deci, E.L. 2000. *Selfregulasievraelys*. http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html.

Ryan, R.M. & Deci, E.L. 2000b. Self-determination theory and the facilitation of intrinsic

motivation, social development, and well-being. *American Psychologist,* 55(1):68-78.

Ryan, R.M. & Brown, K.W. 2003. Why we don't need Self-esteem: One fundamental needs, contingent love, and mindfulness. *Psychological Inquiry* 14(1):27-82.

Salzwedel, I. 2004. Tot die dood ons skei. *Die Taalgenoot*:17-19.

Schick, A. 2002. Behavioral and emotional differences between children of divorce and children from intact families: Clinical significance and mediating processes. *Swiss Journal of Psychology* 61(1):5-14.

Smith, H. 1999. *Children, feelings and divorce: finding the best outcome*. London: Free Association books.

Smit, M. 1999. *Die taak van die maatskaplike werker met betrekking tot hulpverlening aan kinders betrokke by egskeiding.* Ongepubliseerde Magister Artium verhandeling Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Sternberg, R.J. 2004. *Psychology*. Toronto: Thomson Learning.

Thomas, J.R. & Nelson, J.K. 2001. *Research methods in physical activity*. 4th edition. United States of America: Human Kinetics.

UNISA. Departement Opvoedkundestudies. 2002. *Inleidende oriëntering: voorligting in opvoedkundige kontekste: Enigste studiegids vir OSV 451-3/OSV 411-R*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van der Westhuizen, H.R. 2003. *Die doelbewuste gebruik van die element van onsekerheid van die terapeut in gesinsterapie*. Proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Van Niekerk, P.A. 1988. *Die opvoedkundige sielkundige*. Stellenbosch: Universiteits-uitgewers.

Van Niekerk, P.A. 1990. Ortopedagogiese diagnostiek. Pretoria: Gutenberg.

Van Wyk, M.E. 2004. *Die belewenis van moeders van ATHV-Leerders*. MEd-

verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Wadsworth, B.J. 2004. *Piaget's Theory of Cognitive and Affective Development*. Boston: Pearson.

Wallis, C. 2004. What makes Teens Tick? *Time* 163 (23): 46-53.

Welman, J.C. & Kruger, S.J. 2001. *Research methodology for the business and administrative science*. 2nd edition. New York: Oxford University Press.

Whiteman, T.A. 2007. *Geskei – en die kinders?* Wellington: Lux Verbi.

Wolfaardt, T. 2002a. *Lesings in Opvoedkunde BEd: Sinsvoltooing*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Wolfaardt, T. 2002b. *Lesings in Opvoedkunde BEd: TAT en CAT*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

# BYLAAG A
# VOORBEELDE VAN VRAELYSTE

# BYLAAG A

## SELFREGULASIEVRAELYS

## DEEL 1

## AKADEMIESE SELFREGULASIEVRAELYS

## WAT IS DIE REDE DAT EK SEKERE DINGE DOEN?

Beantwoord die volgende vrae wat so eerlik moontlik. Dui aan hoe waar elkeen van die stellings hieronder vir jou is.

Naam: ____________________________

Ouderdom: ____________________________

Graad: ____________________________

Seun: ____________________________

Meisie: ____________________________

A. **Wat is die rede waarom ek my huiswerk doen?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is.

1. Die rede is dat ek wil hê die onderwyser moet dink ek is ‘n goeie leerder?

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

2. Die rede is dat ek in die moeilikheid sal kom as ek dit nie doen nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

3. Die rede is dat dit pret en lekker is

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

4. Die rede is dat ek sleg sal voel oor myself as ek dit nie doen nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

5. Die rede is dat ek die vak en die inhoud van die vak wil verstaan

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

6. Dit is wat ek veronderstel is om te doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

7. Die rede is dat ek dit geniet om my huiswerk te doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

8. Die rede is dat dit vir my belangrik is om my huiswerk te doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

B. **Wat is die rede waarom ek my klaswerk doen?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is:

9. Die rede is sodat die onderwyser nie op my skreeu nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

10. Die rede is dat ek wil hê die onderwyser moet dink ek is ‘n goeie student/leerder

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

11. Die rede is dat ek nuwe dinge wil leer

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

12. Die rede is dat ek sal skaam voel oor myself as ek dit nie doen nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

13. Die rede is dat dit pret en lekker is

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

14. Die rede is omdat dit die reël is

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

15. Die rede is dat ek dit geniet om my klaswerk te doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

16. Die rede is dat dit vir my belangrik is om my klaswerk te doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

C. **Wat is die rede waarom ek probeer om moeilike vrae in die klas te beantwoord?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is.

17. Die rede is dat ek wil hê die ander leerders moet dink ek is slim

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

18. Die rede is dat ek skaam voel oor myself as ek nie probeer nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

19. Die rede is dat ek dit geniet om moeilike vrae te beantwoord

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

20. Die rede is dat dit is wat ek veronderstel is om te doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

21. Die rede is date k wil uitvind of ek reg of verkeerd is

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

22. Die rede is dat dit pret is om moeilike vrae te beantwoord

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

23. Die rede is dat dit vir my belangrik is om moeilike vrae in die klas te probeer beantwoord

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

24. Die rede is dat ek wil hê die onderwyser moet mooi dinge oor my sê

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

D. **Wat is die rede waarom ek probeer om goed te vaar op skool?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is.

25. Die rede is dat dit is wat ek veronderstel is om te doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

26. Die rede is dat die onderwysers sal dink dat ek 'n goeie student/leerder is

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

27. Die rede is dat ek dit geniet om goed te vaar in my skoolwerk

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar Nie ☐ Glad nie waar nie ☐

28. Die rede is dat ek in die moeilikheid sal kom as ek nie goed vaar nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie Waar nie ☐

29. Die rede is dat ek baie sleg voel oor myself as ek nie goed vaar nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

30. Die rede is dat dit vir my belangrik is om te probeer goed vaar in my skoolwerk

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

31. Die rede is dat ek regtig trots sal voel op myself as ek goed vaar in my skoolwerk

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie Waar nie ☐

32. Die rede is dat ek moontlik 'n beloning kan kry as ek goed vaar

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

## MERKSKAAL VIR DIE AKADEMIESE SELFREGULASIEVRAELYS:

- Die eerste stap is om al vier die subskale se tellings te bereken deur die gemiddelde te kry van die items waaruit die subskaal bestaan.
- Baie waar = 4, Soort van waar = 3, Nie baie waar nie = 2 en Glad nie waar nie = 1
- Die vier subskale is: Eksterne regulasie, Introjeksieregulasie, Identifiserende regulasie en Geïntegreerde regulasie
- Die subskale met itemnommers wat geassosieer word met daardie subskaal word genoem:

  Eksterne regulasie: Items 2,6,9,14,20,24,25,28,32
  Introjeksie regulasie: Items 1,4,10,12,17,18,26,29,31
  Identifiserende regulasie: Items 5,8,11,16,21,23,30
  Geïntegreerde regulasie: Items 3,7,13,15,19,22,27

- Elke waarde wat die deelnemer aan die item gegee het, word dan langs itemnommer geskryf. As die deelnemer byvoorbeeld "Baie waar" by item 2 gesê het, is item 2 se waarde gelyk aan 4. Wanneer elke item se waarde by elke subskaal bereken is, word die totaal van al die itemwaardes bymekaargetel en deur die aantal items gedeel om die gemiddeld te kry.

  Byvoorbeeld subskaal eksterne regulasie:

  Itemwaarde (die waarde van 2+6+9+14+20+24+25+28+32 = totaal)
  Totaal van itemwaardes/hoeveelheid items
  Totaal van itemwaardes by subskaal Eksterne regulasie / 9 items = gemiddelde van die subskaal.

http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html

# SELFREGULASIEVRAELYS

# DEEL 2

# PROSOSIALE SELFREGULASIEVRAELYS

# WAT IS DIE REDE WAAROM EK SEKERE GEDRAG TOON?

Beantwoord die volgende vrae so eerlik moontlik:

**A Wat is die rede waarom jy 'n belofte hou wat jy aan vriende gemaak het?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is.

1. Die rede is sodat my vriende van my moet hou

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar Nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

2. Die rede is dat ek soos 'n slegte persoon sal voel as ek dit nie doen nie

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar Nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

3. Die rede is dat my vriende vir my sal kwaad word as ek nie my belofte hou nie

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

4. Die rede is dat ek dink dit is belangrik om beloftes te hou

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

5. Die rede is dat ek nie daarvan hou om nie beloftes na te kom nie

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**B Wat is die rede waarom jy nie 'n ander kind spot as hy/sy 'n fout gemaak het nie?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is.

6. Die rede is dat ek in die moeilikheid sal kom as ek dit doen

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

7. Die rede is dat dit belangrik is om mooi met ander te wees

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

8. Die rede is dat ek skaam sal voel oor myself as ek dit gedoen het

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

9. Die rede is omdat ander kinders nie van my sal hou as ek dit doen nie

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

10. Die rede is dat ek nie daarvan hou om gemeen te wees nie

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**C Wat is die rede waarom jy nie iemand slaan as jy vir hom/haar kwaad is nie?**
Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is.

11. Die rede is dat ek in die moeilikheid sal kom as ek dit doen

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

12. Die rede is dat ek wil hê ander kinders moet van my hou

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

13. Die rede is dat ek nie daarvan hou om ander te slaan nie

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

14. Die rede is dat ek nie ander wil seermaak nie

| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

15. Die rede is dat ek sal oor myself sal voel as ek dit doen

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

**D Wat is die rede waarom jy probeer om mooi met ander kinders te wees?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is:

16. Die rede is dat, as ek nie mooi is met ander kinders is nie, hulle nie van my sal hou nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

17. Die rede is dat ek in die moeilikheid sal kom as ek nie mooi met ander kinders is nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

18. Die rede is dat dit belangrik is om mooi met ander te wees

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

19. Die rede is dat ek sleg oor myself voel as ek nie mooi met ander kinders is nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

20. Die rede is dat ek nie daarvan hou om gemeen te wees nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

**E Wat is die rede waarom jy aan iemand hulp sal verleen as hy of sy in nood is?** Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is.

21. Die rede is dat dit belangrik is om hulp te verleen wanneeer dit nodig is

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

22. Die rede is dat ek in die moeilikheid kan kom as ek dit nie doen nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

23. Die rede is dat ek sal sleg oor myself sal voel as ek dit nie doen nie

Baie waar ☐ Soort van waar ☐ Nie baie waar nie ☐ Glad nie waar nie ☐

24. Die rede is dat ek wil hê mense moet van my hou

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |

25. Die rede is dat dit bevredigend is om hulp te verleen aan ander

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Baie waar | ☐ | Soort van waar | ☐ | Nie baie waar nie | ☐ | Glad nie waar nie | ☐ |

**MERKSKAAL VIR DIE PROSOSIALE SELFREGULASIEVRAELYS:**

- Die eerste stap is om al drie die subskale se tellings te bereken deur die gemiddelde te kry van die items waaruit die subskaal bestaan.
- Baie waar = 4, Soort van waar = 3, Nie baie waar nie = 2 en Glad nie waar nie = 1
- Die drie subskale is: Eksterne regulasie, Introjeksieregulasie, Identifiserende regulasie
- Die subskale met itemnommers wat geassosieer word met daardie subskaal word genoem:

  Eksterne regulasie: Items 3,6,11,17,22
  Introjeksie regulasie: Items 1,2,8,9,12,15,16,19,23,24
  Identifiserende regulasie: Items 4,5,7,10,13,14,18,20,21,25

- Elke waarde wat die deelnemer aan die item gegee het, word dan langs die itemnommer geskryf. As die deelnemer byvoorbeeld by item 2 "Baie waar" gesê het, is item 2 se waarde gelyk aan 4. Wanneer elke itemnommer se waarde by elke subskaal bereken is, word die totaal van al die itemwaardes bymekaargetel en deur die aantal items gedeel om die gemiddelde te kry.

  Byvoorbeeld subskaal eksterne regulasie:
  Itemwaarde (die waarde van 3+6+11+17+22 = totaal)
  Totaal van itemwaardes / anntal items
  Totaal van itemwaardes by subskaal Eksterne regulasie / 5 items = gemiddelde van die subskaal.

http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html

# INTRINSIEKEMOTIVERINGSVRAELYS

# DEEL 1

# TAAKGERIGTE EVALUERINGSVRAELYS

Dui aan hoe waar elkeen van die volgende stellings vir jou is deur van die volgende skaal gebruik te maak:

Naam: ______________________________

Ouderdom: ______________________________

Graad: ______________________________

Seun: ______________________________

Meisie: ______________________________

1. Terwyl ek aan die taak gewerk het, het ek gedink hoe baie ek dit geniet het

   1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
   Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

2. Ek het glad nie senuweeagtig gevoel om die taak te doen nie

   1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
   Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

3. Ek het gevoel dit was my keuse gewees om hierdie taak te doen

   1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
   Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

4. Ek dink ek is goed met hierdie taak

   1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
   Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

5. Ek het die taak baie interessant gevind

   1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
   Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

6. Ek het gespanne gevoel terwyl ek die taak gedoen het

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

7. Ek het gedink ek het redelik goed gedoen met hierdie aktiwiteit in vergelyking met die ander leerders

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

8. Dit was vir my genotvol om die taak te doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

9. Ek het ontspanne gevoel terwyl ek die taak gedoen het

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

10. Ek het dit baie geniet om hierdie taak te doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

11. Ek het nie regtig 'n keuse gehad om hierdie taak te doen nie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

12. Ek is tevrede met my uitvoering van die taak

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

13. Ek was angstig terwyl ek die taak gedoen het

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

14. Ek het gedink die taak was baie vervelig

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

15. Ek het gevoel dat ek doen wat ek wil doen terwyl ek aan hierdie taak gewerk het

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

16. Ek het vaardig gevoel tydens die taak

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

17. Ek het gedink die taak was baie interessant

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

18. Ek het gevoel daar word druk op my uitgeoefen terwyl ek die taak doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

19. Ek het gevoel ek moet die taak doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

20. Ek sal die taak beskryf as baie genotvol

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

21. Ek het die taak gedoen omdat ek nie 'n keuse gehad het nie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

22. Nadat ek 'n tyd lank aan hierdie taak gewerk het, het ek redelik vaardig gevoel

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

**MERKSKAAL VIR DIE INTRINSIEKEMOTIVERINGSVRAELYS:**

- Begin deur sekere van die itemtellings te wysig *(R = reverse scoring item*). Die volgende itemtellings by die intrinsiekemotiveringsvraelys deel 1 moet gewysig word: #2,9,11,14,19,21.
- Die itemtelling word gewysig deur die itemrespons van 8 af te trek. Die gewysigde telling word dan as itemtelling gebruik. Byvoorbeeld, as die deelnemer volgens die skaal 'n respons van 4 byitem 2 gee, moet die telling eers gewysig word deur dit van 8 af trek (met ander woorde 8-4=4), en die gewysigde telling word dan as itemtelling gebruik.
- Bereken dan die subskale se tellings deur die gemiddelde te kry van die items waaruit die subskaal bestaan.
- Die subskale met itemnommers wat met daardie subskaal geassosieer word, word genoem. (Die R agter sekere items beteken dat die item gewysig moet word)

Belanstelling/plesier/vreugde: Item 1,5,8,10,14(R),17,20
Waarneembare vaardigheid: Item 4,7,12,16,22
Waarneembare keuse: Item 3,11(R),15,19(R),21(R)
Drukking en spanning: Items 2(R),6,9(R), 13,18

http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html

# INTRINSIEKEMOTIVERINGSVRAELYS

# DEEL 2

# AKTIWITEITPERSEPSIEVRAELYS

Die volgende items gaan oor jou ervaring van 'n sekere taak. Antwoord asseblief al die items. Dui vir elke item asseblief aan hoe waar elkeen van die stellings vir jou is deur van die skaal gebruik te maak:

Naam: ____________________________

Ouderdom: ____________________________

Graad: ____________________________

Seun: ____________________________

Meisie: ____________________________

1. Ek glo hierdie aktiwiteit kan waarde vir myself inhou

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

2. Ek glo ek het 'n keuse gehad om hierdie aktiwiteit te doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

3. Terwyl ek hierdie aktiwiteit gedoen het, het ek gedink hoe baie ek dit geniet

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

4. Ek glo hierdie aktiwiteit is waardevol vir die verbetering van my gevoelens ten opsigte van egskeiding

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie — Soort van waar — Baie waar

5. Hierdie aktiwiteit was pret gewees om te doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

6. Ek dink hierdie aktiwiteit is belangrik om myself te verbeter

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

7. Ek het dit baie geniet om hierdie aktiwiteit te doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

8. Ek het nie regtig ‘n keuse gehad om hierdie aktiwiteit te doen nie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

9. Ek het hierdie aktiwiteit gedoen omdat ek dit wou doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

10. Ek dink ditis ‘n belangrike aktiwiteit hierdie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

11. Ek het gevoel ek het hierdie aktiwiteit geniet terwyl ek dit gedoen het

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

12. Ek het gedink dit was ‘n vervelige aktiwiteit hierdie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

13. Dit is moontlik dat hierdie aktiwiteit my gevoelens ten opsigte van my ouers se egskeiding sal kan verbeter

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐
Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

14. Ek het gevoel ek het geen keuse as om hierdie aktiwiteit te doen nie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

15. Ek het gedink dit was ‘n interessante aktiwiteit hierdie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

16. Ek is bereid om hierdie aktiwiteit weer te doen want ek dink dit is effens waardevol

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

17. Ek sal hierdie aktiwiteit beskryf as baie genotvol

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

18. Ek het gevoel ek moes hierdie aktiwiteit doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

19. Ek glo hierdie aktiwiteit te doen effens voordelig vir my wees

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

20. Ek het hierdie aktiwiteit gedoen omdat ek dit moes doen

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

21. Ek glo hierdie aktiwiteit kan my help om my ouers se egkskeiding beter te aanvaar

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

22. Terwyl ek hierdie aktiwiteit gedoen het, het ek gevoel ek het ‘n keuse

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie Soort van waar Baie waar

23. Ek sal hierdie aktiwiteit beskryf as pret

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie | Soort van waar | Baie waar

24. Ek het gevoel dit was nie my eie keuse om hierdie aktiwiteit te doen nie

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie | Soort van waar | Baie waar

25. Ek sal bereid wees om hierdie aktiwiteit weer te doen omdat dit ‘n mate van waarde vir myself inhou

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ 5 ☐ 6 ☐ 7 ☐

Glad nie waar nie | Soort van waar | Baie waar

**MERKSKAAL VIR DIE INTRINSIEKEMOTIVERINGSVRAELYS:**

- Begin deur sekere van die itemtellings te wysig (*R = reverse scoring item*). Die volgende itemtellings by die intrinsiekemotiveringsvraelys deel 2 moet gewysig word: #8,12,14,18,20,24.
- Die itemtelling word gewysig deur die itemrespons van 8 af te trek. Die gewysigde telling word dan as itemtelling gebruik. Byvoorbeeld, as die deelnemer volgens die skaal ‘n respons van 4 by item 2 gee, moet die telling eers gewysig word deur dit van 8 af trek (met ander woorde 8-4=4), en die gewysigde telling word as die itemtelling gebruik.
- Bereken dan die subskale se tellings deur die gemiddelde te kry van die items waaruit die subskaal bestaan.
- Die subskale met itemnommers wat met daardie subskaal geassosieer word, word genoem. (Die R agter sekere items beteken dat die item gewysig moet word)

Belanstelling/plesier/vreugde: Item 3,5,7,11,12(R),15,17,23
Waardebepaling/bruikbaarheid: Item 1,4,6,10,13,16,19,21,25
Waarneembare keuse: Item 2,8(R),9,14(R),18(R),20(R), 22,24(R)

http://www.psych.rochester.edu/SDT/measures/selfreg.html